| V | 20 | Komdt. F. Joubert (Fransheld) behaal oorwinning by B.H.Spruit, 1880. | 5 12 | 6 59 |
| S | 21 | Oud-oudl. G. J. Z. Helberg van Zoutpansberg oorlede, 1926. | 5 12 | 6 59 |
| S | 22 | | 5 13 | 6 59 |
| M | 23 | | 5 13 | 6 59 |
| D | 24 | | 5 13 | 7 0 |
| W | 25 | Kersfees. | 5 14 | 7 0 |
| D | 26 | Hoeksteenlegging van die Kerk van Potchefstroom, 1859. | 5 14 | 7 1 |
| V | 27 | Ds. G. C. Coetzee op Delarey georden, 1934. Ds. S. P. Viljoen op Durban georden, 1936. | 5 15 | 7 1 |
| S | 28 | Hoekst. gelê v. d. Eerste Kerkgebou i. d. Kaap, 1700. | 5 15 | 7 2 |
| S | 29 | Die Kerk van Germiston ingewy, 1917. | 5 16 | 7 2 |
| M | 30 | Jameson-inval, 1895. | 5 16 | 7 3 |
| D | 31 | Die Gemeente Heidelberg gestig, 1865. | 5 17 | 7 3 |

# VRUGTEBOME

— alle soorte, in volmaakte toestand, gekweek van boomsoorte wat vrylik dra. Elke boom word deskundig verpak. Appels, pere, pruime, kaalperskes, appelkose, perskes, suurlemoene, lemoene, olywe, okkerneute, ens. Meer as veertig jaar se ondervinding rugsteun elke boom.

**Stuur u naam en adres *NOU* om vry Katalogus en Pryse.**

**PICKSTONE'S**

SIMONDIUM . . . . KAAPPROVINSIE

**LAAT U VAKANSIEREËLINGS AAN ONS OOR**

EN REIS SORGVRY!

Een betaling sluit alle reiskoste en Hotel-akkommodasie in. Volledige reisplanne word verskaf.

**Om nadere besonderhede doen aansoek by die naaste**

**S. A. S. - TOERISTEBURO**

**of by enige Stasiemeester.**




## LIG VAN DIE HERVORMING

ROM. 3:28: *„Ons neem dus aan dat die mens geregverdig word deur die geloof sonder die werke van die Wet."*

DIE 31ste Oktober is 'n dag van groot betekenis vir die Protestante. Dit roep ons weer voor die gees wat in die jaar 1517 gebeur het toe Martin Luther sy 95 stellinge teen die Pouslike aflaathandel teen die Kerkdeur van Wittenberg vasgeplak het.

Dit was 'n geloofsdaad wat verreikende gevolge gehad het. Dit was die begin van die Kerkvorming, wat ons moet sien as 'n heerlike werk van die Voorsienigheid van God. Ons verenig ons met die beginsels van die Kerkhervorming, ons is dankbaar vir die vrugte wat ons mag geniet. Hierdie beginsels moet ons toepas, die vrugte behou — want hierin sit die krag wat van ons moet uitgaan tot verspreiding van die waarheid, en tot bevordering van die bloei en oorwinning van die Koninkryk van God. Daarom is dit of ons 'n stem verneem op die hervormingsdag: „Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie. (Openb. 3:11).

En as ons vra: wat tog moet ons so sorgvuldig bewaar, dan kan ons sê: „dit lê in die woorde van ons teks." „Regverdiging deur die geloof in Jesus Christus," dit is die groot beginsel wat die Kerkhervorming weer in ons christelike banier wil skrywe.

Ons dink by hierdie Hervormingsdag aan die wyse woord van koning Salomo: „een drievoudig snoer wordt niet haast gebroken." (Pred. 4:12).

En dan sal ons die drievoudige ketting sien as Paulus-Augustinus-Luther.

Regverdig deur die geloof in Jesus Christus. Dit is waarop Paulus soveel nadruk lê, wat hy met soveel krag verdedig en handhaaf. Paulus het nie moeg geword om dit toe te roep aan sy teenstanders, die Judaïste wat in naam die Kruis van Christus bely, as die enige middel tot behoud, maar al die voorskrifte van Moses weer wou invoer. Het die eerste kerk Paulus begryp? Ons moet sê ja, en nee! Die geloof het die leuse geword waaronder alle Christene teen die Joodse werke en heidense ongeregtighede gestry het. Maar tog gaandeweg het die mens

nie genoeg, net aan die geloof vir sy regverdiging by God nie. Daar moet iets bykom, en dit kon niks anders wees as die werke van geloof en liefde nie.

Nie uit die geloof alleen, soos Paulus dit gehandhaaf het nie, maar ook uit die werke, het nou meer en meer die wagwoord van die kerk geword.

Paulus se woord is nie reg verstaan nie. Die leer van genade bedoel nie 'n vrybrief om te sondig nie. Dit is nie 'n aanmoediging om in die sondige vlees te lewe nie. Maar tog het die tyd gekom dat die uiterlike bo die innerlike gestel is, dat die Joodse suurdeeg weer begin werk het. Geloof, vryheid en genade het niks meer as klanke geword nie. Verdien — dit het op die voorgrond gestaan. Soveel werk as jy maar kan, en dan, as loon van jou werk, wat nog ontbreek, van God verwag!

So is die regverdiging voor God deur goeie werke gesoek.

Toe tree Augustinus op (Geb. 354 n.C., overl., 430 n.C.) die beroemdste kerkvader van die Weste. Augustinus sien dat die kerk deur die optrede van Pelagius dreig terug te val in Joodse werkheiligheid. Met 'n sterke arm hef hy weer die banier van die genade omhoog. Ons verlossing, ons regverdiging, ons saligheid van die begin tot die einde is Gods werk, die werk van Gods genade in Christus, en van Gods Gees in die hart!

Dit is wat Augustinus helder in die lig stel. Maar tog, Augustinus het Paulus ook nie goed begryp nie. Hy was te veel kind van sy tyd, en te kragtig onder die invloed van die kerk. Die kerk was die middelares tussen God en die siel. So sien Augustinus die werke nie as vrugte van die geloof nie, maar as openbaringe van die geloof, waarvan die regverdiging voor God, die vrede van die gemoed afhanklik was.

So tree by Augustinus die Wet weer voor Evangelie, die eie werk voor die werk van Christus, die uiterlike godsdiens voor die godsdiens van die hart, en daarmee ook die heiligmaking in die plek. Toe is gepraat van die verdienstelikheid van die geloof en goeie werke.

So'n beskouing moes gevaarlik word vir die gelowige hart. Want ons hart is so hoogmoedig en ydel dat ons so maklik gretig die hande uitstrek na selfverheffing, en begin roem in eiegeregtigheid en eie krag.



So sien ons die Christenheid gesink aan die begin van die 16de eeu. Dit was of daar nooit 'n Paulus gelewe het om die gemeente tot geloof en vryheid te vermaan nie. So is die juk van Rome gewillig gedra. So is die gelowiges met gebooie en insettinge belas. Die godsdiens het opgegaan in ydele en nietige vorme.

Die persoonlike godsvrug was weg. In die plek daarvan het gekom fariseëse eiegeregtigheid.

Maar sien, God verwek 'n Luther om die afgedwaalde kerk terug te roep.

Die Evangelie het weer gaan klink. Paulus se leer word weer op die voorgrond geplaas, nl. die mens word geregverdig uit die geloof, sonder die werke van die Wet.

As Luther daar in die Kloostersel worstel vir die vrede van sy siel, dan gaan die heerlikheid van die lig van die Kruis ook vir hom op, soos eenmaal voor Paulus. Dit bring Luther tot die vaste oortuiging, dat geen werk in watter vorm ook, iets toebring tot ons regverdiging by God nie, maar dat die geloof alleen, die vertroue op Gods genade, die aanneming van die gawe van Christus met die kinderlik-gelowige hart, ons met vrede en blydskap laat wandel.

Dit is die groot betekenis van Luther in die Kerkhervorming. Dit is die lig wat Luther weer op die kandelaar geplaas het. Die vryheid van die gewete is weer in ere herstel. Gewetensvryheid beteken ons selfstandige oortuiging in ons betrekking tot God, op die heilige gebied van Godsdiens. Vir geen ander gesag word gebuk as die gesag van Gods Woord, en geen ander stem gehoorsaam as die stem van die Heilige Gees nie.

Waar Rome die gewete aan bande gelê het, deur menslike gesag op te lê deur priesterheerskappy, onfeilbaarheid van die Pous, daar eis die Protestant vryheid van ondersoek, vryheid van prediking, belydenis en lewe.

Die Bybel is deur Luther weer in die hande van die gelowige gebring. Die Bybel — wat 'n goudmyn is dit nie? Watter skatte van raad, bemoediging en vertroosting lewer dit nie op vir elkeen wat daarin graaf, en hoe dieper hy dit doen, des te ryker die skatte.

As Walter Scott op sy sterfbed om 'n boek vra, en hom gevra word: „Watter boek?" dan antwoord hy: „daar is maar slegs één boek: die Bybel."

Chrysostomus ag die lees van die Heilige Skrif, „'n omgang met God."

Luther noem die Bybel die beste en verhewenste boek, vol troos in alle omstandighede, wat op 'n geheel ander wyse geloof, hoop en liefde leer dan die verstand kan uitdink. En Rousseau het uitgeroep: „Bewonder! Die Skrifte van die wysgere met al hulle praal, hoe nietig is dit by die Boek! Die heiligheid van die Evangelie spreek tot my hart. Is dit moontlik dat so'n verhewe en tewens so'n eenvoudige boek die werk van die mense is?"

Dit het Luther weer vir ons besorg. Die Evangelieprediking gaan onbelemmerd voort. Maar hoe anders was dit in die eerste dae van die Hervorming!

Die predikers en hoorders het almal aan groot gevare blootgestaan. In die verborge moes hulle die Bybel lees en gestig word. Die bloedplakkate was streng. En diegenes wat ontdek is, vir hulle het die pynbank, skavot of brandstapel gewag. Maar u vra miskien: Is daar gevaar dat die kosbare skat ons weer ontruk sal word?

Rome het nog nie verander nie. Dit bly teen die vryheid gekant. Dit wil nog steeds oor die gewetens heers.

Dit strewe na uitbreiding en mag. Dit tree met uiterlike vertoon op. Dit laat sig geld en probeer in die openbaar en verborge invloed uitoefen.

Hervormde Christenheid! Hou vas wat u het. Wees getrou aan u roeping. Waardeer u voorregte. Gebruik u seëninge. Handhaaf u regte. Toon die krag van u beginsels!

Maar daar word 'n beskuldiging gerig aan die adres van die Hervormde Christene. En dit is die beskuldiging: die leer van die genade maak sorgelose en goddelose mense. Dit gee vryheid om te lewe na die goeddunke van die hart; in handel en wandel is die mense ver benede die heilige roeping waarmee Gods genade hulle roep.

Dié beskuldiging kan nóg teen die Heilige Skrif, nóg teen Paulus in eerlikheid geslinger word.

Die Bybel leer nie en Paulus het nooit geleer dat die genade van God, die regverdiging uit die geloof alleen, losbandige Christene moet maak nie. Nee, inteendeel is dit so dat diegenes wat geregverdig is uit die geloof, in heiligheid des lewens sal wandel — ja, dat dit onmoontlik is dat wie 'n waaragtige geloof in Christus besit, nie vrugte van dankbaarheid sou voortbring nie.



Maar dan moet die geloof, 'n geloof van die hart wees. Dit moet nie alleen 'n verstandelike geloof wees nie — net vir waar hou, toestem en beaam met die verstand wat ons deur opvoeding en onderwys geleer het — dit sou seer seker in losbandigheid geopenbaar word.

Die genadeleer moet die hart raak. Dit is nie daar vir verontskuldiging, om agter weg te skuil, om die genade 'n oorkussing te maak om in die sondes te bly voort slaap nie. Nee, die geloof wat die Heilige Skrif ons voorhou en waarop Paulus doel, is nie alleen 'n saak van die verstand nie, en allermins 'n leerstelsel. Nee, dit wortel dieper, naamlik in die hart, waaruit die uitgange van die lewe is.

Die geloof is soos Luther gesê het: die regte, waaragtige lewe in God self. Wat 'n heilige roeping! Hoe moet ons dit waardeer en standvastig bewaar. Ons mag nie duld dat dit aangerand word nie. Teen alle inbreuk op die kosbare pêrel moet ons waak en ons verset. Handhawing en verdediging is ons heilige roeping!

Wat 'n roepstem van dubbele waaksaamheid! Want aan die anderkant moet ons ook nie uit die oog verloor nie — die ongeloof verhef luid die stem, by geleerdes, onkundiges, aansienlikes en geringes en veral by die opkomende geslag.

Hoeveel wend hulle af van die Evangelie, en het reeds met die Christendom gebreek! Hoe breed is die stroom van die praktiese ongeloof! Die onverskilligheid neem toe. Duisende stel alleen belang in die dinge wat 'n mens tas en sien, en bekommer hulle weinig oor die ewige dinge.

Laat ons eet en drink, want more sterwe ons, is die oue, maar ook altyd nuwe leuse!

En waar is die geestelike krag van die gemeente? Gaan daar besieling, geesdrif, opgewektheid en moed van haar lede uit? In kort, waar is die geloof wat die wêreld oorwin?

Hervormdes word ons genoem! Maar blyk ons waarlik hervormd deur die vernuwing van ons gemoed?

Protestante noem ons ons, en ons is trots op die titel, maar protesteer ons teen die sonde in ons en rondom ons?

Laat ons vertrou, in opregtheid erken en voor God bely, en laat ons dan met die skuldbelydenis, onder biddend opsien na bowe, getrouer en beter ons heilige roeping nakom in handel en wandel.

En laat ons as kinders van die Hervorming God dank vir die gawe waarmee die Hervorming die Christelike Kerk geseën het!

F. J. Z. BOOYSEN.



Ds. LOUIS ERNST BRANDT.

Die Ned. Hervormde Kerk het met die afsterwe van ds. L. E. Brandt 'n swaar verlies gely. Vyf-en-dertig jaar het hy die Evangelie in ons land verkondig en vir duisendes was hy tot seën. Hy is op 21 Oktober 1873 in Zoeterwoude, Zuid-Holland, gebore waar sy vader burgemeester was. Die familie Brandt is oorspronklik uit Denemarken afkomstig en was later 'n deftige Hollandse koopmansfamilie, 'n patrisiese geslag. Sy

*Wapen van die familie Brandt.*

moeder was Emilie Marie Dorothée Labouchère en het tot 'n ou Hollandse aristokratiese geslag behoort. Hy het in Utrecht gestudeer en het in die studentewêreld van sy dae 'n belangrike plek ingeneem. So was hy lid van die Senaat van die Utrechtse Studente Corps. Ook was hy lid van die bekende en beroemde Teologiese Geselskap Secor Dabar wat 'n oue en eervolle tradisie het en waartoe ook verskeie Afrikaners behoort het. In die sportwêreld was hy 'n gevierde roeier en het selfs 'n wêreldkampioenskap verower.

Sy vader was later burgemeester van Velp, naby Arnhem, en toe die bekende Leidse hoogleraar J. H. Gunning emeritus geword en in Arnhem gaan woon het, het die student Brandt baie met hom in aanraking gekom en sy invloed sterk ondergaan. Gunning was 'n apostoliese figuur van wie gesê kan word dat hy met God gewandel het. Ds. Brandt het sy hele lewe deur 'n verering vir hom gehad en soms kon hy bewoë word as hy van hom praat.

Toe sy studietyd voltooi was het hy nog 'n tydlang as sekretaris van die Nederl. Christen Studenten Vereniging opgetree. In Januarie 1901 is hy as predikant van die Ned. Hervormde gemeente Niezyl bevestig en in Augustus 1902 het

hy in die huwelik getree met Johanna van Warmelo, 'n dogter van ons vroeëre Transvaalse predikant N. J. van Warmelo. Hierdie huwelik het die lewensweg van ds. Brandt na Suid-Afrika gevoer en op 8 April 1904 is hy te Pietersburg deur wyle ds. M. J. Goddefroy as predikant van Zoutpansberg en Waterberg bevestig.

Hierdie eerste arbeidsveld van ds. Brandt was verbasend uitgebreid. Dit het die hele Noordelike deel van Transvaal omvat, 'n gebied wat vandag uit nege gemeentes bestaan en deur vier predikante bearbei word. Die werk was moeilik. Die land was deur die Engelse plat gebrand en die bevolking deur die verwoestings van die Engelse oorlog totaal verarm. Hy moes oral die mense opsoek en die kerklike sake reorganiseer. Dit het moeilik gegaan. Die rygoed was skaars en soms was hy weke lang van huis. Maar niks was te swaar nie. Hy, die deftige aristokraat wat hom in die paleise van die hoog-geplaastes op sy gemak gevoel het, het hom net so maklik beweeg in die hutte van die armes. Menigmaal het hy op sy diensreise saam met 'n ouderling onder een kombers in die veld geslaap.

In 1908 is ds. Brandt na Johannesburg. Vandag tel die Rand—sonder Krugersdorp—elf gemeentes met ses predikante en vind ons daar pragtige kerkgeboue wat sierade vir die land is. Toe ds. Brandt daar gekom het was alles een gemeente en dit nog sonder een enkele kerkgebou. Ds. Brandt is dan ook die grondvester van onse kerk op die Rand. Later is hy na Vereeniging, maar in 1930 is hy weer na die Rand terug waar hy tot aan sy dood toe gearbei het.

As eenmaal die argiewe van die Ned. Hervormde Kerk van die eerste veertigtal jare van onse eeu bestudeer word en die geskiedenis te boek gestel word, sal blyk watter groot betekenis ds. Brandt vir die kerk as geheel gehad het. Sy belangstelling was nie tot sy eie gemeentes beperk nie, maar was tot die hele kerk uitgestrek. Vroeër het hy baie geskryf. Eers in die ou Transvaalse Kerkbode waarvan prof. dr. P. J. Muller die redakteur was, en daarna in *Die Hervormer* wat onder leiding van ds. Van Belkum op die Transvaalse Kerkbode gevolg het. Vir die Almanak het hy gereelde bydraes gestuur. Toe hy in Transvaal gekom het, het hy soveel moontlik 'n studie gemaak van die geskiedenis van onse kerk. Hy het dit gedoen omdat buitekant die Hervormde Kerk die mees sonder-



linge voorstellings van ons kerklike verlede gegee is. In die eerste uitgawe van die Almanak in 1907 het hy 'n lewens-beskrywing van ds. Van Warmelo gegee waarin hy tal van skewe voorstellings reg gesit het. In *Die Hervormer* van 15 September 1909 het hy 'n stuk geplaas oor die ontstaan van die Hollandse kerke in Transvaal en waarin hy opgekom het teen wanvoorstellings wat ds. P. G. J. Meiring hiervan in 'n lesing gegee het. Dit is miskien interessant om mee te deel dat dit die toenmalige argivaris van Kaapstad was, die heer H. C. Vos Leibbrandt, wat ontevrede was oor die foutiewe voorstellings van ds. Meiring en dat dit na aanleiding hiervan was dat ds. Brandt 'n weerlegging van ds. Meiring se lesing gepubliseer het.

In 1916 het ds. Brandt voorsitter van die Algemene Kerk-vergadering geword en dit tot 1937 gebly. Op waardige wyse het hy gelei en die kerk verteenwoordig.

Ons kan nie die naam van ds. Brandt noem sonder om aan die onvergeetlike ds. Jac. van Belkum te dink nie. Hulle twee was groot vriende en het same 'n reuse werk vir die kerk verrig. Hulle was ook die twee voorvegters vir die oprigting van die opleiding van die predikante van die kerk. Ons kan hulle twee van die vaders daarvan noem. Hulle was vriende van professore en studente. God het hulle werk geseën. Die vrugte word vandag gesien.

S.P.E.

---

Jezus, mijn Verlosser, leeft!
'k Zal, als Hij, onsterf'lijk wezen,
Zijn, waar Hij, mijn Heiland, leeft;
Waarom zou ik dan nog vreezen?
't Heerlijk hoofd is opgewekt,
Dat zijn leden tot zich trekt.

Ik ben stof, dit sterflijk vleesch
Zal tot stof eens wederkeeren;
Maar gelijk Hij zelf verrees,
Wekt ook mij de stem des Heeren;
En in 't rijk der heerlijkheid
Blijft een woonsteê mij bereid.



Dr. H. C. M. FOURIE.

Gevoelige slae het die Kerk in die jaar 1939 getref. Eers die afsterwe van ds. L. E. Brandt wat op sulk 'n tragiese wyse plaasgevind het, en toe die plotselinge dood van dr. H. C. M. Fourie. Dit is slae wat diep gewond het.

Dr. Fourie was 'n leerling van die ou Staatsgimnasium van die Suid-Afrikaanse Republiek. Hy het egter na Holland gegaan om die gimnasium daar verder af te loop, maar voor hy sy eind eksamen kon doen het die oorlog van 1899 uitgebreek en is hy terug om te help veg. Sy vader, generaal J. C. Fourie is gesneuwel en kort na die vrede is ook sy moeder oorlede. Fourie is toe na Holland terug en is na aflegging van die staatseksamen na die Utrechtse Universiteit waar hy in die teologie gestudeer het. Hy het hard gewerk en het in 1910 die doktorale eksamen afgelê. Aan die universiteit was hy lid van die bekende teologiese vereniging Secor Dabar, waarin hy



warme vriende gehad het. In daardie dae was die nou reeds oorlede ds. G. J. A. Jonker een van die Hervormde predikante. Hy was 'n bekwame prediker en Fourie is baie deur hom beïnvloed. Dit was so sterk dat 'n Suid-Afrikaner wat Fourie as predikant goed geken het, in Holland gekom het en daar in Utrecht ds. Jonker hoor preek het, en na die kerk aan 'n mede-Afrikaner sê dat dit vir hom was of hy Fourie gehoor het. Toe hy nog op die gimnasium was het hy in die vriendelike gesin van die waardige ds. A. de Haan te Zwolle logeer, en ook later het hy daar dikwels gekom. Nadat Fourie met mej. de la Riviere getroud is, is hy na Transvaal terug en in Januarie 1911 is hy as predikant van Bronkhorstspruit bevestig. In daardie dae is algemeen gedink dat ds. Fourie een van die hooglerare van die opleiding van onse predikante sou word. Hy is ook inderdaad in 1912 saam met ds. J. van Belkum as sulks benoem, maar het vir die benoeming bedank. In 1914 het die gewapende protes teen die deelname aan die toenmalige wêreldoorlog plaasgevind, en ds. Fourie het daaraan deelgeneem. Saam met tal van ander persone is hy toe vir 'n geruime tyd in die fort te Johannesburg opgesluit. Na die tyd is hy weer na sy gemeente terug waar hy tot 1924 gearbei het toe hy na Johannesburg is. In 1930 het hy 'n beroep na Groot Marico aangeneem waar hy tot aan sy dood toe werksaam was.

In 1922 is hy as skriba van die Algemene Kerkvergadering gekies, as opvolger van ds. Jac. van Belkum. Hy het die benoeming nie aangeneem nie. Hierdie bedanking, net soos die bedanking vir hoogleraar in 1912, het gemaak dat die gawe en talente van dr. Fourie, wat inmiddels tot doktor in die godgeleerdheid gepromoveer het, nie so tot hulle reg gekom het as wat andersins die geval sou gewees het. Hy het egter as een van die vertalers van die Ou Testament in Afrikaans aan kerk en volk 'n groot diens bewys. Hy was goed onderleg in die Ou Testament want hy het die beroemde professor J. J. P. Valeton as leermeester gehad. Sy spesiale teologiese studie was egter nie die Ou Testament nie, maar die godsdiensgeskiedenis waarin hy ook gepromoveer het. Hy het hom dan ook altyd 'n leerling van prof. dr. H. Visser gevoel. Viral van Bantutale het hy 'n groot kennis gehad. Die regering van die Unie van Suid-Afrika het jare gelede hiervan gebruik gemaak deur hom op 'n kommissie te benoem wat bepaalde naturelle aangeleenthede moes ondersoek. En nou is hy heen gegaan. Sy nagedagtenis sal nog lank in die Kerk voortleef.

S.P.E.

# DIE AANLEG VAN TRANSVAAL

Die materialistiese opvatting dat landhonger die oorsaak van die Groot Trek was, kan wetenskaplik nie verdedig word nie. Die oorsaak het veel dieper gelê, en wel in die ontwaking van die nasionale selfbewussyn wat in die agttiende eeu nog sluimerende was maar in die negentiende eeu wakker geskud is. Hierdie nasionale selfbewussyn is 'n vrug van die Kalvinistiese Hervorming wat vanaf 1652 uit Holland na Suid-Afrika oorgeplant is. Die predikante wat gedurende die Hollandse bewind van die sewentiende en agttiende eeu hierheen gekom het, was algar — sonder een enkele uitsondering — Hollandse Kalviniste, al was daar miskien 'n paar wat van Duitse geboorte was. Na die Kerkhervorming en voor die Franse Revolusie was daar byna uitsluitend in Holland, Engeland, Switserland en Amerika sprake van staatkundige vryheid. Dit was aan die Kalvinistiese beginsel te danke. Die Lutherse Reformasie het nie 'n skeppende gedagte gehad nie. In Duitsland is ook na die Hervorming die staatkundige lewe van die middeleeue voortgesit. Met die Kalvinisme was dit anders. Dit het 'n krag besit wat die Lutherse Reformasie gemis het, 'n krag om uit 'n eie beginsel 'n eie stelsel vir die staatslewe af te lei, 'n krag wat aan sy republikeinse karakter selfs onder 'n monargale staatsvorm herken word. Kalvyn het gedoen wat Luther nie kon doen nie: hy het nasionaliteite gestig. Ook in Suid-Afrika. Hierdie nasionalisme, gebore uit die Kalvinisme, was teen die end van die agttiende eeu in Suid-Afrika so sterk dat dit kragtige lewenstekens begin gee het. Dit was ook die tyd van die Franse Revolusie, en net soos dit in Amerika die geval was, het die Kalvinistiese vryheidsdrang tydelik met die vryheidsbeginsels van die Franse Revolusie in een koers geloop. Maar waar hierdie twee hulle ontstaan aan twee verskillende godsdienstige en lewensbeskouings te danke had en uit twee verskillende lewensbodems gegroei het, daar moes dit op 'n boedelskeiding uitloop. Die Franse Revolusie wil die skepsel van sy Skepper emansipeer, terwyl die Kalvinisme weer juis die teenoorgestelde doen: dit wil die skepsel geheel en al aan sy Skepper onderwerp. Ons sien dieselfde twee onversoenbare beginsels by die Humanisme en die Kerkhervorming. Tot op sekere hoogte het altwee dieselfde doelstelling gehad, maar om-



dat altwee uit 'n ander lewensbeginsel gespruit het, moes daar 'n skeiding kom. Die Humanisme het in die mens gewortel terwyl die Kerkhervorming sy uitgangspunt in God geneem het.

Die boedelskeiding tussen die revolusionaire vryheid van die Franse Revolusie en die Kalvinistiese Volksvryheid — die christelike demokrasie — het in Amerika plaasgevind toe die volk aan die end van die agttiende eeu met beslistheid vir Genève en teen Parys gekies het. En toe Holland in 'n tyd van staatkundige koorsagtigheid sy deure vir die Paryse beginsels oopgesit het, was die Kalvinistiese vryheidsgedagte tog so sterk dat 'n samegaan met die Franse Revolusie uitgesluit was. Dieselfde geld vir Suid-Afrika. Die beginsels van die Franse Revolusie het hier nie ingang gevind nie. Hierdie Kalvinistiese vryheidsbeginsel het in Suid-Afrika geseëvier en gemaak dat hier geen bodem was vir beginsels van die revolusionaire gedagtes om te ontwikkel nie. Hierdeur was dit dan ook dat die Groot Trek geen spore van revolusie vertoon nie. Dit was nie 'n onderstebo kering van die bestaande orde nie, maar 'n rustige ontplooiing wat uiteindelik gevoer het tot die ontstaan van twee veelbelowende Republieke en wat na die oorrompeling daarvan tot 'n kragtige Suid-Afrikaanse Nasionaliteit uitgegroei het.

Die Drakensberge het in die hele Trek-beweging 'n groot skeidsmuur gevorm waardeur dit in twee koerse uiteengeloop het. Die Voortrekkers aan die westekant van daardie berge het begin om hulle in die noordelike deel van die teenswoordige Oranje Vrystaat te vestig met Transvaal as mikpunt en Delagoabaai as handelsplek. Aan die oostekant weer wou die mense Natal as hulle tuiste maak met Port Natal as seehawe. Die geskiedenis van die Voortrekkers aan die westekant van die Drakensberge gedurende die eerste nege jaar van die Trek het egter minder aandag geniet as dié aan die oostekant, Natal. Dit is heeltemal begryplik. Die verraderlike wyse waarop Piet Retief en sy manskappe deur Dingaan omgebring is, die moorde langs die Bloukrans- en Boesmansriviere, en die slag van Bloedrivier met die gelofte wat nou nog jaarliks deur die lengte en breedte van die land herdink word, het gemaak dat die aandag van die nageslag wat die eerste jare van die Trek aanbetref, hoofsaaklik op Natal gevestig is. Tog is die gebeurtenisse ten weste van die Drakensberge, die wêreld van Potgieter, nie van minder belang nie. Waar Andries Pretorius op Dingaansdag en met die veldslae wat later daarop gevolg het, die kaffermagte ten ooste van die Drakensberge gebreek het, daar het

Hendrik Potgieter dit met die slag van Vegkop en die veldslae wat daarop gevolg het, ten weste van die Drakensberge gedoen. Van die vroegste geskiedenisse van Natal het daar baie meer historiese dokumente oorgebly as van die Potgietertrek, en dit is soms moeilik om die geskiedenis van die Voortrekkers op die Vrystaatse Hoëveld en in Transvaal in die juiste perspektief te sien. Van die kerklike toestande onder Potgieter is daar nog minder bekend.

Die Kaapse Goewerneur, sir Benjamin D'Urban het hom in 'n brief aan lord Glenelg, die Britse Sekretaris van Staat in Londen, op 29 Julie 1837 op die volgende wyse oor die Trekkers uitgelaat:—

> "It is (a) matter of deep regret that a large proportion of the Farmers who have emigrated are of the oldest and most respectable members of the Districts to which they belonged, and are in themselves, as a brave, patient, industrious, orderly and religious People, an incalculable loss to the Colony in whatever view they may be regarded — whether as the cultivators, the defenders, or the tax contributors of the country which they quitted, and from which they have also naturally carried away all their property and possessions, as well of moveables as of cattle, sheep and horses."

Hierdie eienskappe van die Voortrekkers het nie alleen gemaak dat hulle die skeppers was van 'n eie staatkundige organisme nie soos voor die tyd in Suid-Afrika onbekend was, maar ook dat hulle 'n lewende geloofslewe had en die skeppers was van 'n selfstandige kerklike liggaam wat die krag van hulle hele beweging was. Die Kerk was by die Voortrekkers die vernaamste. Met hulle vertrek uit die Kaapkolonie het hulle alles agtergelaat wat nie met die ossewa saamgeneem is nie: huis en haard, plase, landerye, losse en vaste eiendomme en het in 'n nuwe land nuwe woonstede gebou. Hulle het hulself vergoed losgemaak van alle Kaapse organisasies, staatkundige, sowel as kerklike, en in die nuwe land 'n nuwe eie staat in die lewe geroep, en die Kerk daar georganiseer, net so los en vry van die Kaapse Kerk as wat hulle Republiek los en vry was van die Kaapse staatkundige organisme. Hulle het self hulle kerkraad ingestel en het alle moontlike moeite gedoen om 'n predikant uit die Kaapse Kerk te kry. Dit was egter tevergeefs. Die Kaapse Kerk was op pad om deur die Engelse gees geabsorbeer te word en was bitter teen die Trek gekant. Die nasionale dryfkrag van die Trek kon deur die Kaapse kerklike leiers nie verstaan word nie. Die scriba van die Kaapse Sinode van 1837,



ds. Wm. Robertson, het in die Trek niks anders kon sien as die „foolish idea" van 'n klomp half simpel mense. In woord en geskrif het hy teen die Trek ingegaan. Die Sinode van 1837 het 'n herderlike brief uitgevaardig om die mense te waarsku teen die Trek, en om daardie „Nomaden" tog nie te volg nie, en by die agtergeblewenes aangedring om tog aan die Britse owerheid gehoorsaam te wees. Op aanbeveling van die Kaapse Goewerneur, Sir George Napier, het verskillende predikante teen die Trek te keer gegaan. In 1840 wou ds. Reid van Colesberg en ds. Taylor van Cradock die Voortrekkers in die Vrystaat gaan besoek en het daartoe verlof van die Ring van Graaff-Reinet gevra. Die Ring het aan ds. Taylor wel verlof gegee, maar onder uitdruklike voorwaarde om nie doop of Avondmaal onder die Trekkers te bedien nie. Dit was 'n sydelingse sensuur wat die Ring op die Voortrekkers toegepas het, en van die besoek het toe verder niks gekom nie. Die Ringspredikante was Skotte, aangestel met die doel om die Afrikaner met die geestelike swaard te beveg. Deur hierdie optrede het die bande tussen die Voortrekkers en die Kaapse Kerk losser en losser geword.

Die mense moes toe ander planne maak. By die Trek van Gert Maritz was 'n Hollander, 'n gewese sendeling, met die naam van Erasmus Smit. Hy was getroud met 'n suster van Maritz, en op die aandrang van verskillende mense het hy toegestem om „ofschoon oud en ziekelijk," hulle as leraar te vergesel. Sommige mense, veral uit die laer van Potgieter, was nie met hom tevrede nie. Een beswaar was blykbaar teen sy ordening. Sy geestelike werksaamheid was tot Natal beperk, aan die ooste kant van die Drakensberge.

Aan die westekant van die Drakensberge is die Ned. Hervormde Gemeente van Potchefstroom die oudste Voortrekkergemeente. As stigtingsdatum van 'n gemeente moet genoem word die dag toe die eerste kerkraad ingestel is. Potchefstroom het sy eerste kerkraad in 1842 gekry. In die Jaarboek van die Ned. Geref. Kerk word as stigtingsdatum van Winburg ook die jaar 1842 opgegee. Dit is egter fout. Wel het eerwaarde Lindley in daardie jaar kinders in daardie deel van die Vrystaat gedoop, maar 'n kerkraad is nie ingestel nie. Dit is onseker wanneer daar vir die eerste keer 'n vaste kerkraad in die lewe geroep is. Voor 1844 het dit waarskynlik nie gebeur nie, want in die notule van die Natalse Volksraad word wel vermeld dat hierdie liggaam op opdrag van die Adjunk-raad, waar Winburg ook onder geval het, op 23 Februarie 1842 vir Potchefstroom aangestel het, maar van Winburg word niks gesê nie. Bowendien was Potchefstroom in die vroegste jare die middelpunt van die Voortrekkers aan die westekant van die Drakensberge — nl.

die teenswoordige Noordelike Vrystaat en die teenswoordige Transvaal. Dit was Andries Hendrik Potgieter wat hierdie wêreld vir die witman ontgin het.

Potgieter het soos reeds gesê, sy oë op die Noorde gehad, op Transvaal, en op afspraak met hom het Trichardt in 1836 reeds oor die Vaalrivier getrek, en daarna tot aan die Zoutpansberge deurgedring. Potgieter het begin om die grond tussen die Vet- en die Vaalrivier van die kafferkaptein Makwana te ruil. In die winter van 1836 is hy na die Noorde, na Trichardt, en het hom met sy trek aan die Zoutpansberge aangetref. Toe hy weer by sy laers op die gemelde gronde terugkom, vind hy dat die Matabeli-hordes op punt was om sy mense uit te moor. Op 16 Oktober 1836 is die kaffers te Vegkop onder leiding van Potgieter verslaan. Soms word gesê dat Celliers die leiding gehad het en nie Potgieter nie. Maar 'n kritiese bestudering van die historiese bronne voer mens maar tot één slotsom: dit wat Potgieter wat die leiding op hom had by Vegkop.

Die eerste Voortrekker-bestuur is in Desember 1836 opgerig. Potgieter was daarvan die sentrale punt. Onder sy leiding het die eerste strafekspedisie teen Silkaats in Januarie van die volgende jaar plaasgevind. Die afloop was baie suksesvol. Ná die afloop daarvan, in April 1837, het Piet Retief hom met 'n nuwe trek uit die Kaapkolonie by die mense op die Vrystaatse hoëveld gevoeg. Retief wou nie die koers van Potgieter volg nie. Hy wou die Drakensberge oor gaan, Natal-toe. Potgieter het met hierdie koers nie saamgegaan nie. Hy wou 'n staat aanlê aan die westekant van die Drakensberge en hy had goeie redes. Hy het reeds, soos ons gesê het, 'n groot stuk grond geruil, en het Silkaats al 'n heel ent uit die land verdryf en het aan 'n tweede strafekspedisie gedink. Ook het hy nie veel vertroue in Port Natal gehad nie omdat daar alreeds 'n soort Engelse nedersetting was. Delagoabaai het hom dan ook meer aangestaan om as sy handelshawe te dien. Maar Retief en Maritz het volgehou om Natal-toe te gaan. Hulle was meer geleerd as Potgieter en het dadelik al 'n groot aanhang gehad, hoewel baie van die eerste Trekkers aan Potgieter se koers vasgehou het.

Na die koms van Retief is 'n nuwe Voortrekker-bestuur in die lewe geroep en Potgieter is heeltemal geëlimineer. Dit is gemaak of hy en sy ingestelde bestuur nie daar was nie. Waarskynlik was die twee koerse, Natal en Transvaal, die agtergrond van die uitskakeling van Potgieter. Terwyl hy hom vir 'n



tweede strafekspedisie teen Silkaats klaarmaak, het Retief voorbereidings getref vir 'n besoek aan Dingaan om van hom grond te kry. Retief se besoek het in Oktober geval en Potgieter se strafekspedisie in November. Retief het die belofte van Dingaan ontvang dat hy onder sekere voorwaardes grond kon kry. Potgieter se strafekspedisie het baie goed geslaag. Silkaats is uiteindelik tot oor die Limpopo gedryf en sy gebied is deur die Voortrekkers geannekseer. Hulle kon nou rustig oor die Vaalrivier trek en daar gaan woon. Retief het met sy mense oor die Drakensberge getrek nog voor dat hy finaal die grond van Dingaan ontvang het. Hy is op 6 Februarie 1838 in Dingaan se stat vermoor en twee weke later is baie Voortrekker-laers by Bloukrans uitgemoor.

Hiermee is Potgieter se weersin in Natal versterk. Na die vermoording van Retief het Maritz die leiding van sake in Natal gehad, maar hy is gou dood en toe het Uys daar aan die hoof van sake gekom. Uys wou Dingaan gaan aanval en Potgieter se hulp is ingeroep. Hy het gegaan. Die afloop van hierdie Uys-ekspedisie en die drama van Italenie is bekend. Potgieter het Natal verlaat nog meer oortuig dat die heil aan die westekant van die Drakensberge gelê het. Waar hy teen die kaffers opgetree het, het hy sukses gehad, wat nie van Retief en Uys in Natal gesê kon word nie. Daar word alleen op hierdie dinge gewys om die gemoedsgesteldheid en die houding van Potgieter te verstaan. Hy het die dinge in hierdie lig besien.

Die loop van sake in Natal is bekend. Met die slag van Bloedrivier op 16 Desember 1838 en die strafekspedisies wat daarop gevolg het, is die mag van die Soeloes ten ooste van die Drakensberge gebreek, net soos Potgieter die Matabeli-mag ten weste van die Drakensberge gebreek het. Vegkop en Bloedrivier vorm saam 'n eenheid. Die een sonder die ander sou 'n onvoltooide werk gewees het.

Na die goeie afloop van die tweede strafekspedisie teen Silkaats het Potgieter se mense hulle meer en meer oor die Vaalrivier gevestig, en self het hy dit ook gedoen, waarskynlik na sy terugkoms uit Natal van die Italenie-katastroof. Teen die end van 1838 is die eerste Voortrekker-dorp deur hom gestig met die naam Potchefstroom. Mens vind verskillende afleidings van hierdie naam, sommiges daarvan getuig van 'n volslae gebrek aan kennis van die geskiedenis van die Voortrekkers. As mens al die bronne ontleed dan is daar maar een gevolgtrekking: die naam Potchefstroom kom van *Pot* = Potgieter, *chef* = hoofkommandant, *stroom* = die Mooi-

rivier. Die dorp is nie op dieselfde plek aangelê as waar dit nou is nie, maar 'n paar myl noordwaarts. Op 26 November 1841 het die Raad besluit om die dorp te verskuif. Dit het plaasgevind onder bestuur van P. F. Strydom wat 'n paar maande later as diaken aangestel sou word. Die eerste landdros was Johannes Hermanus Grobler. Hy sou later ageer as waarnemende President toe M. W. Pretorius (1860) na die Vrystaat is.

Potgieter het sy trek deur 'n Raad regeer. Maar oor die werksaamhede van hierdie Raad en sy verhouding tot die gewone krygsraad weet ons deur gebrek aan gegewens vrywel niks. Op 3 September 1840 was daar 'n brief van die voorsitter van hierdie Raad, nl. Casper Kruger, die vader van die latere president Kruger, voor die Natalse Volksraad, waarin die wens uitgespreek is om met Natal te verenig. Die Natalse Volksraad het toe 'n kommissie onder leiding van komdt. genl. A. W. J. Pretorius na Potchefstroom gestuur, met die gevolg dat daar op 16 Oktober 'n vergelyk getref is tussen die twee Voortrekkergemeenskappe ten ooste en ten weste van die Drakensberge, en dit tot één „Maatschappij," d.w.s. Republiek, saamgesmelt is, onder één Volksraad wat in Pietermaritzburg sou setel. Kommandant-generaal A. W. J. Pretorius sou onder hierdie Volksraad die hoofbestuurder in Natal wees, en Hoofkommandant A. H. Potgieter weer ten weste van die Drakensberge [1]). In hierdie Potchefstroomse ooreenkoms tussen Pretorius en Potgieter kom een bepaling voor, art. 5, waarop gewys moet word. Dit is naamlik vasgestel dat die doop deur sendelinge aan blanke kinders buitekant die grense van die „Maatschappij" toebedien, vir onwettig gehou sal word. Hieruit blyk die begeerte om ook kerklik die skeidslyn tussen Blank en Swart te handhaaf. Die doop is 'n inlywing in die Gemeente van Christus wat hier op aarde in die sigbare kerk na vore tree, en as die kind van 'n blanke buite die grense van die Voortrekkerstaat deur 'n sendeling gedoop word, dan word so 'n kind dus in die gemeente van die swartes ingelyf, en dit is gelykstelling. Wel het vroeër sendeling Archbald kinders van witmense gedoop, maar dit was namens die blanke gemeente, en dus nie 'n inlywing in die kaffergemeentes nie.

In Februarie 1841 het Potgieter en Casper Kruger sitting geneem in die Natalse Volksraad. Toe is besluit dat Potchefstroom die reg sou hê op 'n Adjunkraad. Van die aktiwiteite van hierdie Adjunkraad is vrywel niks bekend nie. Daar het geen notule van bewaar gebly nie. In elk geval kan gekonkludeer word, dat dit waarskynlik die voortsetting was van die ou Potgieter-raad.



Die Potgieter-raad het sowel as die Adjunk-raad ook vir die godsdienstige belange van die emigrante gesorg. Nog voor die vereniging van 16 Oktober 1840 het die Natalse Volksraad David Francois Jacobs as ouderling en katigiseermeester aangestel. [2]) Hy het toe waarskynlik in die Winburgse wêreld gewoon, maar het later na Suikerboschrand, die teenswoordige distrik Heidelberg getrek.

Op 1 November is vanuit Potchefstroom die volgende kollektelys uitgestuur vir die bou van 'n kerk op Potchefstroom. Dit word hier in sy geheel weergegee:

Potscheffstroom,

den 1ste November 1841.

Waarde Broeders Landgenoten en mede Lee(de)maten der Hervormde Kerken, benevens alle Christelijke Kerken van Zuid Afrika,

Wij ondergeteekendens van deze Nie(u)we bewoonde waarelddeel wenden ons met eene Christelijke verzoek aan elk en een iegelijk die zulks ter harte mogte gaan, en een deel we(n)ste te hebben door een Gesticht alhier opterichten, alwaar wij onze God en Schepper van 't geheel al in kunnen dienen op dat wij door een opregt harten uit genade het eeuwige gelukzaligheid mogte beërven.

Zoo dan Broeders en Vrienden zij het u alle kennelijk, hoe wij hier in deze landstreek zij geraaken, en door de Hijdensche bloeddorstigen Aardsche Tijrannen zijn gereuneerd geworden, zoo Goed, als Bloed, en dien wijze zeer verarmd is geworden en nu niet in staat zijnde van onze zijde alleen een Kerk of zoodanig Gestigt te doen bouwen is dus de reden dat wij ootmoediglijk verzoek, dat elk en een iegelijk hunne behulpzame hand wilde bieden te geven na hunne vermoogen hoe gering het ook zij, met alle dank zal worden aangenomen. — En worden de Broeders & vrienden verzocht welke daartoe geneegen is iets te geven, als dan dezelve aan den Broeder en vriend Johannis Hendrik Schoeman aftegeven.

H. Potgieter Comdant
P. J. van Stade Kerkraad
C. J. Kruger veld Cornet
N. Grobler veld Cornet
J. S. J. van Rensburg v. Cornet

P. J. Lou Landeros
Heemraden F. C. Elof, W. A. du Plisie
M. C. Jacobs, R. P. du Toit, G. S. Maree.

Hierdie lys is nie deur 'n volle kerkraad onderteken nie, maar deur krygsoffisiere, landdros en heemrade, en ook deur P. J. van Staden, as kerkraad. Oor die aanstelling van laasgenoemde in hierdie funksie is daar geen gegewens beskikbaar nie. Vermoedelik is hy nog deur die ou Raad van Potchefstroom as sulks aangestel om die geestelike versorging van die Potgieter-mense waar te neem. Die Adjunk-raad het al spoedig 'n nominasie vir drie ouderlinge en vier diakens opgemaak en dit aan die Natalse Volksraad vir aanstelling voorgedra. Die Natalse Volksraad het hierdie voordrag op 23 Februarie 1842 goedgekeur [3]). Dit was die eerste kerkraad van Transvaal, en van dié dag af kan ons Potchefstroom as 'n georganiseerde gemeente noem. Die name van hierdie kerkraadslede was as volg: David Francois Jacobs, Frederik Gerhardus Wolmarans, Petrus Johannes van Staden as ouderlinge en Pieter Frederik Strydom, Pieter du Preez, Gabriel Maree en Stephanus Petrus Viljoen as diakens. Die Amerikaanse sendeling Daniel Lindley wat in Januarie 1840 deur die Natalse Volksraad as predikant onder die Voortrekkers aangestel is, het hierdie kerkraad bevestig. Lindley se voorganger was Erasmus Smit, wat deur Piet Retief aangestel was. Ná die dood van Retief het Smit vrywel alle steun verloor, want hy was nie baie gewild nie. Hy maak ook die indruk van 'n ou sukkelaar. Lindley is kort na die benoeming van hierdie Wes-Drakensbergse kerkraad daarheen om kerk te hou. Hierdie eerste kerkviering op Potchefstroom het op 26 en 27 Maart 1842 plaasgevind. Potgieter het agt dae later, op 4 April, aan Pretorius geskryf „dat er een aanzienlijk schaar tegenwoordig was." Daar was altesaam 190 waens. Lindley het by dié geleentheid 189 kinders gedoop en lidmate aangeneem. Die naam van die eerste dopeling wat in die doopboek geregistreer is, is dié van 'n kind van Hendrik Potgieter:

Dorothea, gebore 7 Mei 1841.
gedoop 27 Maart 1842.
*Ouers:* Andries Hendrik Potgieter,
Elizabeth Helena Bota.
Getuie: Abraham Pelster.
Gertruida Potgieter.

Oor hierdie kerkraadslede kan die volgende meegedeel word:



*F. G. Wolmarans.* Hy is op 15 November 1788 in die Kaapkolonie gebore en was getroud met Catharina Maria le Roux. Hy het tot die Potgieter-mense behoort en het reeds in Maart 1840 in Transvaal gewoon. Hy was 'n kerkman by uitnemendheid, die „leidsouderling" in daardie dae, en is op 28 April 1872 op die plaas Boschhoek, distrik Potchefstroom, oorlede. Ouderling A. D. W. Wolmarans was 'n kleinseun van hom en prof. dr. H. P. Wolmarans en ds. W. Wolmarans is sy agterkleinkinders.

*D. F. Jacobs.* Hy is 20 Mei 1786 in die distrik Graaff-Reinet gebore en is later met Martha Sophia van der Merwe getroud. Reeds in 1820 was hy kerkraadslid van die gemeente Beaufort Wes, en ook voorleser. Hy is op 24 Junie 1875 op die plaas Elandsfontein, distr. Heidelberg, oorlede in die huis van sy skoonseun Pieter D. Jacobs.

*P. J. van Staden.* Hy is afkomstig uit die distrik Uitenhage, en is op 11 Mei 1804 gebore. Hy het tot die Trek van Potgieter behoort en het hom later in Magaliesberg gevestig en is op 3 Junie 1892 op die plaas Dorenbosch, dist. Rustenburg, oorlede.

*P. F. Strydom.* Hy is op 26 Junie 1800 gebore en was met Cornelia Maria Lindeque getroud, en is die stamvader van die grootste deel van die Heidelbergse Strydoms. Ds. P. J. Smit van Boksburg is 'n agterkleinseun van hom. Hy is op 24 September 1887 op sy plaas Kafferskraal, dist. Heidelberg, oorlede.

*P. du Preez.* Hy het later in die distrik Zoutpansberg gewoon.

*G. Maree.* Hy was 'n Lydenburger.

*S. P. Viljoen.* Hy is in 1793 op Wintershoek in die latere distrik Uitenhage gebore, en is met Hendrina Maria van Staden getroud. Op 14 Oktober 1873 is hy op die plaas Witkop, dist. Potchefstroom, oorlede. Ds. S. P. Viljoen van Zeerust is 'n agterkleinseun van hom.

Lindley was einde Mei en begin Junie 1844 weer in Potchefstroom, en het by dié geleentheid 124 kinders gedoop en 18 lidmate aangeneem.

In 1842 het daar 'n ommekeer op staatkundige gebied gekom wat sy invloede ook op kerkelik gebied sou laat geld. Die Engelse het besit geneem van Natal en in Julie het die Volksraad hom daaraan onderwerp. [4]) Potgieter was baie ontevrede oor hierdie onderwerping aan die Engelse en die Adjunkraad

van Potchefstroom het in Oktober aan die Natalse Volksraad geskryf dat hulle nie meer daaronder wou staan nie. Potgieter het op 3 Oktober 1843 aan H. Cloete die Kommissarisgeneraal in Natal, kennis gegee dat hy en sy mense geen deel het aan die onderwerping van die Natalse Volksraad aan Engeland nie, en nie daardeur gebind word nie. „Alle naasies zijn vreij en goed waar sij wil; en wij als vreij geboren hoopen ook onafhankelijk en vreij ons eijgene saaken te bestieren." Die Potchefstroomse Adjunkraad het nou selfstandig opgetree en is tot 'n Burgerraad omgeskep. In April 1844 het hierdie Burgerraad die Voortrekker-republiek opnuut gekonstitueer en in Potchefstroom 'n grondwet opgestel wat as die Drie-en-dertig Artikelen bekend gestaan het. Hierin is 'n belangrike beginsel neergelê: as die wette van die Republiek te kort sou skiet dan moes die Hollandse wette toegepas word. Met ander woorde, hulle wou hul op juridies gebied nie na die Kaapkolonie oriënteer nie waar dit alles Engels was, maar na die ou Moederland, na Holland. Hierdie selfde beginsel is later op kerkelik gebied ook baie sterk geaksentueer en ook op kultureel gebied. [5])

S. P. ENGELBRECHT.

---

1) Tr. Arg. Soutter koll. 2, no. 2 — Die titels van kommandant-generaal en Hoofkommandant was heeltemal gelykwaardig, en beteken dieselfde.

2) Notule van Natalse Volksraad, 3 Jan. 1840, art. 1.

3) Notule van Natalse Volksraad, 23 Feb. 1842, art. 6.

4) J. Bird: The Annals of Natal (1888) deel ii, bls. 64.

5) Hierdie beginsel het gemaak dat daar in die Kaapkolonie en veral by die latere half verengelste intrekkers wat daarvandaan in Transvaal gekom het, 'n Hollander-haat ontstaan het. Dit kan maar tot een oorsaak teruggevoer word: in Transvaal was daar die ou Voortrekker-element wat kultureel nie verengels was nie, en dan die element van Kaapse Afrikaners wat grotendeels sonder dat hulle daar bewus van was, 'n Engelse inhoud had. Dit gee ook die oplossing van die latere kerklike moeilikhede.





## JOHANNES HENDRIK VISSER

(*Jan „Boomplaas"*)

Op 4 Augustus 1813 is in die distrik van Tulbagh, Kaapkolonie, gebore Johannes Hendrik Visser. Hy was die seun van Herculaas Visser en Hester Susanna Viljoen. Met die Groottrek was hy 23 jaar. Op agttienjarige leeftyd, d.i. in die jaar 1831, is hy in die huwelik bevestig met mej. Van Zyl van Colesberg. Uit hierdie huwelik is slegs een kind gebore. Later is hy weer getroud en wel met Jacomina Margaretha Esterhuizen. Uit hierdie huwelik is daar tien kinders gebore. Een van die dogters uit hierdie huwelik is later getroud met wyle Generaal Piet Cronjé en een van die seuns was die latere bekende Potchefstroomse ouderling Henning J. Visser, wat vanaf 1870 gedien het op die kerkraad van die Hervormde Gemeente van Potchefstroom, onder ds. Dirk van der Hoff. Hierdie ouderling Henning Visser was in 1891 een van die ses lede van die prokurasie-kommissie wat die vergadering, belê deur pres. Kruger om 'n oplossing vir die kerklike twiste te vind, bygewoon het.

In 1869 is die tweede vrou van Johannes Hendrik Visser, die moeder van ouderling Henning Visser, oorlede en is hy vir die derde keer getroud en wel met Louisa de Kock, gebore Petrie. Uit hierdie huwelik is drie kinders gebore, een waarvan die bekende ouderling Piet Visser van Klerksdorp is.

Johannes Hendrik Visser het die Kaapkolonie verlaat saam met genl. Andries Pretorius om die Trekkers in Natal ná die moord op Piet Retief en sy manne deur Dingaan te gaan help. Aan die slag van Bloedrivier het hy deelgeneem. Die Visser-familie vertel dat hy die persoon was wat genl. Pretorius se gewonde hand, in daardie slag opgedoen, verbind het.

By die beleëring van die Engelse kamp in Port Natal was hy een van die wagte. As rapportryer van genl. Pretorius is hy verskillende kere na Panda, die koning van die Soeloes, om boodskappe weg te bring.

Later het hy, enige jare na die verowering van Natal deur die Engelse, saam met genl. Pretorius oor die Drakensberge getrek na die Vrystaat. Daar het hy deelgeneem aan die slag van Boomplaas. Deur sy dapperheid het hy daar die bynaam verwerf van Jan Boomplaas.

Van hom word ook nog die volgende verhaal vertel nl. dat, terwyl hy en 'n groepie vriende op 'n ekspedisie was, hy eenkeer by die waens alleen agter moes bly om die vroue te beskerm. Onverwags het 'n klompie Boesmans hulle verskyning gemaak by die waens. Hulle het kom spioneer hoeveel mans by die waens was. Jan Boomplaas wis dat hulle straks sou terug-kom. Hy bedink toe 'n plan om hulle af te slaan as hulle die laertjie sou aanval. Hy laat die vroue bakke met kos 'n endjie van die waens af sit waar die Boesmans gesien is. Intussen laai hy die drie olifantgewere met lopers wat in die waens was. Dit was nie te lank nie of die Boesmans maak hulle verskyning en val op die bakke met kos toe. Die drie sarsies uit die olifant-gewere het hulle almal in die stof laat byt.

In die Basoetoe-oorlog van 1858 is Jan Boomplaas bevorder tot kommandant.

In 1861 het hy die plaas Nooitgedacht en iets later Pal-mietfontein aan die Schoonspruit, in die teenswoordige distrik van Klerksdorp aangekoop. Daar staan sy ou woonhuis nog.

In die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek was hy lid vir Potchefstroom. Ook was hy vir jare ouderling op Potchefstroom in die Hervormde Gemeente en tewens komman-dant vir Schoonspruit totdat hy weens sy hoë leeftyd opgevolg



is deur sy skoonseun, die latere genl. Piet Cronjé. Gedurende die tweede Vryheidsoorlog is hy oorlede en begrawe op sy plaas Palmietfontein.

Op 4 Augustus ll. is deur sy dankbare nageslag op sy graf 'n grafsteen opgerig. Op die grafsteen staan die volgende inskripsie:—

„Hier rus
JOHANNES HENDRIK VISSER
(Jan Boomplaas)
geb. 4 Aug. 1813
oorl. 12 Jan. 1901
en sy eggenote
JACOMINA MARGARETHA VISSER
(geb. Esterhuizen)
geb. 18 Oktober 1816
oorl. 18 April 1869.
*'Rust Mijn Ziel*
*Uw God is Koning.'*

Opgerig deur 'n dankbare nageslag 4 Aug. 1939."

Ook langs hierdie weg bring ons hulde aan die nagedagte-nis van hierdie groot volksman en waardige kerkvader.

—JOH. DREYER

---

Voorgeslachten kwijnden henen,
En wij bloeien op hun graf.
Ras zal 't nakroost ons beweenen:
't Menschdom valt als blaad'ren af.
't Stof, door eeuwen saamgelezen,
Houdt hetzelfde graf bewaard.
Buiten U, o eeuwig Wezen,
Ach, wat was de mensch op aard!

# NASIONALISME EN UNIVERSALISME IN DIE PREDIKING VAN DIE OU TESTAMENT

VAN die twee dele waaruit die Heilige Skrif van die Christelike gemeente bestaan en wat die Christelike Kerk albei aanvaar het as Gods Woord, is die een, die Ou Testament, sonder twyfel meer nasionalisties as die ander, die Nuwe Testament. In die Ou Testament staan die volk, en dan spesiaal die volk Israel, in die middelpunt, sowel as voorwerp van Gods bemoeinge as onderwerp van die godsdiens; in die Nuwe Testament is dit veel meer die enkele siel of die gemeente uit alle geslag en taal en nasie. Oppervlakkig beskou of laat ons sê: in die algemeen genome kan mens dus die Ou Testament die nasionalistiese deel van die Bybel noem, die Nuwe Testament die universalistiese.

By nader toesien egter is dit met die nasionalisme van die Ou Testament nie so'n eenvoudige saak nie. Sy nasionalisme word telkens deurbreek deur universalistiese gedagtes en riglyne; dit is dus 'n gebroke nasionalisme. 'n Nasionalistiese wêreld- en lewensbeskouing sal mens seker nooit uit die Outestamentiese verkondiging kan opbou nie, al moet andersyds erken word dat die betreklike reg van nasionalisme uit die Outestamentiese Godswoord klaarblyklik is.

Ek wys op 'n paar feite wat laat nadink.

Die Ou Testament begin met die boek Genesis, nie met die boek Exodus nie; dit wil sê, dit begin met die wordingsgeskiedenis van die *mens* en *die mensheid*, nie met die wordingsgeskiedenis van 'n nasie, die wordingsgeskiedenis van die volk Israel nie. Die ou Egiptenare het hulself „die mense" genoem, die ander volke het hulle beskou as 'n ander soort wesens, en genoem: „die vyande van God" wat vir Hom na die ander lande gevlug het. So spreek die Godswoord in Israel nie. Dit begin met die skepping van „die mens," en laat sien hoe uit hierdie eerste mens al die volkere van die wêreld ontstaan het. (Gen. 10.) En as die profeet Jeremia in sy gebed tot die God van Israel Hom aanspreek as dié „wat tekens en wonders gedoen het tot vandag toe, in Israel sowel as onder die mense" (Jer. 32:



20) dan is dit net die teenoorgestelde van die hoogmoedig-nasionale Egiptiese spraakgebruik.

Die eerste mens dra ook nie 'n spesiaal Israelitiese, Hebreeuse naam nie. Ons is wel gewoon om van Adam en Eva te spreek; en hierdie name het in die latere Joodse en Christelike naamgewing gebruiklike eiename geword; maar so is dit nie in die Ou Testament self nie en dit was nog nie gebruiklik onder ou Israel nie. Ons vind nêrens elders in die Ou Testament persone Adam of Eva genoem nie. Adam is die Hebreeuse woord vir „mens" en „mensheid." In die eerste drie hoofstukke van die Bybel tot Gen. 3 : 19 word van „die mens" en van „die vrou" gespreek. Eers Gen. 3 : 20, dus na die geskiedenis van die val, word die vrou met 'n eienaam benoem: Eva. En eers in Gen. 5 word die woord „Adam" as eienaam vir die eerste mens gebruik net soos in die geslagsregister 1 Kronieke 1; die twee laasgenoemde hoofstukke is egter volgens die letterkundige ondersoek albei laat produkte van Israelitiese geskiedbeskrywing. Ook is die naam Eva meer 'n simboliese naam dan 'n eienaam; hy word in Gen. 3 : 20 verklaar as: „moeder van al wat lewe," „lewensmoeder." Die Ou Testament verhaal nie die skepping en eerste lotgevalle van 'n Hebreër nie, maar van die mens.

Genesis 10 is die eerste hoofstuk in die Bybel waar nasies genoem word. Dit is die beroemde „volketafel," waarin die afstammelinge van Noag se drie seuns opgenoem word „volgens hulle geslagte, na hulle tale, in hulle lande, in hulle nasies" (vs. 5, 20, 31, 32). Van hierdie merkwaardige hoofstuk sê die Nederlandse Outestamentikus professor Böhl: Hierdie lys van die volke is die eerste grootse poging om die hele mensheid uit een oogpunt saam te vat en die volke volgens hulle verwantskap stelselmatig te rangskik. Die grondgedagte is die eenheid van die menslike geslag. Die mensheid het een oorsprong en dus ook een gemeenskaplike doel. Dis dieselfde gedagte wat deur Paulus onder woorde gebring is in sy rede op die Areópagus te Athene (Hand. 17 : 26, 27): „God het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak . . . sodat hulle die Here mag soek." Dit klink wel enigsins anders as die leer van die heilige bloed en bodem van een bepaalde volk soos 'n tot nasionaal-sosialisme verworde nasionalisme predik.

Al sê Genesis 10 nie uitdruklik dat die bestaan van die verskillende nasies op aarde na Gods wil en bestel is nie, tog is dit wel die veronderstelling van die hoofstuk; dis tog wel op hierdie manier dat bedoel is dat die Godswoord tot die eerste

mense vervul moes word: „Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde." In Genesis 11 (die verhaal van die deur Gods ingrype mislukte toringbou van Babel en die daarop volgende verwarring van die tale en verstrooiing van die nasies) word die keersy van die saak gewys; in die wyse van bestaan van die verskillende nasies en tale lê 'n Goddelike straf. Ons verwys weer na prof. Böhl se verklaring in die serie Tekst en Uitleg, waar hy skryf: „Vanwaar die splitsing, wat die rasse en volke vyandig teenoor mekaar laat staan? Vanwaar die verskille in taal, beskawing en gedagtewêreld, wat telkens weer misverstand uitlok en oorlog en wat telkens verhinder dat die gehele mensheid hom voel soos een volkebond, soos een geheel van broers en vriende, wat dieselfde oorsprong het en wat in 'n edele wedstryd dieselfde doel nastreef? Die diepsinnige maar ook diep pessimistiese antwoord wat die Bybelse skrywer op hierdie probleme gee is hierdie: God het hierdie splitsing teweeggebring omdat die mensheid anders te magtig en te oormoedig sou word."

Ek sou die volgende hierby wil toevoeg: Na die universalistiese prediking van Genesis 10, waarsku Genesis 11 teen 'n sondige, oormoedige, voorbarige universalisme. As die universalistiese gedagte gebruik, of liewer misbruik word deur 'n groep van volke om vir hulle self „'n naam te maak," om „nie verstooid te raak nie" d.w.s. om 'n egoïstiese belangebond te vorm — dan is dit 'n anti-goddelike strewe waar die Heer van die ganse aarde sy veto oor uitspreek en sy oordeel op laat volg. Het onder hierdie oordeel ook miskien die sogenaamde Volkebond van na die Groot-oorlog geval?

In die tweede helfte van Genesis 11 wat die afstammelinge van Sem tot aan Abraham en Sarai vermeld, word ons skynbaar van die universalistiese gedagte tot die nasionalistiese gevoer. Ná die verkeerde, sondige universalistiese poging van Babel word uit 'n deel van die mensheid, die Semiete, 'n man en vrou uitgekies uit wie 'n nasie sal ontstaan wat draer sal wees van die Godsbelofte, draer van die seën van God op 'n aarde wat onder die vloek lê. Die Godswoord tot Abram lui (Gen. 12 : 1 en 2): „Gaan uit jou land en uit jou familie en uit jou vader se huis, na die land wat Ek jou sal wys, en Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees." Dis wel 'n Evangelie, maar nie 'n Evangelie van bloed en bodem nie; inteendeel, die Godsgeroepene word uit sy land weggeroep om nooit weer terug te keer nie, en uit sy bloedverwantskap weggehaal. En dit gaan by hierdie



nasiebou nie langs natuurlike weë nie; daar staan nie: uit jou sal 'n groot nasie *word*, maar *Ek* sal jou 'n groot nasie *maak*. Abram is heeltemal op God alleen gewerp, op Sy verkiesing en genade en trou en woord. En wat bly daar van 'n natuurlike nasionalisme oor as die einddoel van Gods verkiesing volgens vers 3 blyk te wees: „en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word!" As dit lyk in die Skrif asof dit nou in nasionalistiese rigting gaan by die ontvouing van Gods raad, dan staan ons meteen by 'n handwyser wat na wyer horisonte wys, na wêreldheil en mensheidsgeluk.

Hoe sterk word die nasionale gedagte ook deurbreek in Genesis 18 waar die stamvader van die Israelitiese nasie as voorbidder en pleitbesorger voor God staan ten behoewe van die Amoritiese en bowendien so goddelose stede Sodom en Gomorra. Ook in die verdere geskiedenis van die aartsvaders van Israel word ons blik nie tot hulle en hulle Israelitiese nageslag beperk nie. Ook van Ismael, die seun van Hagar word gesê: „En God was met die seun" (Gen. 21 : 20) en die twaalf woestynstamme wat van hom afstam word vermeld (Gen. 25 : 12 - 18); eweso word ons ingelig oor die volke wat as nakomelinge van die tweede byvrou van Abram, Ketúra, voorgestel word (Gen. 25: 1 - 6). So word Abram nie voor Israel alleen gereklameer nie, maar word getoon dat inderdaad met rede sy naam verander is van Abram tot Abraham, en hy die vader was van „'n menigte van nasies" (Gen. 17 : 5). Die Isak- en Jakob-geskiedenis bewys die nou verband van die Arameërs met Israel, waar sowel Rebekka as Lea en Ragel, al drie stammoeders van Israel, uit die land en familie van Laban, die Arameër kom. En al gaan van die twee nasies wat in die skoot van Rebekka was, die Belofte oor op die jongste en sy stamvader Jakob, die oudste ‚Edom' en sy stamvader Esau word nie sonder simpatie geskilder nie en die lang hoofstuk Gen. 36 toon groot belangstelling vir die nakomelinge van Esau en hul geskiedenis.

So kan mens die boek waarmee die Bybel open, die boek Genesis, in sy eerste twaalf hoofstukke eerder universalisties dan nasionalisties noem, en in sy latere hoofstukke eweseer internasionalisties as nasionalisties.

Exodus beskryf die geboorte van die Israelitiese nasie; hoe God hierdie plan van Hom deursit, nieteenstaande alle vyandige pogings van die Egiptiese grootmag en sy Farao om dit te verhinder. Moses brand van liefde vir sy verdrukte volk in wording, al oes hy nie veel anders as ondank daarvoor by die

synes. Merkwaardig is intussen, dat sy vrou geen Israeltiese nie maar 'n Midianitiese is, en sy is dit aan wie Moses sy lewe te danke had toe in die herberg op die pad die Here hom teëkom om hom dood te maak (Ex. 4 : 24 - 26). En onreg van Midianitiese veewagters jeens Midianitiese dogters, het Moses nie minder vir die reg van die verongelykte laat opkom as onreg sy eie volksgenoot deur die vreemde onderdrukker aangedoen (Ex. 2 : 16 vv., 2 : 11 v.). Daar word ook nie verswyg nie hoe baie Moses en sy volk te danke het aan die Midianitiese priester vir die regte manier van regspleging (Ex. 18). Ons sou ook maar liewers verswyg het dat die leier van die Israelitiese nasie ook nog 'n Kusitiese, 'n Etiopiese vrou geneem het en ons is geneig om aan die kant van Mirjam en Aäron te gaan staan waar hulle daaroor teen Moses spreek. Maar die Bybelskrywer het dit nie verswyg nie en die Here het nie aan die kant van Mirjam en Aäron gaan staan nie, maar hulle swaar gestraf daaroor (Numeri 12).

Die Israelitiese nasie word dan uit die in Egipte verslaafde nakomelinge van Abram, Isak en Jakob en 'n nie versweë inslag van gemengde bloed (Ex. 12 : 38, Nu. 11 : 4) gevorm en kry sy nasionale beslag en program by die Godsberg Horeb - Sinai. Die weg van God op aarde skyn voortaan in 'n nasionale baan te gaan loop. Die verbond word gesluit, die volk vind sy eenheid en sy roeping in die diens van die onafbeeldbare Verlosser-god, gestrenge Handhawer van reg en sede. „Ek sal vir jou tot 'n God wees en jy sal vir My tot 'n volk wees," dis die inbegrip van die Sinai-verbond. Jahwe, Jehova, die God van Israel, sy enigste God, Israel die volk van Jahwe, Sy besondere eiendomsvolk. Maar eienaardig word dit uitgedruk in Ex. 19 : 5 en 6 : „As julle dan nou terdeë na My stem luister en My verbond hou, sal julle My eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is Myne. En júlle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees." Die verbond van God met hierdie volk is dus voorwaardelik, geen natuurlike onverbreekbare band van skepping en bloedverwantskap nie, maar gebonde aan die nie al te sekere band van menslike trou en gehoorsaamheid aan Goddelike eise. En dit lyk heel sterk of hierdie volk tog nie sy doel en roeping in sy eie volksbestaan alleen het nie, want die Godsmag wat hom in aansyn roep sê: „die hele aarde is Myne, en julle sal vir my 'n koninkryk van priesters wees." 'n Priester is 'n middelaar en 'n middelaar is nie net vir een nie, het reeds Paulus gesê (Gal. 3 : 20), daarby word twee partye veronderstel waartussen bemiddel moet word. God is die een party,



Israel die priester-middelaar, wat is die andere party? Tog seker „die hele aarde," die ander volke. Dit is Israel se roeping, se bestaansgrond en bestemming, die eintlike bedoeling van sy program wat hom by die Sinai gestel word: bemiddelaar te wees tussen God en die wêreld. Die nasie kry hier sy ridderslag, maar tot 'n wêreldwye diens en stryd. Die Godswoord aan Abram word hier in andere vorm aan die nasie wat sy eerste nageslag is herhaal: in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word. Nasionalisme, maar deurbroke deur en eintlik in diens van universalisme.

Maar voorlopig is die nasionale vorm van die Godsryk, van die Godsregering nog oorwegend. Israel moet sy priesterlike opleiding, sy opvoeding tot middelaarskap nog kry, voordat dit as sodanig kan optree in die wêreld. Die nasie moet geheilig word voordat dit as heilige nasie kan optree. En dis 'n sware, langdurige, ongemaklike leerskool. Dit gaan met val en opstaan, met murmurering en opstandigheid en deur menigerlei verdrukking en beproewing. En 'n deel van die nasie sal nooit leer nie.

Die stamme moet selfs nog leer om 'n nasie te wees. Moet nog leer om die belange van eie groep te sien in die grotere geheel van die nasionale belang. Die lied van Debora uit die Rigtere-tyd spreek hier duidelike taal. In die lewenstryd teen die Kanaänitiese konings in die Noorde het nie al die stamme meegedoen nie. Ruben het bly sit by die veekrale, Gilead rustig oorkant die Jordaan. Dan by die skepe, Aser aan sy baaie (Rigt. 5 : 16, 17). Dis net sewe van die twaalf wat die nasionale stryd gevoer het. Laat ons dit verskoon uit die nog ongereelde toestande van die Rigtere-tyd toe elke stam vir homself genoeg te doen gehad het om hom in die nuwe omstandighede te handhaaf. Maar as dan die tyd verby gaan en onder Saul, David, Salomo die nasionale eenheid gevestig skyn, dan nog skyn die taak om een nasie te wees, te hoog vir party groepe en leidende persone in die volk. Daar was by Saul se verkiesing tot koning reeds 'n groep wat gesê het: Hoe kan hierdie man ons verlos? Hulle het hom verag en geen geskenk gebring nie. (1 Sam. 10 : 27, 11 : 12 - 15). Saul, die veelbelowende, self, het die nasionale belang uit die oog verloor toe hy hom deur jaloersheid laat verlei om te kies teen David, die voorbestemde jong leier. Na Saul se dood duur dit sewe en 'n half jaar voordat ook die Noordelike, die tien stamme hom as koning erken. En nouliks het hy sy ryk gekonsolideer of opnuut word die splytswam openbaar. Absalom se opstand is nouliks bedwing

of Seba die Benjaminiet blaas die ramshoring en sê: Ons het geen deel aan David, geen erfdeel aan die seun van Isai nie, elkeen na sy tente toe, o Israel (1 Sam. 20). Salomo probeer die rykseenheid te bevorder deur die ou stamindeling nie langer vir die bestuur te laat geld nie, maar deur 'n nuwe distrikverdeling met direk koninklike amptenare aan die hoof, die sentrale gesag te verseker. Nouliks het hy die oë gesluit, of wat reeds lank gesmeul het onder die as vlam op; weer klink die opstandskreet deur die geledere: „Na julle tente, Israel! Kyk nou na jou eie huis, David!" Nou is die breuk nie meer te heel nie. Sedert Jerobeam, nog wel deur 'n profeet van die Here, Ahia daartoe gerugsteun, die tien stamme afskeur van die Davidshuis is dit met die nasionale eenheid vir eeue en eeue gedaan.

As Israel nie eens kan leer om 'n nasie te wees nie, hoe sal dit leer om 'n heilige nasie te word? As Israel nie eens 'n koninkryk kan word nie, hoe sal dit 'n koninkryk van priesters word? Of moet ons dit anders stel? As Israel nie kan leer om 'n heilige nasie te word nie, hoe sal dit 'n nasie word? As Israel sy priesterlike roeping nie verstaan nie, hoe kan dit sy nasionale roeping vervul?

Maar dis nie die weg van God om, as 'n mensegroep aan sy norme, aan hulle ideale ontrou word, die norme dan maar laer te stel, die ideale te laat sak nie. Sy raad sal bestaan. Liewer die volk opgeoffer as die ideaal. Die profete word geroepe. Nie om te sê dat God dan maar genoeë sal neem met 'n verdeelde, in eie selfsugtige belange opgaande nasie nie. Maar om te verseker, dat as Israel sy roeping dan nie wil verstaan nie, daar nog wel ander volke op Gods aarde is waarmee Hy die proef sou kan neem; dat die Here van die ganse aarde nie aan hierdie volkie gebonde is nie. Die volk staan en val met sy godsdiens; maar God staan en val nie met hierdie volk nie. „Is julle nie vir My soos die kinders van Kus nie, o kinders van Israel? Spreek die HERE. Kyk, die oë van die Here HERE is gerig op die sondige koninkryk, en Ek sal dit van die aardbodem verdelg." So predik die eerste profeet wie se prediking ons op skrif het, Amos. En so predik al die waaragtige profete wat volg. Het hulle hul volk nie liefgehad nie? Was hulle nie nasiegesind nie? Hartstogtelik het hulle hul nasie liefgehad; hulle het hul hele bestaan en hul lewe self op die waagskaal geset vir die regte welwese van hul volk. Hulle was geen kosmopoliete wat hul orals ewe goed tuis gevoel het nie, nie



mense sonder agtergrond en ondergrond, sonder eie lewensbodem en verknogheid daaraan nie. „My binnenste, my binnenste, ek bewe van angs! O, Mure van my hart! My hart steun in my, ek kan nie swyg nie; want jy, my siel, het basuingeluid gehoor, oorlogsgeskreeu!" So voel en kerm Jeremia as hy die oordeel oor sy volk sien nader (Jer. 4 : 19). En op hoop teen hoop kan hulle nie nalaat om te glo in die toekoms van hulle volk, al sal dit dan maar 'n res wees van wat die volk nou is, minder dan 'n tiende deel, al is dit net 'n by die grond afgekapte stomp van die pragtige eikeboom — die stomp kan nog 'n nuwe loot dra (Jes. 6 : 13). Maar daardie „res" sal 'n vuuroond van ellende moet deurmaak, in 'n smeltkroes van diepste beproewinge gelouter moet word. Eers sal gebuk moet word onder Gods oordele, diep en lank, voordat daar sprake kan wees van erbarming, hoop en heil.

In Jeremia sien ons die persoonlike sielestryd, waarin die verkondiging van die oordeel oor sy volk die ware, nasionaalgesinde Israeliet bring op sy duidelikste en hewigste. By Jeremia het die nasionalisme 'n kruis geword. In Jeremia se sielelewe sowel as in sy verkeer onder sy volk het sy Godsbesef en sy nasiebesef mekaar gekruis, en waar hulle mekaar ontmoet het, was daar onbegrepenheid en bitter lyding. Hierdie man wie se siel so een was met dié van sy volk dat al die lyding van sy volk sy persoonlike lyding was — het gelê onder die verdenking van landsverraad. „Laat hierdie man tog doodgemaak word, want hy maak die hande van die krygsmanne wat in hierdie stad nog oor is slap, ja die hande van die hele volk; dié man soek nie die welsyn van hierdie volk nie, maar die onheil" — so spreek die politieke raadgewers tot die koning. En daardie gedagte het so voor die hand gelê, dat toe Jeremia tydens die beleg van Jerusalem na buite die stad na sy dorpie Anatot wil gaan om 'n van sy oom gekoopte stuk land in ontvangs te neem — 'n bewys van sy geloof in die uiteindelike bevryding en toekoms van sy land (Jer. 32) — toe is hy deur die wagte gevang met die aanklag: Jy wil na die Galdeërs oorloop (Jer. 37 : 13). Van die hongerdood in 'n put — die tronk is nog te goed vir hom geag — is hy gered deur 'n uitlander aan die hof: Ebed-Meleg die Kusiet (Jer. 38 : 6-13); maar tot op die dag dat Jerusalem ingeneem is, het hy onder bewaking gebly, as staatsgevaarlik. Die Galdeërs, die vyand, het hom vry gelaat, na sy huis laat gaan en die vrye hand gegee (Jer. 39 : 11-14) — was dit dan nie duidelik dat hy met die vyand gemene saak maak nie? En toe die deur die vyand aangestelde stadhouer

Gedalja vermoor is, het Jeremia met 'n groot deel van die oorgeblewe landgenote na Egipte gevlug — gesien van die standpunt van vaderlandsliefde op kort termyn is Jeremia se naam nie skoon te was van die vlek en vloek van lawwe landsverraaier nie! Syne was egter die nasionalisme van die lang termyn, van die gebroke lyn, van Gods weg en Gods wyse.

Dat die groot skrifprofete nasionaalgesind was is reeds by 'n oppervlakkige deurblaai van hulle geskrifte duidelik. Onder die volkere van die aarde was dit hulle eie volk wat die meeste belangstelling van hulle gekry het en waarop hulle prediking en werksaamheid hulle gekonsentreer het. Maar nie so dat die ander volke nou buite hulle gesigskring kom lê het en glad geen aandag van hulle gekry het nie. Amos reeds gee hier die leiding in die eerste twee hoofstukke van sy geskrif, waar Damaskus, Edom, Asdod, Ammon en Moab aan die Goddelike geregtigheids- en barmhartigheidseise gemeet word voordat dié aan Juda en Israel aangelê word. En dit het 'n vaste tradisie geword in die geskiedenis van die profetisme, so selfs dat die geskrifte van die vernaamste groot profete Jesaja, Jeremia, Esegiël, aldrie 'n bundel Godsprake oor ander volke bevat (Jes. 13-23, Jer. 46-51, Es. 25-32), waarin al die nasies wat maar enigsins in die gesigsveld van Israel gekom het, elkeen sy besondere aandag, sy besondere Godswoord ontvang. Dié Godswoorde mag vernaamlik oordeelsaankondigings bevat — in die profetiese Godsprake oor die eie volk Juda-Israel, neem die oordeelsprediking eweseer die eerste en grootste plek in — enkele strale van hoop breek deur ook vir die ander nasies. So spreek Jes. 19 : 18-25 die wonderbare verwagting uit, dat Egipte saam met Assirië eenmaal die Here sal dien met Israel as derde, al drie volke 'n seën op die aarde, omdat die Godswoord geklink het: Geseën is my volk Egipte en my maaksel Assirië en my erfdeel Israel! By Jeremia vind ons as 'n refrein na die oordeelspredikings oor Moab, Ammon en Elam: „maar aan die einde van die dae sal Ek die lot van Moab, van Ammon, van Elam verander, spreek die HERE." En as Esegiël gedurig sy profesieë oor die volke beëindig met die aanwysing van die doel van Gods oordele oor elkeen van hulle: „en hulle sal weet dat Ek die HERE is!" is daar dan nie in die doel van Gods weë met hulle iets anders nog beslote dan hulle totale vernietiging?

Maar ons het duideliker en vaster bewyse vir die universalisme van die profete as hierdie. Reeds in die 2de hoofstuk van Jesaja staan die profesie, wat sy tydgenoot die profeet



Miga ook in sy boek (Mi. 4:1-4) opgeneem het, dat aan die einde van die dae

al die nasies sal toestroom
en baie volke sal heengaan en sê:
Kom laat ons optrek na die berg van die HERE,
na die huis van die God van Jakob,
dat Hy ons sy weë kan leer
en ons in sy paaie kan wandel.
En Hy sal oordeel tussen die nasies
en regspreek tussen baie volke;
en hulle sal van hul swaarde pikke smee
en van hul spiese snoeimesse;
nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie,
en hulle sal nie meer leer oorlogmaak nie.

Ruim 'n eeu na Jesaja en Miga predik Sefanja. Middenin sy oordeelsaansegging oor die trotse Jerusalem, en blykbaar bedoel om Israel tot jaloersheid te wek klink die Godswoord (Sef. 3 : 9) :

dan sal Ek by die volke 'n groot verandering aanbring,
reine lippe hul toebring,
sodat hulle almal die Naam van die HERE sal aanroep
en Hom as een man sal dien.

Hier is die vloek van die oertyd opgehef, Babel se spraakverwarring en volkereskeiding weggeneem, die nasies het mekaar gevind, gevind in die ene, regte wêreldtaal, die taal van die gebed, van die aanbidding!

'n Eeu na Sefanja: wat nog oor is van die Israelitiese nasie is in ballingskap. Ballingskap is seker nie die beste leerskool vir universalistiese voele en denke nie. Eerder 'n leerskool vir 'n verbete, verbitterde nasionalisme, waarin die hart van 'n nasie hom te weer stel teen die oorheerser en asvanself daarmee ook teen al wat vreemd is. Maar die Godswonder is dat juis onder die bannelinge 'n tweede Jesaja opstaan, die Godsman wie se prediking vir ons bewaar is in die hoofstukke Jesaja 40 en volgende, die man wat tereg genoem is die Evangelis van die Ou Verbond, maar wat ons met eweveel reg kan noem die Universalis van die Ou Verbond. Juis in die tyd van nasionale verknorsing en van verlies van uitwendig-, politiek-, wêrelds-nasionale moontlikhede en aspirasies word die volk deur sy Godsman hom bewus gemaak van sy waaragtige roeping om as 'n goddelike suurdeeg in die wêreld te werk. Wat in die Abramsbelofte van die seëning vir alle volke en in die Sinaiwoord van die heilige nasie, die koninkryk

van priesters nog min of meer verborge, onduidelik was, kom by die tweede Jesaja in bewoordings tot uiting wat nie misverstaan kon word nie:

Julle is my getuie, spreek die HERE,
en my kneg wat Ek uitverkies het. (Jes. 43:10).

En vir wie is hulle die Godsgetuies?

Kyk, nasies wat jy nie geken het nie, sal jy roep,
en nasies wat jou nie geken het nie, sal na jou hardloop
terwille van die HERE jou God
en van die Heilige van Israel, omdat Hy jou verheerlik het (55:5).

Reeds sien die profeet hoe Israel se sendingsroeping vervul word: Manne uit die ver lande van Afrika, uit Egipte, Kus en Sabeërland trek na Sion en buig hulle in die rigting van die heilige stad en bely:

Waarlik, God is in jou;
en anders is daar geen, geen God meer nie! (45:14).

So is die heil nie alleen vir Israel nie, maar wêreldwyd klink die nodiging:

Wend julle tot My en laat julle red
alle eindes van die aarde!
Want Ek is God en daar is geen ander nie.

En met 'n dure eed, 'n eed by die hoogste Gesag sweer die God van Israel dat ook hierdie raadsplan van Hom sal bestaan:

Ek sweer by Myself,
Geregtigheid gaan uit my mond,
'n woord wat nie herroep word nie:
dat voor My alle knie sal neerbuig,
by My elke tong sal sweer.
Hulle sal van My sê: Alleen in die HERE
is volle geregtigheid en sterkte (45:22-24).

Hierdie universalisme van die heil wat aan alle nasies gebied word, verhinder die tweede Jesaja geensins om sy eie nasie lief te hê nie; daar is geen tweede profeet wat so tere woorde oor Sion gespreek het en vir wie Jerusalem so seer die eintlike hart van die wêreld was.

Na die ballingskap 'n selfde wonder. Is dit nie die tyd van die weeropbou van die nasie nie? Sal dan nie alle kragte en alle belangstelling op die eie nasie saamgetrek word nie? Maar die laaste skrifprofeet, Maleagi wat so baie aan te merke het op sy volk, wat sy God minder eer dan sy vreemde goewerneur, die profeet wat in naam van dié God tot sy volk moet



sê: „in 'n offer uit julle hande het Ek geen behae nie," hy sê in een asem die woorde wat die klassieke uitdrukking geword het vir die universalisme van die Godsdiens:

Want van die opgang van die son tot sy ondergang toe
is my Naam groot onder die heidene,
en in elke plek word rookwerk gebring vir my Naam
en 'n rein offer;
want my Naam is groot onder die heidene,
sê die HERE van die leërskare.

Die maatreëls van Esra en sy kommissie wat na drie maande uitsoek watter lede van die Joodse gemeente met uitlandse vroue getroud was, die vroue en hul kinders wegstuur (Esra 9 en 10), lyk ongetwyfeld baie op moderne maatreëls tot suiwering van 'n volk op grond van ras en bloed. Maar nie sonder rede is vir ons in die Skrif uitings van ander gevoelens opgeteken uit dieselfde periode. Hoe ernstig het Maleagi gewaarsku teen sulk 'n skeiding van die vrou van die jeug (Mal. 2:13-16)! En laat die boek Rut nie sien nie hoe 'n uitlandse, 'n Moabitiese dogter die vrome vrou van Boas en sodoende stammoeder van David en sy huis geword het? Leer die boek Jona nie dat Gods erbarming nie by die grense van Juda stilhou nie, maar grenseloos is, alle mense en volke geld tot selfs die goddelose stad Ninevé, en selfs die diere daarin (Jona 4:11). En word in daardie edelste produk van Israelitiese wysheidsdigting, die boek Job, die hoogste triomf van die geloof nie geteken in die persoon van Job, 'n man nie uit die land van Abram, Isak en Jakob nie, maar van vreemde bodem, van die in Israel dikwels so gehate Edomitiese bodem: „daar was 'n man in die land Us, wie se naam was Job, en dié man was vroom en opreg en godvresend en een wat afgewyk het van die kwaad"!

So word aan alle bloed- en bodemfariseïsme die bodem ingeslaan en dis hierdie lyn wat voortgeset word in die Nuwe Testament as dit aan Ragab, die Kanaänitiese hoer, 'n plek gee in die geslagsregister van die Christus Jesus (Matth. 1:5) en in die ry van gelowiges van die Ou en Nuwe Bedeling (Hebr. 11:31, Jak. 2:25).

Die afbreek van alle nasionale eiegeregtigheid kom dan tot volle verwerkliking in die Nuwe Testament. Die voorloper van die Christus lê die byl aan die wortel as hy verkondig: „ek sê vir julle dat God mag het om uit hierdie klippe kinders vir Abraham op te wek" (Matth. 3:9). En die Christus self bevestig hierdie woorde van sy voorloper as hy roep: „Ek sê vir julle dat baie sal kom van ooste en weste en saam met

Abraham en Isak en Jakob sal aansit in die koninkryk van die hemele. Maar die kinders van die koninkryk sal uitgedryf word in die buitenste duisternis" (Matth. 8:11 en 12). Geen plek is deur tradisie heiliger as 'n ander in die sin van nader aan die hemel nie. „Daar kom 'n uur" sê die Heer tot die Samaritaanse vrou, „wanneer julle nie op hierdie berg en ook nie in Jerusalem die Vader sal aanbid nie. Daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid" (Joh. 4:21 en 23). Simon Petrus kom na sy bekering tot die ontdekking „dat in elke nasie die een wat God vrees en geregtigheid doen, Hom welgevallig is" (Hand. 10:35). Paulus het sy roepingsbevel goed verstaan as hy verkondig: „nou dat die geloof gekom het is almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus; daar is nie (meer) Jood of Griek nie, daar is nie (meer) slaaf of vryman nie, daar is nie (meer) man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus" (Gal. 3:25-28). By die nuwe mensheid wat die beeld van die hemelse mens, die Menseseun, dra, daar is „nie Griek en Jood, besnedene en onbesnedene, barbaar, Scith, slaaf, vryman nie, maar Christus is alles en in almal" (Kol. 3:11). Die vier-en-twintig ouderlinge wat die Gemeente verteenwoordig voor die troon van God is blykbaar nie net uit die Israelitiese, Griekse, Romeinse of Noordelike nasies gekies nie, want hulle sing voor die Lam van God: „U het ons vir God met U bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie" (Openb. 5:9), en die martelare, die waaragtige Godsgetuie in heerlikheid is „'n groot menigte wat niemand kan tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale" (Op. 7 : 9).

Ons vat ons indrukke van die prediking van die Skrif aangaande nasionalisme en universalisme saam. Dit lyk of in die Godsplan met die mensheid nasionalisme ongetwyfeld sy plek het. Nasies bestaan na Goddelike ordening. Nasieliefde en nasiediens word asvanselfsprekend veronderstel; ons sien dit by alle Godgeroepe geestelike leiers onder die Ou Verbond. Eeue lank het die Godsregering op aarde nasionale vorm aangeneem, die vorm van die volk Israel. Maar dis nie die begin en nie die einde van die weë van God nie. Die begin is die mens en die mensheid. En die einde — dit predik die Nuwe Testament met onverdeelde geluid en klem — is die nuwe mens en die nuwe mensheid waarin nasionale onderskeidings geen sin het nie. Predik die Skrif dan universalisme as die Godgewilde



wêreld- en lewensbeskouing? Tog ook eintlik nie. Dit predik die Koninkryk Gods. Nie om volk en wêreld gaan dit nie, dit gaan om die Godsregering, die heerskappy van God en Sy geregtigheid in die lewe van individu en volk en mensheid. Hierby is al die andere dinge bykomstig, vir sover hulle die Godsregering bevorder het hulle hul betreklike waarde, vir sover hulle die Godsregering in die pad staan, is hulle uit die bose.

B. GEMSER.

---

Eén naam is onze hope,
Eén grond heeft Christus' Kerk,
Zij rust in éénen doope,
En is zijn scheppingswerk.
Om haar als bruid te werven,
Kwam Hij ten hemel af.
Hij was 't, die door zijn sterven
Aan haar het leven gaf.

Vergaard uit alle streken
In heel de wereld één,
Werd dit haar zalig teeken,
Dat allen is gemeen.
Eén bede vouwt de handen,
Eén zegen breekt het brood,
Eén vuurbaak staat te branden
In 't duister van den dood.

Bij 't bloedlicht der flambouwen,
In 't heetste van den strijd,
Wacht zij in stil vertrouwen
Den vrede voor altijd,
Tot eind'lijk voor haar oogen,
Waarin 't verlangen brandt,
Het schouwspel komt getogen
Der Kerke triumfant.

Uit die Nuwe Gesangbundel N.H.K., no. 112.



PHILIPPUS CAREL BRONKHORST

Hy is gebore in 1836 en oorlede in 1907, en was verskeie jare lank diaken van Witfontein. Sy vader was Johannes Gerhardus Stephanus Bronkhorst wat in 1936 saam met Potgieter e.a. 'n reis gemaak het na Zoutpansberg en daarvan 'n verslag opgestel het. 'n Seuntjie van hierdie J. G. S. Bronkhorst is in dieselfde jaar, 1936, deur die regimente van Silkaats weggevoer. Daar is nooit weer iets van hom verneem nie.

Die verslag van sy vader in verband met die reis na Zoutpansberg is alleen in 'n fragmentariese Engelse vertaling bekend. Die oorspronklike Nederlandse handskrif berus òf hier of daar onder ou papiere, òf dit het verwaarloos gegaan. As daar iemand is wat weet waar dit is sal ons dit graag verneem, want dit is 'n allewaardevolste stuk.

S. P. E.



# DIE VOORTREKKERWA

*Toe . . . hy die waens sien . . . het die gees van Jakob . . . lewendig geword.*—Gen. 45:27.

'n Gebeurtenis sonder weerga in die geskiedenis van ander volke van die wêreld is tans (*) besig om in ons land plaas te vind; sonder weerga, behalwe wat Israel betref.

Ons bedoel die Voortrekkerwaens wat tans oor „die ver verlate vlaktes" van ons land voortbeweeg en wat orals soveel geesdrif wek en blydskap verskaf.

Niemand, selfs nie dié wat vir die grootse gedagte om die ossewatrek te reël, verantwoordelik is, het gedink dat die waens soveel ontroering, entoesiasme en volksgevoel wakker sal roep nie.

(*) (Die preek is gehou op 6 November 1938 met die besoek van die Voortrekkerwaens aan Standerton.)

In die geskiedenis van Israel lees ons ook van waens wat baie geesdrif en blydskap verwek het, so selfs dat die gees van Jakob, 'n grysaard, lewendig geword het.

Jakob het die leuen wat sy seuns hom vertel het omtrent Josef se gewaande dood, vas geglo. Dat dit anders kon wees, het hy nie eers aan gedink nie. Daarom was die berig dat hy regeerder van die hele Egipteland was, vir hom 'n skok. Deur die berig het sy hart beswyk. Hy kon dit nie glo nie. Dit was te goed om waar te wees. Dit was 'n onmoontlikheid.

Dit het sy seuns veel moeite gekos om hom van die waarheid te oortuig. Eers nadat hulle hom haarfyn alles vertel het wat Josef met hulle gespreek het, en hy met sy eie oë die waens gesien het wat Josef gestuur het om hom na Egipte te vervoer, het hy geglo. Die waens het vir hom 'n boodskap gebring, 'n taal gespreek wat leef en wat weerklank in sy siel gevind het.

Die waens het gespreek van:—

(1) Josef se stryd en lyding.
(2) Van sy grootheid, heerlikheid en mag.
(3) Van hoe sterk die bande van bloed by hom was.
(4) Van sy vergewingsgesindheid.

(1) Die sien van die waens wat Josef gestuur het, het die gedagtes van vader Jakob nie net by sy seun bepaal nie, maar

wellig ook by alles wat Josef waarskynlik moes deurgemaak en gely het voordat hy sover gekom het om onderkoning van Egipte te word. Hy het natuurlik besef dat dit nie sommer dadelik na sy aankoms in Egipte kon plaasgevind het nie. Dit het ongetwyfeld veel stryd en inspanning en opoffering gekos.

(2) Maar die waens het ook gespreek van Josef se grootheid, heerlikheid en mag.

Om onderkoning van die groot en toentertyd so magtige Egipte te wees, was voorwaar geen geringe onderskeiding nie. Die onderkoning was die regterhand van die koning en eintlik dié man wat die land regeer het. Sy woord was wet. Sy bevele moes gehoorsaam word. Die mag en rykdom van Egipte was tot sy beskikking. Daarom was dit vir hom moontlik om soveel waens te stuur dat nie net sy vader nie, maar ook al sy familie vervoer kon word.

(3) Die waens het gespreek van hoe sterk die bande van bloed by Josef was.

Hoewel Josef groot en ryk en van hoë aansien was, het hy hom nie geskaam om die seun van 'n eenvoudige herder te wees nie. Hy wis dat herders by die Egiptenaars nie hoog aangeskryf gestaan het nie, dat op hulle neergesien is, en tog het hy, nie net in sy eie paleis, maar ook in die koninklike hof, ja oor die hele Egipteland, laat bekend word dat hy uit 'n herdersgeslag is. Nadat hy hom aan sy broers bekend gestel het, het hy dadelik die nodige maatreëls getref om sy ou vader en die ander familielede te laat haal om in Egipte te kom woon. Hy het aan sy broers gesê: „Trek gou op na my vader en sê vir hom: So spreek u seun, Josef — kom af na my, moenie versuim nie." Hy het waens gestuur om hulle en hul goed te vervoer en esels gelaai „met die beste goed van Egipte, met koring en brood en voedsel vir sy vader op die reis." Uit alles het geblyk dat hy met groot verlange, ja selfs met ongeduld uitgesien het na die dag van ontmoeting met sy vader.

(4) Die waens het ook gespreek van Josef se vergewensgesindheid.

Die sonde wat sy broers teenoor hom bedryf het, die onreg wat hulle hom aangedoen het, was groot. Veel het hy gely as gevolg van hulle handelswyse. Wat hulle verdien het was sy weerwraak, wat hulle verwag het, was die dood. Instede daarvan egter ontvang hulle vergewing en hulp en uitredding uit



die nood. „God het my voor julle uitgestuur," so sê hy, „om julle in die lewe te hou tot 'n groot verlossing."

Wat die waens van Josef vir Jakob was, is die Voortrekkerwaens vir ons. Soos die sien van die waens die gees van die oue vader Jakob lewendig laat word het en hom laat juig het: „Dit is genoeg! My seun Josef leef nog," so het die sien van die Voortrekkerwaens die bewoners van elke dorp of stad waar hulle aangedoen het, laat juig. Die gesig van die waens laat in Afrikanerharte 'n wonder-heerlike gevoel ontstaan, 'n gevoel van blydskap en dankbaarheid en trots. Afrikanerharte klop harder en hulle polsslag slaan vinniger.

Soos die sien van die waens die gedagtes van Jakob gevoer het na Josef en na wat hy wedervaar het sedert hy die ouerlike huis verlaat het, so voer die sien van die waens ons gedagtes terug na die Groot Trek van 100 jaar gelede en na wat die stoere vaders op die pad van Suid-Afrika wedervaar het.

Die waens spreek ook tot ons in die eerste plek van hulle stryd en lyding.

Dit was 'n woeste onbekende wêrelddeel wat hulle ingetrek het, weg van die beskawing, vol van gevare. Hulle moes vir hulle 'n weg baan oor hoë berge, deur volle riviere en digte bosse. Hulle het soms gebrek gely. Meer as een keer was hulle aan alle kante deur 'n groot oormag van die vyand omring en het die dood hulle in die aangesig gestaar. Dikwels het dit hulle aan die nodige ontbreek om hulle gewondes te verbind en hulle krankes te verpleeg. Hewig was die stryd wat hulle moes voer. Groot die lyding wat hulle moes verduur. Nieteenstaande dit alles het hulle tog nie terug verlang na die vleispotte van die Egipte wat hulle verlaat het nie. Hulle het volhard op die eenmaal ingeslane pad van Suid-Afrika.

Die waens spreek in die tweede plek tot ons van die grootheid, heerlikheid en mag van die Voortrekkers.

Hulle grootheid het egter nie bestaan, soos in die geval van Josef, in die vername en hoë posisie wat hulle beklee het; hulle heerlikheid het nie bestaan in die skoonheid van die paleise wat hulle bewoon het, in die sierlike klere wat hulle gedra het nie; hulle mag het nie bestaan in tien en honderd duisende wat hulle stem moes gehoorsaam nie; nee, hulle grootheid, heerlikheid en mag het bestaan in die moed en durf wat hulle aan die dag gelê het, in hulle taaiheid en volharding, in hulle eenvoud en ongekunstelheid, in die adel van hulle karakter, en veral in hulle

geloof en Godsvertroue. Die dinge is dit immers wat die mens groot maak en sterk.

Kan dit ook van ons, die nageslag, gesê word? Of is dit juis omdat dit ons ontbreek aan moed en durf, aan taaiheid en volharding, dat ons nie in staat is om veel te verrig wat goed en groot is nie en in belang van Kerk en volk? Daar is by ons as volk teenswoordig te veel gemaksug en hebsug, te veel grootdoenery en na-apery, te veel gemaaktheid en onopregtheid.

Kan ons nog roem oor die adel van ons volkskarakter? Stem u saam dat dit ondermyn is deur oneerlikheid, deur winsbejag en deur onsedelikheid? Ons is as volk besig om af te dwaal en om dwaalligte te volg wat ons sal lei tot ondergang en verderf. Ons geloof en Godsvertroue is vandag nie meer die rugsteun, anker en hoop van baie van ons volk nie. Daar is duisende seuns en dogters van Suid-Afrika, kinders van die vrome voorvaders, wat nie meer op die God van hulle voorvaders hulle vertroue stel nie. Hulle gaan Gods huis verby, Gods Woord is vir hulle 'n geslote boek. Gods stem word nie meer gehoorsaam nie en die gesag van Gods Woord word nie meer erken en geëerbiedig nie. 'n Volk sonder God is 'n verlore volk. Donker is sy toekoms. Ikabod is sy naam. „Wie afvalt van den hoogen God moet vallen." En daarom laat ons as volk terugkeer tot die God van ons vaders, alleen dan is daar vir ons volk 'n toekoms.

Die waens spreek ten derde van hoe sterk die bande van bloed ook by ons moet wees.

Die sien van die Voortrekkerwaens herinner ons aan die stryd wat ons voorouers gestry en die leed wat hulle verduur het, terwille van ons, die nageslag. Hulle het getrek om vir ons, soos Josef vir sy broers, „'n oorblyfsel op die aarde te verseker" en om ons „in die lewe te hou."

Hoe is dit teenwoordig? Is die bande van bloed wat ons as broers en susters, wat ons as volk saambind, vandag nog net so sterk soos vroeër? Helaas, nee. Die familiebande het verslap. Die gees van helpmekaar het by baie verdwyn. Daar is gevalle waar broers en susters, kinders van dieselfde ouers, in twee kampe verdeel is en mekaar bestry en vervolg, mekaar beny en beveg. Daar is gevalle waar broers en susters om een of ander belaglike rede, soms sonder enige rede, vreemdes is vir mekaar en mekaar vir baie jare nie gesien het nie. Die liefde



vir en die belangstelling in mekaar se wel en wee ontbreek, asook die begeerte om mekaar op te soek.

Die waens van Josef het hereniging tussen hom en sy broers en sy vader bewerk. Dit skyn asof die Voortrekkerwaens ook hereniging onder ons volk sal teweegbring. Oral waar die waens gekom het, het 'n gees van toenadering die skares besiel. Die bede van duisende is dat die God van ons vaders, die toenadering sal laat uitloop op hereniging van ons volk.

Deur die sterke bande van bloed is Josef voortgedryf geword om die waens te stuur, waardeur nie net hereniging bewerk is nie; maar waardeur redding teweeggebring is. Sy vader, broers en ander familielede is daardeur van die hongerdood gered.

Daar is drie honderd duisend van ons volk wat honger ly! Wat onder die broodlyn leef! Hulle ly honger hoewel Suid-Afrika een van die rykste lande van die wêreld is. Hulle ly honger hoewel ons land 'n surplus het aan meel en vleis en botter en so meer, en groot hoeveelhede daarvan na oorsee uitgevoer word, soms teen weggee pryse. En hulle wat honger ly is die nageslag van dié mense wat alles opgeoffer het om Suid-Afrika bewoonbaar te maak. Hulle verkeer in ellende in die agterbuurte van ons groot stede; hulle is die houthakkers en die waterputters in die land wat met die bloed van hulle voorgeslag gekoop is.

Daar is drie honderd duisend van ons volk wat honger ly! Dit is 'n skande, 'n groot skande. Dit is die skuld van hierdie en van alle vorige regerings, sal u wellig sê. Ek stem saam. Hulle het geprobeer om te help, maar hulle het nie genoeg gedoen nie. Hulle het nie iets blywends tot opheffing van die arme mense gedoen nie. Maar, wat het u self gedoen om die toestand te probeer voorkom of om verandering aan te bring? Dit is natuurlik in die eerste plek die plig van die Regering, maar dit is ook die plig van elkeen wat homself 'n Afrikaner noem. Wat doen u?

Daar is baie mense wat teenwoordig spog met hulle Voortrekkerafkoms—en hulle het baie rede om dit te doen—maar die enigste vraag van belang is nie: Wie was u voorouers? want daar is nog 'n ander vraag wat van netso groot belang is: Wie is u? Wat het u al gedoen vir u volk en u vaderland en vir u mede-Afrikaner wat gebrek ly? Daar is wat baie oor die

armoede van die deel van ons volk praat, maar wat self niks doen nie, wat selfs die verarmde mede-Afrikaner vermy en op hom neersien. Daardie sleg geklede mense, wat in ellende verkeer, is ons mense, vlees van ons vlees en been van ons been. Wat gaan u vir hulle doen? Of sê u ook met Kain: „Is ek dan my broer se wagter?"

Die hoop en bede van elke Afrikaner wat dié naam werd is, is dat die boodskap wat God deur die Voortrekkerwaens stuur, deur ons volk opgevang en verstaan en ter harte geneem sal word en dat dit ons volk daartoe sal bring om voortaan saam te staan, die hande in een te slaan en 'n groot reddingsdaad te doen tot opheffing van ons armes. Die waens wat Josef gestuur het, het ten 4de getuig van sy vergewingsgesindheid.

O dat God die voortrekkerwaens mag gebruik om dit ook in ons harte te bewerk! Daar is soveel wat ons mekaar moet vergewe, daar sal ongetwyfeld ook in die toekoms veel wees, want ons is maar mense. Goeie samewerking en eensgesindheid is sonder vergewingsgesindheid nie moontlik nie. As ons nie mekaar kan vergewe nie is ons as volk gedoem. As ons ons volk lief het, as ons iets tot redding van ons nageslag wil doen, as ons verlang dat ons volk op die pad van Suid-Afrika moet bly, dan moet ons gewillig wees om te vergewe. Josef se laaste boodskap aan sy broers, net voor hulle vertrek, was: „Moenie vir mekaar kwaad word op die pad nie." Josef het die rusie-makerigheid van sy broers geken, dit self ondervind. Dit is helaas ook 'n karaktertrek van ons volk, van die voorgeslag, sowel as van ons, die nageslag. Ons is so dikwels kwaad vir mekaar, so dikwels jaloers op ons broer as dit met hom beter gaan, as hy meer voorspoedig is as ons. Daarom wil ek ons volk op die Pad van Suid-Afrika toeroep: „Moenie vir mekaar kwaad word op die pad nie." En as daar verskil, onenigheid kom, wees dan groot genoeg om te vergewe en reik mekaar die broederhand.

„Toe hy die waens sien het die gees van Jakob lewendig geword." Geen moeite en opoffering was vir hom te groot, as hy maar met Josef verenig kon word. O! dat dit tog ook waar mag wees van ons volk, dat die gees lewendig mag word onder ons om saam te staan en die volksmure op te bou, die mure van eerlikheid en opregtheid, welwillendheid en sedelikheid, veral die mure van ons geestelike Jerusalem.

As God dit so mag bewerk dat deur die Voortrekkerwaens die gees van ons volk lewendig word tot hereniging en tot



samesnoering van ons kragte, dan sal ons en tot in verre nageslagte die Afrikanervolk, hierdie gebeurtenis steeds in dankbare herinnering hou. Die voortrekkerwa was in 1838 'n middel in Gods hand om groot dinge vir ons voorouers te doen. Dit was vir hulle 'n woonhuis en 'n vervoermiddel, 'n hospitaal en 'n tempel, 'n fort en 'n vesting, 'n beskutting teen die koue van die nag en die hitte van die dag, selfs teen die moordende assegaaie van duisende vyande, 'n beskutting in vrede en in oorlog. Saam met helde het die voortrekkerwa opgetrek ten stryde. In die wa en om die wa is veel gely en gestry. Hy dra die littekens van die stryd. Hy is bevlek met die bloed van helde. Hy is getuie van moederwee en kindersmart. Hy is die draer van die draers van die beskawing.

Mag God ook die Voortrekkerwaens van 1938 gebruik om groot dinge vir ons volk te doen. Ons volk is in en om die voortrekkerwaens van 1838 gebore. Mag God gee dat in en om die voortrekkerwaens van 1938 ons volk herbore, weder-gebore sal word, wedergebore tot bewaring en tot handhawing van ons erfenis: ons taal, ons tradisies en ons godsdiens; tot opbouing van ons volksmure; wedergebore tot hereniging van die broers van dieselfde huis, tot 'n reddingsdaad in belang van ons minderbevoorregte broers; wedergebore tot nasiediens en bo alles tot diens en tot eer van God. *Soli Deo Gloria!*

T. F. J. DREYER.

Standerton.

---

O Gij, der vaad'ren vast vertrouwen,
Hun hulp en toevlucht in 't gevaar,
Dit land is nergens te aanschouwen,
Of uwe almacht toont zich daar;
Geheel het oude Vaderland
Was steeds een wonder van uw hand.

Red, schraag, versterk door uw vermogen,
Wat eens uw hand gewrocht heeft, Heer!
Zoo slaan w'op U de dankbaar' oogen
En geven U als Redder eer;
Zoo word' door voor- en nageslacht
Uw naam de glorie toegebracht!







## 'N TWEELING

Hiernaas vind ons die portrette van twee susters, 'n tweeling. Links is dié van mev. Martha Sophia Jacobs, geb. Hatting, en regs, dié van mev. Cornelia Margaretha Etresia Pretorius, geb. Hatting. Hulle is op 8 Maart 1856 op die plaas Elandsfontein, distrik Heidelberg, gebore. Tant Martha is in 1871 met J. H. Jacobs getroud, later die bekende en waardige ouderling van Heidelberg, oorlede in 1923; en vanaf die tyd woon sy by haar dogter, mev. Jan Steyn, van Morgenzon. Sy doen nog naaldwerk en lees nog sonder bril.

Tant Nelie is in 1892 getroud met J. H. Pretorius, ook van Heidelberg. Ook hy het verskeie jare die Hervormde Gemeente as ouderling gedien. Sy woon nou by haar dogter, mev. Nic. v. d. Westhuizen.

Op 8 Maart van hierdie jaar het die twee ou susters die voorreg gehad om hulle verjaardag saam met mekaar deur te bring.

Ons wens hierdie twee ou moeders Gods bystand en genade toe in hulle lewensaand. Hulle ontslape eggenote het veel gedoen vir die Kerk, en dit word nie vergeet nie.

S. P. E.

# HOE KAN DIE VROU HAAR PLIG NAKOM IN DIE KERKLIKE LEWE

Hiermee is dit nie die bedoeling om die vroue lidmaat uit die Christelike gemeenskap te neem en as afgesonderde groep te behandel nie, maar meer om die werk wat die vrou in die gemeente en die Kerk kan verrig te beklemtoon.

In alle gemeentes word dit ondervind dat die ywerige hulp van die vrou in verband met die insameling van fondse onmisbaar is en hoog op prys gestel word. As die vroue 'n saak aanpak word dit altyd intens en deeglik gedaan, omdat dit die vroue-aard is om dinge tot in die besonderhede deeglik en goed te doen.

Maar nie alleen het die vrou 'n aanleg in die rigting van organisasie nie, sy het 'n rigting nog veel sterker en intiemer aan haar eie, en dit is nl. dié van opvoedster. Saam met haar kind ontvang sy die wonderlike genade van natuurlike opvoedster, en 'n normale moeder sal meesal intuïtief weet hoe om te handel met kinders sonder dat hulle definitiewe opleiding in die rigting ontvang het. Daarom is daar nog 'n werk in die Kerk, nl. Sondagskoolonderwys, waarmee moeders behulpsaam kan wees. Dis ook een van haar dure verpligtings om sorg te dra dat die kind 'n Christelike opvoeding ontvang. God lê die kern van die Geloof as 'n kiem in elke mensekind. Hy gee die wasdom maar laat ons toe om aan die versorging, die beskerming en die kweking deel te neem. Daarom kan ons die groot plig nie ligtelik van ons afskuif nie.

In die betoning van liefdadigheid vind die vrou nog 'n rigting waarin sy kan werk. Die sfeer van die vrou se werksaamhede gee haar 'n dieper wete en belewing van die behoeftes van 'n huishouding as wat die man besit. Daarom het sy ook soveel grondiger besef van wat behoefte en gebrek in 'n ander gesin kan beteken en word haar liefdadigheidsbetoning 'n soveel intiemer daad, veel meer onmiddellik as dié van die man. As dus die armesorg van die gemeente tot 'n groot mate gelaat word in die hande van die vrou, kan die Kerkraad met gerustheid die armes aan haar sorg toevertrou, mits hulle natuurlik nie hulle belangstelling en verantwoordelikheid verloor nie.



Die vrou is ook die aangewese persoon om sorg te dra dat daar soms gesellige verkeer in die gemeente plaasvind. As lidmate van een gemeente en een Kerk is dit ook noodsaaklik dat hulle mekaar sal ken en bemoedig. Dit kan nie gebeur as ons net op Sondae mekaar sien in- en uitgaan by die kerkdeure nie. Daarom is dit goed dat die vroue geleenthede skep waar lede mekaar kan ontmoet en vriendskaplike omgang met mekaar kan beoefen. Dra mekaar se laste en vervul also die wet van Christus.

Nog van groter belang is dit as vroue saamkom en al hierdie sake met mekaar bespreek. In 'n wêreld van verwarring en veroppervlakkiging het die vrou ook behoefte aan geestelike kontak met ander Christelike vroue. Hoe verkwiklik kan dit wees om met geesverwante in verbinding te tree en saam te strewe na wat hoog en edel is. So 'n verhouding kan ons versterk, weer rigting en koers aandui. Die vrou wat die atmosfeer in die huis moet skep, het baie lig en leiding nodig. Sulke samekomste kan ook in die rigting vrugdraend wees. Die Christelike vrou wil in alle beskeidenheid haar plig vervul teenoor haar gesin en die samelewing.

Daarom is dit noodsaaklik dat daar georganiseerde Susterverenigings sal bestaan in onse gemeentes. Dit wil nie sê dat die spontane samewerking sonder so 'n vereniging onderskat word nie — of dat ons aan die ander kant 'n uiterlike organisasie oorskat nie, maar een ding is seker dat deur georganiseerde krag veel meer tot stand gebring kan word.

Waar soveel kragte saamgesnoer word, word werk gevind om die kragte aan te bestee, en sodoende kom daar soveel meer positiefs tot stand en ontstaan 'n gesamentlike doel wat nágestreef moet word. As die individuele groepe dan gekonsolideer word, sal die koers en rigting bestendig en uniform word en daaruit sal elke afsonderlike groep weer krag en inspirasie put.

Daarom is dit ook van belang dat die vrouekragte in ons Kerk nou georganiseer sal word in een groot algemene vereniging wat koers en rigting kan gee aan alle afsonderlike verenigings en wat ons oortuig van is van onskatbare betekenis kan wees vir ons Kerk in die algemeen.

M. R. OOSTHUIZEN.



MINNAAR — BRONKHORST

Philippus Carel Minnaar, geb. in April 1822 en oorlede in Mei 1897. Hy was 'n beroemde veldkornet van genl. Hendrik Potgieter. Naas hom staan sy vrou, Maria Jacoba Bronkhorst, geb. 10 Oktober 1827, oorlede 2 Februarie 1917. Sy was 'n suster van Philippus Carel Bronkhorst, van wie in die uitgawe ook 'n portret afgedruk word. Twee troue lede van die Kerk.

S. P. E.



## DIE REDDINGSDAAD

Die ekonomiese volkskongres wat 3, 4, en 5 Oktober in Bloemfontein gehou is, is van so'n groot betekenis, dat dit seker nie van onpas sal wees om een en ander daaroor te skryf nie. Dit is seker van die uiterste belang dat hierdie saak die bekendheid sal kry, wat dit ongetwyfeld verdien, en die ondersteuning van elke reggesinde man, vrou en kind sal geniet. As hierdie skrywe daartoe kan bydra om hierdie grootse saak te bevorder, sal dit seker sy verskyning in ons Almanak regverdig.

Waarom is 'n reddingsdaad nodig? Dit is die eerste vraag wat ons aandag verdien. Om ook maar enigsins 'n bevredigende antwoord op hierdie vraag te gee, is dit nodig om eers te sien wat die probleem is, wat deur hierdie reddingsdaad opgelos moet word.

Dit is algemeen bekend dat Suid-Afrika tot op die tyd van die ontdekking van diamante en goud, 'n boereland was. Dit was 'n landbouland waarin handel en nywerheid geen noemenswaardige rol gespeel het nie. Die bevolking was feitlik 100% boere. Soseer was dit die geval, dat die volk na sy bedryf genoem is. Algemeen is gepraat van die Boere, en die Boerenasie. Met die ontdekking van diamante en goud, het dit baie gou anders geword. By hulle duisende het die Uitlanders ingestroom. Hulle enigste doel was om deel te kry aan die fabelagtige rykdom van Suid-Afrika. Baie van hulle was gewone bondeldraers, wat gehoop het om hier skielik ryk te word. As 'n bevolkingsgroep was hulle nie toegerus om kultuurdraers en nasiebouers te wees nie. Hierdie hordes het op die Witwatersrand en Kimberley neergestryk, soos aasvoëls op die karkas van 'n dooie perd. Hulle plan was om sodra hulle fortuine versamel het, weer weg te vlie. Maar soos aasvoëls soms na die perd verslind is, nie by magte is om te vlie nie, omdat hulle te goed gevul is, so het ook duisende van hierdie uitlanders gevind dat hulle nie kon wegkom nie. Hulle het gebly, en teer nog steeds op die karkas van Suid-Afrika se rykdomme. Hul vriende en familie het gekom, en kom nog steeds. Aan al hierdie geskarrel om rykdomme te versamel het die ou bevolking geen deel gehad nie. Hulle het boere gebly. Hulle het met 'n mate van

minagting die bedrywighede van hierdie smouse en winkeliers gade geslaan. Hulle het nie so dadelik besef dat 'n nuwe tydperk in ons geskiedenis aangebreek het nie. Die gedagte dat Suid-Afrika nou besig was om van 'n landbouland in 'n nywerheidsland te verander, het hulle nie in die minste ge-interesseer nie. Hulle het dan ook geen aandeel vir hulle, of vir hulle kinders, geëis nie. So het dit dan gebeur dat hierdie vreemdelinge die hele handel en nywerheid vir hulself ingepalm het, en die besigheidsmense en die nyweraars geword het, terwyl die Afrikaner tot die boerdery, en die professies, beperk is. Die Afrikaner het hierdie toestand aanvanklik met onverskilligheid aanvaar. Vir hom was dit 'n uitgemaakte saak dat alleen uitlanders besigheid kon doen. 'n Afrikaner is 'n boer. Sy ambisie moet wees om 'n plaas te besit, en te boer, of te laat boer. Die enigste alternatief was om sy kind na die hoërskool en universiteit te stuur, waar hy of sy vir die een of ander professie kon opgelei word. As gevolg van die baie teenslae wat die boerdery in Suid-Afrika gedurig kry, terugslae, soos droogtes, sprinkane, onbetalende pryse ens., en as gevolg van die toenemende produksiekoste en hoër lewensstandaard, het hierdie deel van die bevolking by die dag armer geword. Duisende boere kon die stryd nie volhou nie, en moes hulle plase verlaat, en 'n heenkome in die stede gaan soek. Omdat hulle geen deel in die handel gehad het nie, en geen tegniese opleiding gehad het nie, moes hulle noodgedwonge werk gaan vra by die uitlandse handelaars en nyweraars. Hierdie uitlanders was die Afrikaner alles behalwe goedgesind, en hulle het van die Afrikaner se verleentheid gebruik gemaak om hom as arbeider in hulle diens, te exploiteer. Hierdie toestroming van Afrikaners na die stede het by die dag toegeneem, en gaan nog onverminderd voort. In ons land het dan nou die toestand ontstaan, dat die Afrikaner die boer is, en moet worstel om te bestaan, en verder is die Afrikaner die arbeider wat deur sy vreemde werkgewers uitgebuit word. Die uitlanders is daarenteen die ryk handelaars en nyweraars, wat deur die mag van hulle geld, 'n te grote seggenskap het. Hulle word by die dag ryker, en ons armer. Hulle is die werkgewers, ons die werknemers. Hulle is die base, en ons die knegte. Hierdie toestand word nog vererger deur die feit dat hierdie ryk menere nie nasiebouers is nie. Hulle bydrae tot die bou van 'n Suid-Afrikaanse nasie is presies 'n groot ronde nul. Hulle het nie 'n vinger verroer om in Suid-Afrika 'n eie taal te skep nie. Hulle kan selfs nie



eers gedwing word om die taal te leer nie. Hulle het nie die minste bygedra om 'n kultuur te skep nie. Hulle was diegene wat ons kultuur konsekwent geminag en bestry het. Hulle het nie eers bygedra tot die stoflike welvaart van die land nie. Voor hulle koms was hier geen armblankes nie, terwyl tussen drie- en vierhonderd duisend inwoners van Suid-Afrika vandag armblankes is. Hulle is geestelik steriel. Hulle is die nasionale muile wat nie by magte is om 'n geestelike nalatenskap te hê nie.

Die Afrikaners daarenteen het 'n eie Suid-Afrikaanse taal en kultuur geskep. Die Afrikaners was die nasiebouers. Die geskiedenis van Suid-Afrika is die geskiedenis van die worstelstryd van die Afrikaner, om in weerwil van die teenstand van hierdie parvenus, hier in Suid-Afrika 'n eie Volk te wees, met 'n eie taal en kultuur, en 'n eie blanke beskawing. Daarom is dit dat die Afrikaners die geestelike aristokrate van Suid-Afrika is. Die intelligentia van Suid-Afrika. Die skeppers en draers van 'n eie kultuur. Die draers van die volksgedagte. Die bewaarders van die volksiel. Dat hierdie volksdeel nou oorheers moet word deur die onvrugbare, nasionaal agterlike, skielik rykgeworde smouse en bondeldraers, is 'n toestand so ongesond as maar denkbaar is.

Dit is dan die probleem wat deur middel van die reddingsdaad opgelos moet word. Hoe kan hierdie onhoudbare toestand verander word, en vir die Afrikaner 'n regmatige aandeel in die handel verkry word? Hierdie vraag het die aandag van vooraanstaande Afrikaners reeds jare besiggehou. Talle jong Afrikaners het van hierdie saak 'n studie gemaak en skemas uitgewerk, om die gewenste doel te bereik. Toe Dr. Kestell dan tydens die eeufees 'n beroep gedoen het om 'n daad te verrig, wat as 'n reddingsdaad aangemerk kan word, was die tyd daar om die saak met krag aan te pak. Die ekonomiese volkskongres was die gevolg hiervan. Dit is nie moontlik om hier 'n oorsig te gee van die referate wat daar gelewer is en die voorstelle wat aangeneem is nie. Die referate sal eersdaags in druk verskyn, en van die voorstelle sal ons nog baie hoor.

Van groot betekenis is egter dat ons sal verstaan en insien dat 'n nuwe era in ons volksgeskiedenis aangebreek het. Soos die Groot Trek 'n honderd jaar gelede 'n nuwe tydperk begin het, so begin hierdie tweede Groot Trek 'n nuwe tydperk. Soos

die Groot Trek 'n geloofsdaad was, so is ook hierdie reddingsdaad 'n geloofsdaad. Die Voortrekkers het as baanbrekers, die binneland van Suid-Afrika mak gemaak, en dit as 'n tuiste vir hul nageslag bewoonbaar gemaak, en met hierdie reddingsdaad gaan die Afrikaners as baanbrekers die handel en nywerheidswêreld verower as 'n gebied wat 'n lewensbestaan vir ons nageslag sal verseker, en ons kinders 'n regmatige aandeel sal gee aan die rykdomme, wat God in ons land vir ons weggelê het. Hier het ons dus te doen met 'n saak wat die heelhartige steun van elke Afrikaner verdien. Dit is gelukkig 'n saak wat buite en bokant die partypolitiek staan. Dit het niks met partye te doen nie. Die volk moet hier saamstaan soos met die eeufeesviering. Dit is ook geen rassesaak nie, want onder die ou bevolking is ook talle Engelssprekendes wat reeds so lank in Suid-Afrika is dat hulle hul lot met ons ingewerp het. Hulle is net so uitgeskuif soos ons. Daar is dus geen enkele rede waarom elke Afrikaner nie sy steun aan hierdie saak kan verleen nie. In die dae van die Groot Trek was daar baie mense wat nie die betekenis van die Trek verstaan het nie, en opsy gestaan het, en selfs gekant was daarteen. Hulle nageslag skaam hulle vandag daaroor. As ons vandag hierdie Tweede Trek onsimpatiek gesind is sal ons nageslag hulle daaroor skaam.

Wat ons Kerk betref voel ek oortuig dat ons weer soos in die dae van die Groot Trek, ons plig sal doen. Dit is vandag ons roem dat die Ned. Herv. Kerk die Voortrekkerkerk is. Ons moet nou sorg dat ons dieselfde nalatenskap aan ons kinders oorhandig. In die dae van die Groot Trek was ons Kerk die enigste Kerk wat die visie gehad het. Ons susterkerk sal sy flater van honderd jaar gelede nie weer herhaal nie. Hieroor is ons terwille van ons volk baie bly. Moenie toelaat dat ons Kerk onverskillig of afsydig teenoor hierdie Tweede Trek staan nie. Dat die Ned. Herv. Kerk as Voortrekkerkerk weer sy plig gevoel het, en weer dadelik op die roepstem van die Volk geantwoord het, blyk uit die feit dat ons Kerk op die kongres deur die hele moderamen verteenwoordig was. Laat ons volhard in hierdie belangstelling, en kragdadig help.

A. OOSTHUIZEN.

Heidelberg,
12 Okt. 1939.



# PRESIDENT WILLEM CORNELIS JANSE VAN RENSBURG

Daar is vandag min mense oor wat nog iets van president Van Rensburg weet. Dit is waar, hy het maar 'n kort rukkie hierdie hoogste amp in ons ou Zuid-Afrikaansche Republiek beklee, maar hy verdien tog nie om vergete te word nie. Sy vader was Hendrik van Rensburg, gedoop op 4 November 1759 en op 21 April 1782 getroud met Susanna Josina Scheepers, en na haar dood op 2 September 1804 hertroud met Martha Magdalena Scheepers, weduwee van Gerrit Oosthuizen.

Hierdie Hendrik van Rensburg was 'n bekwame persoon en 'n man van invloed. Goewerneur J. W. Janssens noem hom in 'n brief aan kommissarisgeneraal J. A. de Mist as 'n man van „verstand en veel ambitie." Hy het verskillende plase gehad, o.a. Van Stadensdam, wat op die westelike oewer van die Visrivier geleë is, ongeveer waar die Tarkarivier instroom. In 1803 het hy hier gewoon. Hy was 'n bekende kommandant en 'n dapper aanvoerder van die Boere teen die inboorlinge. Tydens die eerste okkupasie van die Kaap was hy in Graaff-Reinet een van die leiers van die verset teen Maynier. Hierdeur moes hy met 'n aantal volgelinge vlug en hom oostelik van die Visrivier skuil hou. Toe die Hollandse bewind aan die Kaap herstel is, kon hy weer na sy plaas terug gaan, en hy het toe aan Goewerneur Janssen sy vreugde betuig om „Hollands gezag terug te zien." Hy het hom weer binne die grense van die Kaapkolonie gevestig en het veldkornet en heemraad van die nuwe distrik Uitenhage geword. Toe die Engelse die Kaap vir die tweede keer kom vat het, het hy aan die slag van Muizenberg deelgeneem om die Britse gesag uit die land te weer. In die Kaapse argief is 'n aantekening dat hy op 21 September 1828 baie siek was. Sy testament is op 14 November van dieselfde jaar in die weeskamer vertoon, sodat hy tussen hierdie twee datums oorlede is. Die afstammelinge in Transvaal het nog verskillende voorwerpe gehad wat aan hom behoort het, soos 'n seëlring, silwer skoengespes, militêre eretekens, ses medaljes en nog ander dinge, maar deur die verwoestings wat daar oor ons land gegaan het, het dit verwaarloos geraak.

*Regs: Elisabeth M. J. du Plessis, vrou van pres. van Rensburg; links: haar skoonsuster, mev. A. C. Botha.*





*Vier geslagte met die naam Petrus Stephanus Jansen van Rensburg: 'n seun, 'n kleinseun, 'n agter-kleinseun en 'n agter-agter-kleinseun van president van Rensburg.*

Die kinders van Hendrik van Rensburg het aan die Trek deelgeneem. Hulle was by die Natalse trekke en met die moorde langs Bloukrans en Moordspruit is hulle op 'n koppie vasgekeer—nou die Van Rensburg-koppie genoem—waar hulle hul teen 'n geweldige oormag van barbare staande gehou het tot eindelik hulle ammunisie opgeraak en 'n wisse dood hulle in die oë gestaar het. Toe was dit dat Martinus Oosthuizen sy heldedaad gedoen en hulle kruit en lood gebring het. Een van hulle was Willem Cornelis Jansen van Rensburg, 'n seun van die genoemde Hendrik van Rensburg. Hy is op 16 Mei 1818 gebore en in 1838 is hy getroud met Elisabeth Maria Jacoba du Plessis, gebore op 31 Oktober 1819.

Die Van Rensburgers is nadat Natal deur die Engelse van die Voortrekkers afgeneem is, na Transvaal, waar Willem Cornelis 'n leidende aandeel in die landsake geneem het. Hy het eers by Ohrigstad gewoon, maar met die verlating daarvan het hy hom op die plaas Kafferskraal, by Rustenburg, gevestig. Daar woon nog 'n seun en verskillende kleinkinders van hom. In die jare 1850—1855 was hy lid van die Transvaalse Volksraad, en in Februarie 1858 het hy lid van die Uitvoerende Raad

geword. Toe president M. W. Pretorius in Januarie 1860 na die Vrystaat is waar hy as Staatspresident gekies was, is Van Rensburg as fungerende Staatspresident van die Zuid-Afrikaanse Republiek benoem. Hy wou hierdie benoeming egter nie aanvaar nie. Op 1 Desember 1861 het hy, toe die kommandantgeneraalskap vakant geword het, fungerende Kommandant-generaal geword. Die Republiek het na die vertrek van Pretorius nog altyd sonder 'n President gesit en in April 1862 is Van Rensburg as fungerende President gekies in die plek van Stephanus Schoeman wat moes aftree. Hierdie keer het hy dit aangeneem en was in 'n fungerende kapasiteit aan die hoof van die Staat tot in Oktober 1863 toe die presidentsverkiesing plaasgevind het. Van Rensburg en M. W. Pretorius was die twee kandidate. Van Rensburg is toe gekies met 1106 stemme terwyl Pretorius slegs 1065 stemme gekry het. Die inswering het op 23 Oktober van dieselfde jaar plaasgevind. Om verskillende redes is egter in Januarie 1864 besluit om opnuut 'n presidentsverkiesing te hou. Hierdie keer het Pretorius die meeste stemme gekry. Hy is op 9 Mei 1864 ingesweer en Van Rensburg het hom toe deur sy uiters swakke gesondheid uit die staatsake terug getrek, en is op 13 Aug. 1865, op sy plaas, Kafferskraal, in die ouderdom van sewe-en-veertig jaar oorlede.

S.P.E.

---

Nie langs die loom en lae strande,
nie in die loom en lae lug,
nie onder druk van vreemde hande,
waar nog die mens in onmag sug —
maar diensbaarheid met voete trappend,
op hoë krans die vlerke klappend,
het hul die vryheid dáár gevind.
Daar is die donsvlerk uitgestrek,
daar is die voorgeslag gewek
van Afrika se trekkerskind.

TOTIUS.





*Petrus Stephanus en Lucas Willem Jansen van Rensburg, twee seuns van president van Rensburg.*

## MARTIN LUTHER

Die portret hiernaas stel die groot kerkhervormer, Martin Luther, voor. Dit is gemaak van 'n skildery deur Bartel Bruyns (1493-1555), 'n tydgenoot van Luther. Die oorspronklike wat afkomstig is uit die Shawberry House Collection, is tans in Pretoria. Dit is in die besit van die Nederlandse Gesant, Jhr. W. F. van Lennep. Die bekende Nederlandse deskundiges op die gebied van skilderye, prof. dr. Vogelsang te Utrecht, en dr. Hofstede de Groot, het albei gesertifiseer dat dit eg is. Ons plaas die portret van die skildery ook omdat die oorspronklike nou tydelik in Pretoria is, want dit is wel merkwaardig om in Suid-Afrika 'n oorspronklike skildery van Luther te hê wat tydens sy lewe gemaak is. Dit is nie bekend of dit al eerder gepubliseer is nie. Onder al die gepubliseerde portrette wat onder ons bereik is kom dit nie voor nie.

S. P. E.

---

Een vaste burg is onze God,
Een toevlucht voor de zijnen!
Al drukt het leed, al dreigt het lot,
Hij doet zijn hulp verschijnen!
De vijand rukt vast aan
Met opgestoken vaan;
Hij draagt zijn rusting nog
Van gruwel en bedrog,
Maar zal als kaf verdwijnen!

Gods woord houdt stand in eeuwigheid
En zal geen duimbreed wijken.
Beef satan! Hij, die ons geleidt,
Zal u de vaan doen strijken!

## A. D. W. WOLMARANS

Weinig mense weet dat die bekende beeldhouer, A. van Wouw, ook spotprente geteken het. Hier druk ons twee af wat hy voor die Tweede Engelse oorlog gemaak het. Die eerste sien op 'n skermutseling van die ook as kerkman bekende ouderling A. D. W. Wolmarans in die Volksraad met die lid Carl Jeppe. Die heer Wolmarans het nie alleen vir die belange van die Kerk gewerk nie, maar ook van die Republiek, en hy het sy lyf nooit weggesteek nie. Op 'n afstand sien ons Schalk Burger wat die twee uitmekaar wil maak. Die tweede stel 'n ander Engelsgesinde Raadslid voor, die heer Loveday, wat deur vier ander lede, w.o. die heer Wolmarans, aangeval word. Die derde is in Nederland gemaak deur Joh. Braakensiek. Dit stel die deputasie-lede Fischer, Wessels en Wolmarans voor wat in Amerika kom om daar vir die belange van die twee Republieke te pleit.

S. P. E.





## STEDELIKE EN PLATTELANDSE KULTUUR

Die lede van 'n beskaafde volk sal in die reël nie alleen verskillende grade van harmoniese besonkenheid vertoon nie, maar ook verskeie kultuurvorme openbaar. Ons onderskei gewoonlik twee kultuurlae, 'n opperlaag en 'n onderlaag en praat gevolglik van die opperkultuur en die onderkultuur of volkskultuur — so omskryf prof. dr. S. P. E. Boshoff, Beskouinge en Feite, bls. 14, op beknopte wyse wat ek wil noem die twee pole in ons Volkslewe.

Albei lae word gekenmerk deur sekere uiterlike en innerlike eienskappe. Die opperlaag het gewoonlik 'n groter geldvermoë, 'n beter verstandelike ontwikkeling, en gevolglik 'n meer internasionale kultuurvorm. Daarby vertoon die onderlaag gewoonlik 'n groter gelykvormigheid, 'n groter gebrek aan individualisme, teenoor die opperlaag „wiens geest een chaos en wiens ziel een woestyn is." (De Vries, Volk van Nederland, 408.)

Nou het die natuurlike ontwikkeling in die verskillende lande, op allerlei gebied — landbou, nywerheid, meganiek, verkeer, landsbestuur — meegebring dat die opperlaag saamgebloei het in die stede terwyl die onderlaag bykans uitsluitend te vinde is in die boeredorpe en op die boerderye. Uit hierdie omstandigheid het die opvatting by die stedelinge posgevat dat hulle eie beskawingsvorm die verteenwoordigende vorm is (altans: behoort te wees) van die hele land, die enigste beskawing met 'n volstrekte waarde. Hierdie geesteshouding loop dan uit op geringskatting, onverskilligheid, en minagting van die kultuur- of beskawingsvorm van die boeremens. Soseer is die stedeling oortuig van sy eie waarde dat die plattelandse skool by voorbeeld, tot nog toe hoofsaaklik *plattelands* genoem kon word deur die omstandigheid dat dit op die platteland *gebou* is; in werklikheid en in wese is die plattelandse skool 'n uitgroeisel van die stedelike kultuur, en die wetenskap of kennis wat hy bring is vreemd aan die lewensbeskouing, die lewensbehoeftes van die boeremens. In verreweg die meeste Europese lande is die naam *boer* 'n skimpnaam. Maar, terloops, as die boeremens, gelok deur die stedelike beskawing waarvoor hy ontvanklik gemaak is deur die skool, die koerant, die kerk, en die staat na die stad trek, dan hef die stedeling(!) die kreet aan: Terug na die land!

Die volkskundige begrippe *opperkultuur* en *onderkultuur* en die geesteshouding wat uit so'n verdeling voortvloei, is vir ons in Suid-Afrika van besonder veel waarde, veral met die oog op ons huidige beskawingspeil en die botsing van kultuurbelange.

Tot voor kort was die Afrikaanssprekende gedeelte van ons bevolking bykans uitsluitend landelik, agraries. Vandaar dat *Afrikaanse kultuur* en *boerekultuur* vir die meeste nog sinonieme is, al skryf ons dan ook *Boer* met 'n hoofletter. Die opperlaag van hierdie kultuurvorm was te vind op die groot, gegoede boerderye en in die boeredorpe. Die onderlaag was versprei oor die hele platteland. Die stede, en bygevolg die nywerheid en die handel, was en is nog in hoofsaak in die hande van die Engelssprekendes. 'n Plattelandse Engelse onderlaag bestaan haas nie. Tussen die twee groepe Europeane in, staan 'n derde, talryker groep : die inboorlinge met die primitiewe beskawingstrap van die kindervolk waar geen differensiëring, geen individualisme, en gevolglik geen opper- en onderlaag aan te toon val nie.

Nou vind daar in Suid-Afrika 'n merkwaardige verwikkeling plaas. Die stedeling praat 'n ander taal; hy is die draer van 'n ander kultuur, van 'n kultuur wat om staatkundige redes sedert jaar en dag in botsing is met die plattelandse kultuur. Hierdeur word die teenstelling: opperlaag-onderlaag, oneindig verskerp, en die minagting van die stedeling vir die „*backvelder*" oorskry alle redelike grense. Hierdie toestand word in die hand gewerk deur die feit dat die stedeling baie lank grotendeels die draers van die Afrikaanse onderkultuur leer ken het as werkers in die nywerhede, fabrieke, langs die spoorbaan en op die paaie. Vir die stedeling is alles wat van die platteland af kom: *boerekultuur,* en dis *Afrikaans.* Verder: alle Afrikaners is éners; vir die anderstalige stedeling bestaan daar eenvoudig nie soiets as 'n Afrikaanse opperkultuur en 'n Afrikaanse onderkultuur nie. Buitekant die stad is alles gelyk, alles onderkultuur. Dis hierdie geestestoestand wat aanleiding gee tot die skimpnaam: *backvelder;* hieruit kan ook verklaar word die jaarlikse verklaring van die Engelssprekende voorsitters van Jeugrade dat die Afrikaanssprekende seuns en dogters geen toekoms het in die handel en nywerhede nie; hieruit vloei ook voort die onlangse verklaring van prof. Watt en mnr. Ben Jenkins voor die Onderwyskommissie in Johannesburg: „Dit is noodsaaklik dat onderwys in laer- sowel as hoërskole aan die Rand slegs in een taal moet geskied ten einde in



die benodigdhede van alle dele van die bevolking bevredigend te voorsien . . . Hoe noodsaaklik die kennis van 'n tweede taal mag wees, moet 'n kind in die eerste instansie opgevoed word vir 'n plek in die samelewing." (Die Vaderland, 18 Maart 1938); hieruit vloei ook voort die lesersbriewe in die Engelse pers waarin verklaar word dat die plattelanders nie welkom is in die stede nie.

Onlangs nog het 'n wetenskaplik onderlegde etnoloog aan een van ons universiteite, uitdruklik verklaar aan 'n B.A.-klas dat daar geen volk op aarde so bygelowig is as die Afrikaners nie — 'n uitspraak wat in sy algemeenheid nie net slegte wetenskap verraai nie, maar ook 'n volslae gemis aan mensekennis, wat onbegryplik is in die wêreld waar die suiwere wetenskap moet geld as die enigste rigsnoer.

Siedaar dus een van die vrugbaarste bronne van ons kultuurstryd. In ander lande bestaan die botsing tussen stede en platteland ook, maar daar praat albei groepe gewoonlik dieselfde kultuurtaal, en daar vind tog versoening plaas. By ons praat die twee groepe verskillende tale, en pleks van versoening, word rassestryd en rassehaat gebore. Vandaar dan dat ons in Suid-Afrika van alles twee het: twee vlae, twee volksliedere, twee aanhanklikhede — ja, waarvan het ons nie twee nie?

Nie dat in die *tweeheid* op sigself die gebrek skuil nie. Die gebrek skuil in die wederkerige onwil om die ander se kultuurtaal sy regmatige plek toe te ken, die onwil om mekaar te begryp. Solank as wat daardie begrip ontbreek wat moet uitloop op wedersydse waardering, solank sal ons nog twee duidelik onderskeibare aanhanklikhede, twee duidelike *staatkundige* groepe vorm binne die raamwerk van dieselfde staat.

* * *

Die Afrikaanssprekendes word egter in toenemende mate stedelinge, soseer dat ruim 60 persent van ons nie meer plattelanders is nie. En dit lewer ernstige vraagstukke op ten aansien van die Afrikaanse kultuurvorm, afgesien nog van die botsing met die anderstaliges. Dit verskerp die teenstelling: opperkultuur- onderkultuur binne die Afrikaanse geledere, en dit skep by ons dié geestestoestand waaruit die skimpname *plaastor, plaasjaap, takhaar, dorpsjaap, dorpsgas* voortspruit.

Die plattelander leef gebonde aan die natuur; jaarliks leef hy die heroplewing van die groei- en teelkrag mee; deur sy arbeid help hy self nuwe lewe skep; hy beleef jaarliks hoe dood en verganklikheid volg op die hoogste bloei van die somer. Sy lewensbeskouing is daardeur anders; sy godsdiens het heelte-

mal 'n ander betekenis, 'n ander klankbodem, 'n ander uitsig, en dit het meer die geaardheid van *diens*. Sy kerksheid is Ou-Testamenties: slegs een keer in drie maande kom daar by hom 'n natuurlike drang om met sy hele gesin op te trek na die huis van sy God en daar gesamentlik te aanbid.

Nou vertrek hy na die grootstad. In geen jare sien hy graan groei, of maak hy 'n oes mee nie. Hy en sy kinders sien nie die son opkom nie. Hulle kan nie saans die sterre bokant die straatligte sien nie. En as die vader miskien nog by geleentheid die Afrikaanse name van die sterre noem, dan is dit vir die kinders soos die naklank van 'n lank vergete beskawing. En dan kla die kerke dat die voormalige hegste pilare van die kerk op die platteland, kerklos raak in die stede.

Die plattelander het baie tyd; sy lewe is die lewe van die natuur self; hy wandel van self met sy God. As een van hulle sterf, dan bly hy 'n paar dae bokant die grond; by sy graf word deur die hele buurt getuig van sy goeie hoedanighede as Godsman, as volksman, as buurman, as mens want almal het hom geken. En omdat hulle mekaar almal ken, mekaar op die naam noem en voel soos lede van één groot gesin, gaan almal van die oop-graf af saam huistoe, en tot versterking van hulle vriendskap gebruik almal saam verversings. Die agterblywende gesinslede voel gesterk in die wete dat die buurt saam ly. Daarom is 'n sterfgeval op die plaas dikwels soos 'n weldadige reent wat seënend neerdaal op die omgewing en opnuut vrugbaarheid bring aan die droë kolle.

In die stede is die ruimte skaars, huise — dikwels slegs krotte, dig opmekaar gepak. 'n Sieke in die huis veroorsaak ongerief aan almal, want hy neem meer as sy regmatige ruimte in beslag. Die daaglikse behoefte aan brood, die noeste najaging daarvan, laat aan niemand die tyd en die liggaamskragte om by die sieke te waak en die gewone vriendediensies te bewys nie, — 'n verpleegster is nodig. Is die sieke dood, bring die gesondheidseise mee dat hy nie te lank bo-op die aarde kan bly nie. Met versnelde pas snor die lykswa na die kerkhof en, byna sonder seremonie soms, kom hy onder die sooie. Die lewensomstandighede bring mee dat die begrafnisgangers van die kerkhof af versprei, sonder 'n handdruk van meelye — die gesinslede voel in hulle 'n eensaamheid aanhuiwer waarteen die lewe geen beskerming bied nie; hulle voel arm, arm aan vriende, arm aan menslikheid, arm aan Godsvrug. Die sterfgeval word een prikkel meer om te eet en te drink, want more . . .



Veral ná die Wêreldoorlog, met die verskerpte samehorigheidsgevoel wat daaruit voortgevloei het, het die meeste Europese lande weer aandag gaan gee aan die kultuur van die onderlaag, in die besef dat die onderlaag die natuurlike voedingsbodem is van die opperlaag; om die opperkultuur in gesonde bane te lei, moet die onderkultuur bestudeer, begryp word, asook die gedurige wisselwerking tussen die twee pole. Vandaar dat *volkskunde* so betreklik snel van aktuele belang geword het as wetenskaplike studie.

Ook by ons in Suid-Afrika dring die besef langsamerhand deur dat ons gangbare omskrywing van die woord *kultuur*, — die woord wat te dikwels die towersleutel is wat aan so baie redenaars toegang gee tot kultuurbyeenkomste, — maar 'n gedeelte van die volle werklikheid omsluit. Ook vir ons in Suid-Afrika het 'n studie van die volkskunde hoë werklikheidswaarde, immers „onder volkskunde wordt verstaan: de rationeele navorsching van den ondergrond der kultuur, van de eigen vormen, waarin recht, religie, zede, gewoonte, wetenschap en kunst by het volk tot uiting komen . . . Hier valt frissche levenskracht te garen en nationaal bewustzijn: want al deze grillige verscheidenheden vormen het geheel van een volkskultuur, waarin eigen aard besloten ligt, en waarop het saamhorigheidsgevoel berust, dat de veiligste waarborg is voor onze nationale zelfstandigheid. De grootste vijand van eigen aard en zeden: de gladstrijkende albeschaving, is dus ook de machtigste belaagster van onze nationale onafhankelijkheid," — aldus my ontslape leermeester, die bekende Nederlandse taal- en volkskundige, Mgr. Jos. Schrijnen (Groot Nederland, in Eigen Volk, X).

ABEL COETZEE.

KRYGSGEVANGENES IN TRICHINOPOLY (Brits Indië) GEDURENDE DIE TWEEDE ENGELSE OORLOG.

*Sittendes, v. l. n. r.:*

Ds. M. J. Goddefroy; veldkornet S. P. Kloppers (Rustenburg); komdt. T. F. J. Dreyer (ouderling, Potchefstroom.)

*Staandes, v. l. n. r.:*

Opperman (die kok); veldkornet Lukas van Vuuren (Gatsrand); Jan Joubert (seun van genl. P. J. Joubert.)



## VENTERSKROON (1889—1939)

### 50-JARIGE HERDENKINGSFEES: 17 tot 20 Augustus 1939

Op 17 Augustus 1939 was dit 50 jaar gelede dat die eerste kerkgebou op Venterskroon ingewy is onder leiding van wyle ds. M. J. Goddefroy, die konsulent, wat 'n jaar tevore die gemeente gestig het. Venterskroon was oorspronklik 'n wyk van Potchefstroom, maar wou met die kerkvereniging nie saamgaan nie. Die groep het doodstil langs die Vaalrivier tussen die berge bly sit. Hulle begeerte was om enkel en alleen getrou te bly aan die tradisie en beginsels van die Ned. Herv. Kerk. Hulle vasberadenheid en moed het daarin geblyk, dat hulle nie teruggedeins het om alleen te staan nie, al was die getal klein en dat die moeite om die Leeuw van die N. Herv. Kerk, ds. Goddefroy, te gaan afhaal op Pretoria en weer terug te bring en die stryd, wat vir hulle bestaan duidelik voor oë was, nie ontsien is nie. Daardie moed, geloof en volharding is nie beskaam nie, maar ryklik beloon in die halwe eeu, wat nou pas afgelê is. Die gemeente het nie soos Witfontein op die voorpunt die stryd tot selfbehoud aangeknoop nie, maar elke poging daartoe heelhartig gesteun in stilte en vasberadenheid. Daarom is in hierdie gemeente ook die ou kern onvervals bewaar gebly en vertoon sy nog dieselfde egte Hervormde gees van die vaders.

Die stigting van die gemeente in 1888 het plaasgevind sowat 'n driekwart myl van die teenswoordige kerkplein af en wel op die plaas Rooderand. Op die ou werf woon tans die familie Lousberg en van die ou kleimuur-geboue uit die tyd staan vandag nog as wagters oor geheiligde grond. By die stigting was o.a. teenwoordig diaken (nou oud-oudl.) F. W. Ernst, wat ds. Goddefroy van Klerksdorp gebring het en oudl. C. J. Joubert, van Witfontein. Hy het laat sing Ps. 42 vs. 3, en onder die sing het ds. M. J. Goddefroy ingekom, en die dienste gelei. Daar is drie kinders gedoop. Die gemeente het haar naam te danke aan P. A. Venter, wat die grond en die eerste £100 vir kerkbou gegee en sy broer Willem, wat in daardie omstreke gewoon het.

Die eerste kerkraadslede, gekies by die stigting was B. M. J. van Vuuren (oudl.), en „Bart" Venter (diak.) Saam met



*Eerste drie dopelinge*, 1888.

*Die Kerkraad Ventersdorp*, 1939.



ds. Goddefroy was dit die eerste en hele kerkraad, wat die pasgestigte gemeente bestuur het.

Binne 'n jaar is reeds die hoeksteen gelê. By daardie geleentheid het opgetree landdros J. H. Kock, van Potchefstroom, wat namens pres. Kruger die hoeksteen gelê het, onder leiding van ds. Goddefroy.

Op 17 Augustus 1889 is dan die eerste kerk ingewy. P. A. Venter het die geld gegee en die kerk deur die boumeester Kleynhans laat optrek. Deur bemiddeling van die Voorsitter, oudl. N. M. S. Prinsloo, van Potchefstroom, is £50 geleen; Hendrik Hattingh, Oupa van oudl. G. H. Grobler het eindelik die hele balans betaal, aan P. A. Venter, nadat elk van die volgende 'n os gegee het: P. J. L. van Vuuren, vader van die nog dienende Ouderling van dieselfde naam, J. J. van Vuuren, sy broer, G. R. Koekemoer, J. H. Koekemoer, J. A. Pretorius het twee muile gegee.

By die inwyding is nog 'n ouderling gekies, n.l. P. J. L. van Vuuren, tot diaken Hermanus Venter en tot koster Herculaas Venter.

Oudl. B. M. J. van Vuuren het met die Bybel voorop geloop; Frederik Venter, die eerste voorsinger van die gemeente, het voor die kansel gaan staan en ingesit Ps. 116; terwyl die Gemeente inkom met ds. Goddefroy aan die hoof is verse 7, 10 en 11 gesing. Die aannemelinge het agteraan gekom. Een van hulle was die teenswoordige oudl. P. J. L. van Vuuren, wat nou by die fees as katkiseermeester opgetree het en 'n ander was I. D. Barnard, vader van die teenswoordige diaken en skriba W. H. Barnard.

Na die stigting en tot in die Drie-jarige-oorlog het ook di. Lagerwey, Jac. van Belkum die gemeente as konsulente bedien. In die Driejarige-oorlog (1899—1902) het ook hierdie historiese kerkgebou die merke ontvang van die verwoesting wat oor die Vaderland gegaan het. Die kerk is beroof van kerklike boeke en ingerig as kaserne vir troepe en perdestal. Na die vrede het oudl. P. L. J. van Vuuren deur bemiddeling van prokureur Van Swieten, van Potchefstroom, £100 vergoeding vir die gemeente van Lord Milner gekry.

Wyle ds. M. J. Goddefroy het die gemeente vir 5 jaar bedien en is opgevolg deur wyle ds. C. W. du Toit, wat as konsulent gedien het tot in 1907. Omdat Venterskroon geweier het om as gemeente op te hou om te bestaan en weer 'n wyk

van Potchefstroom te word, het daardie kerkraad geweier om ds. Du Toit langer die gemeente Venterskroon te laat bedien. Weer soos in donkere dae het Venterskroon nie teruggedeins om alleen te staan en self uitkoms te soek nie. Toe was wyle ds. P. W. Ennis al vir twee jaar op Klerksdorp en daar is aangeklop om hulp met goed gevolg, want die predikant van hierdie gemeente en sy Kerkraad het 'n oop oog gehad vir die swakke en verdrukte en vir 21 jaar is uit daardie oord die milde hande en vriendelike oë oor Venterskroon gehou.

Hierdie daad van opoffering en dienende liefde van Klerksdorp sal dan ook nooit deur Venterskroon vergeet word nie. Hierdie tradisie word nog gehandhaaf, want Klerksdorp het ook nie geweier om ds. P. J. J. Venter, die opvolger van wyle ds. Ennis, toe te laat om Venterskroon te bedien tot op die huidige tydstip nie.

Die vraag kan gestel word, waarom Venterskroon dan juis in die nood by Klerksdorp gaan aanklop het? Die antwoord sal van groot belang wees vir al wie iets van die kerklike stryd en die gees van die N. Herv. Kerk begryp, waarvan Venterskroon een van die kampvegters is. In Klerksdorp was o.a. 'n Kerkraadslid F. W. Ernst, bekend in die wandel as Oom Frikkie, die eerste diaken aldaar by die reorganisasie na die mislukte Kerkvereniging in 1886. Klein van persoon, maar gestaal en onverskrokke het hy in die bewoë jare en veelvuldige Algemene Kerkvergaderings sy stem laat hoor en volle gewig in die skaal gewerp vir alles waarvoor die N. Herv. Kerk gestaan en gestry en gely het. Venterskroon was van die gemeentes, juis omdat hulle die stryd in al sy felheid om bestaan teen aanslae van buite en in eie kerklike kring deurgemaak het, by wie die persoon en werk van Oom Frikkie weerklank gevind het. Hulle het hom leer ken, d.w.s. hulle het hom liefgekry, soos alleen egte stryders en getroue wapenbroeders mekaar kan liefkry. In die notule van 'n kerkraadsvergadering op Venterskroon in Januarie 1904 staan dat die Kerkraadslede as „mannebroeders" besluit het om „allen" na die Algemene Kerkvergadering te gaan en „Br. F. W. Ernst van Klerksdorp kennis te geven dat hy zekerlyk moet zorgen ook tegenwoordig te zyn." So het hulle hom vertrou en liefgehad, dat hulle nie kon dink om na die kerklike Vergadering te gaan sonder hom nie. Daarom is hy ook nou spesiaal uitgenooi na die fees en het as geëerde gas die woord gevoer by die boomplanting rondom die kerk.



Tog al het hulle nie tevergeefs by Klerksdorp aangeklop nie, was daar tog 'n wanklank in Venterskroon, al was dit net van een enkele persoon. Oudl. B. M. J. van Vuuren, die eerste ouderling van die gemeente, het sy bedanking ingedien by die Kerkraad toe wyle ds. Ennis toegelaat word om Venterskroon te bedien, omdat hy die „gees van Stellenbosch" nie vertrou het nie. Gelukkig het hy later tot die oortuiging gekom dat hy, soos die hele N. Herv. Kerk ook ds. Ennis volkome kon vertrou en het dan ook in sy latere lewe hartelik met hom saamgewerk en hom hartelik en opreg ondersteun.

Hierdie voorval mag niksbeduidend skyn, maar dit openbaar die geheim van persone wat eenmaal vir 'n beginselsaak 'n koers ingeslaan het, en van plan was om koers te hou, en dit ook aangedurf het, al was daar die nood van herderloosheid. Liewer 'n herderlose gemeente, as 'n herder, wat hy nie kon vertrou nie en wat die gemeente van haar historiese pad en beginsels kon afbring. Hierdie vasberadenheid en geloofsmoed is dan ook die kenmerk van almal wat vir kerklike beginsels gestry en oorwin het en 'n onvervalste kerk aan die nageslag oorgelewer het. Hulle het eenvoudig gedoen waartoe elke belydende lidmaat verplig en geroep is, om sy „pand te bewaar." Venterskroon bring hulde aan hulle nagedagtenis en het hulle by die heuglike feesviering nie vergeet nie. By die boomplanting het oudl. P. L. J. van Vuuren, Oom Frikkie Ernst en mev. Ernst vir hulle gedagtenis 'n „Kerkboom" geplant. Dat Venterskroon diep gevoel het vir die kerk in haar algemene belange blyk ook uit die feit dat toe in 1928 die finansiële toestand sorgwekkend was en die meeste gemeentes in skuld by die algemene kas, het Venterskroon 'n lening teen bankrentekoers gaan sluit om haar verpligtings na te kom. Toe later afslag geskenk is aan gemeentes wat in ledetal en draagkrag drie- en viermaal so groot is, het Venterskroon nog aan daardie lening betaal, maar sy het die selfrespek en genoegdoening gehad dat sy tenopsigte van die Kerk in die algemeen soos in veelbewoë dae haar taak tenvolle vervul het. Sy het alleen gestaan ook in die nakoming van pligte.

Venterskroon was nooit groot in ledetal nie, maar het 'n bewonderenswaardige saamhorigheidsgevoel geopenbaar en 'n eenheid van handhaaf-en-hou. Baie groot gemeentes kan van die groep daar langs Vaalrivier kom leer wat saamwerk en saamstaan en saamdra beteken. Die eenheidsband het dan ook

so sterk gebly deur al die jare, dat elke jaar met aanneming van ver kinders, wat hier gedoop is, kom om belydenis van hulle Geloof te doen; en dan word hulle nie as vreemdelinge nie, maar as geliefde, verwagte huisgenote met warmte en voorkomendheid ontvang.

Toe die historiese gemeente dan op 17 Augustus haar 50-jarige geskiedenis herdenk het, was dit soos die hereniging van 'n groot huisgesin. Toe die tyd nader, reeds twee jaar tevore, is byna elke nagmaal op hierdie gebeurtenis gesinspeel en het die gemeente haar werklik jare voorberei. Eers sou die ou (historiese) kerkgebou herstel word en is fondse ingesamel en tenders gevra en dié van gebroeders Storbeck en De Bruyn aangeneem. Dit was in April 1938. Maar 'n paar dae na die arbeid 'n aanvang geneem, pleistering afgeslaan en die omvang van die herstel tenvolle gesien is, moes die kerkraad, wat inderhaas saamgeroep is, met smart oortuig word, dat herstel onmoontlik is en het die teenswoordige kerkraad tesame met enkele beproefde gemeentelede besluit om 'n nuwe kerk te bou en die gemeente het by die inwyding hierdie stap goedgekeur. Dit spreek boekdele van vertroue wat die gemeente in haar kerkraad stel, dat sy sonder kritiek en teenstribbeling so 'n groot offer gebring het, nl. om 'n skuld van oor die £3 per lidmaat te aanvaar, sonder dat die gemeente vooraf geraadpleeg is en haar toestemming gegee het. Ons glo dat dit 'n historiese feit is, waarop alleen Venterskroon kan aanspraak maak.

Dit was 'n onvergeetlike oomblik toe die besluit geval het . . . die ou kerkie moet afgebreek word. Daar was trane sigbaar in menige oog. Na die besluit geval het, was daar 'n paar oomblikke van heilige stilte. Dit was asof 'n „wolk van getuie" die historiese vergadering omsluier het; die gedagtes het die jare oorspan en die geskiedenis, wat in die ou kerkie beliggaam was, in al sy krag as 'n brandglas op die harte saamgetrek was. In daardie Vergadering het gesit persone, wat in die kerk, wat moes afgebreek word . . . belydenis van die geloof gedoen het, gedoop is, hulle kinders ten doop en vir aanneming gebring het; daar het gesit onder die bediening van Woord en Sakramente, wat reeds na die ewige huis vertrek het, beide leraars en teer geliefde bloedverwante.

Die voorsitter, ds. P. J. J. Venter, wat hierdie gedagtes in woorde moes openbaar, het wonderlike krag ontvang, toe



hy by die uitspreek daarvan merk dat die hele vergadering uit eie beweging opstaan en staande die afskeidswoorde aangehoor het. Dit was een van die onbeskryfbare momente in die lewe, wat mens graag wil behou, maar wat te groots is om die gees lank daarmee besig te hou.

Met dieselfde stene van 50 jaar gelede, is die nuwe kerk gebou. Op dieselfde fondament, wat die vaders gelê het, staan die kerk vir die nageslag. Die mure is nie weer so dik nie en daar is staalvensters, nuwe hoofdeure en 'n water- en vuurproef plafon aangebring, maar dit is vir die gemeente dieselfde heilige plek as 50 jaar gelede. Die kerk is soos 'n moeder, wat op haar ou dag vir haar kinders mooier is as toe hulle te jonk was om haar na waarde te waardeer.

Die hoeksteen is gelê deur die konsulent, ds. P. J. J. Venter, bygestaan deur ds. J. G. M. Dreyer op Sondag n.m., 7 Mei 1939, by dieselfde hoek, waar iets meer as 50 jaar gelede die eerste hoeksteen gelê is. Hy het laat sing Ps. 118:11 en na aanleiding van 1 Petr. 2:5 die gemeente en besoekers toegespreek as „lewende stene, 'n geestelike huis . . . " wat gebou word. Die Koninkryk van die Hemele is 'n stuk bouwerk van die groot Boumeester Jesus Christus, wat deur Sy Hemelse Vader geroep en gestuur is om te herbou in 'n wêreld, wat deur die sondeval bouvallig geword het. Deur die sondeval lê die mensheid magteloos soos ongevormde klippe in 'n steengroef of soos ongevormde stene in 'n grondhoop. Vanself kan daar g'n vorming plaasvind nie. Net so min as wat 'n klip hom uit die steengroewe kan opbeur, dresseer en afwerk en in die muur van 'n gebou neersit; . . . net so min as wat 'n hoop grond self tot 'n steen kan gevorm en ingemessel word . . . net so min kan 'n Adamskind homself van die sonde verlos en Gode welgevallig wees. Maar deur die saligmakende genade, wat aan alle mense geopenbaar is, en op grond van die roeping Gods en die verkiesing wat onberouelik is, word die mens wat dood in die sonde en misdade is, op die klank van die Evangelie, die krag Gods tot saligheid . . . losgemaak uit die groef van sonde. Deur die Woord en die Gees van Christus word hy afgewerk; hy word as ongevormde grond geknie en gebrei soos klei en gevorm, dat hy die gestaltenis van Christus vertoon, en deur verdrukking gelouter en gehard soos 'n steen deur vuur, . . . en deur Jesus self ingebou in Sy geestelike huis. Dit is ons troos en vastigheid, dat die Heer Self ons vorm en toeberei. Daarom ook alleen weet ons dat ons Hom welbehaaglik sal

wees en nie as sleggevormde stene verwerp sal word nie. Sy werk is altyd goed, net soos by die skepping; Sy stene is Sy pronkjuwele, wat pas by Sy bouwerk; hulle word van ver gebring, uit alle geslag en volk en taal en nasie, maar hulle word onder Sy hand tot 'n heerlike eenheid, 'n geestelike huis, saamgevoeg. Die een is nie minder of meer as die ander nie; niemand kan hom verhef nie so min as wat 'n gevormde steen hom kan verhef; maar almal dra by tot die heerlikheid van die huis; laat ons ons opmaak om in daardie geloofsvertroue te bou; Hy bou in en deur ons; die wat so gebou word, wandel waardig sy roeping; al sy werk is 'n geestelike offerande. Elke penning, wat tot die bou van hierdie kerk bygedra word, dra die merk van 'n geestelike werk in hom of haar. Na die sing van Ps. 146:4, is die hoeksteen gelê.

Nadat ds. J. G. M. Dreyer, van Potchefstroom, en oudl. P. L. J. van Vuuren die woord gevoer en ds. Dreyer gedank het, is Ps. 25:1 gesing en het die aanwesiges hulle dankoffergawe in 'n hoek by die hoeksteen kom neerlê. Die hoeksteen is as geskenk gegee deur die boumeester Storbeck. As boukommissie het opgetree oudll. P. L. J. van Vuuren, voorsitter; G. C. J. van Vuuren, J. J. Kruger en diakens P. A. Hattingh en W. H. Barnard, skriba. Op 17 Augustus 1939 is die nuwe kerk ingewy, presies 50 jaar na die eerste inwyding. Die gemeente het in groot getalle opgekom. Onder die pragtige wag-'n-bietjiebome en rondom die kerk het 'n 25 waens en tente gestaan. 'n Ewe groot getal motors het gedurende die feesviering gekom en gegaan. Dit was 'n ware loofhuttefees in paslike feesstemming. Om 2-uur n.m. het die feesgangers, waaronder as gaste teenwoordig was ds. J. P. van der Berg, voorsitter van die Ring, ds. J. D. Storm, skriba van die Ring, ds. P. W. A. Bierman, oudl. J. A. du Toit, Ringskommissielid en oud-oudl. F. W. Ernst, van Klerksdorp, voor die konsistoriedeur saamgekom vir die boomplantfunksie. Ds. P. J. J. Venter, Konsulent, het laat sing Ps. 84:6, die aanwesiges welkom geheet en die doel van die samekoms, n.l. om 50 bome rondom die nuwe kerk te plant aangekondig. Ons vaders het geplant in geloof en ons, hulle nakroos pluk die vrugte. Ons wil die werk opvolg en voortplant en dit simboliseer in die 50 bome, wat ons wil plant om die 50 jare te herdenk en in herinnering te hou, wat agter lê.

Die eerste aan die woord was oudl. P. L. J. van Vuuren, wat as volg gepraat het;



„Dit is vandag 17 Augustus 1939, vyftig jaar gelede, dat, die Ned. Herv. Kerk van Venterskroon ingewy is en dat ek lidmaat geword het.

As ek so staan en kyk dan is almal wat 50 jaar gelede in die middelbare leeftyd was vandag daar nie meer nie, dit was al die getroues wat nie met die kerkvereniging wou saamgaan nie.

P. A. Venter het my vader, P. L. J. van Vuuren kom vra of hy by hom gaan staan om 'n Ned. Herv. Gemeente te stig; sy antwoord was: „Ek sal staan en val by jou." My vader het toe die ander mense op Koedoeslaagte en Koedoesfontein geraadpleeg, hulle was Van Vuurens, Pretorius'se, Koekemoer's, Grobler's en nog 'n paar andere, waarvan die nageslag vandag nog troue Hervormers is.

Hulle het baie te kampe gehad met andere wat hulle wou laat afsien van Venterskroon se kerk af, en by ander kerke aansluit."

Oud-oudl. F. W. Ernst, wat saam met wyle ds. M. J. Goddefroy was toe die gemeente gestig is in 1888 en op spesiale uitnodiging oorgekom het, was grootliks verbly om te kan deelneem aan hierdie historiese funksie. Hy was een van die wat in donker dae gehelp het as jongeling om die gemeente te plant hier en oor die hele vaderland en hy dank God om te kan beleef en te aanskou met sy oë dat die nageslag getrou gebly het. Ons plant vandag bome; ons plant in die stellige verwagting dat hulle sal groei en 'n sieraad wees; ons plant in geloof op die God, wat ons vaders gelei en ons eie werk in die afgelope 50 jaar nie laat vaar het nie; maar dan moet elke lidmaat van die gemeente ook soos 'n boom groei in sy of haar kerklike roeping; pasop, dat hierdie bome wat ons plant, nie eendag teen ons getuig nie; pasop, dat die bome nie alleen by en om die kerk bly nie, om haar tot 'n sieraad te wees nie, en ons die kerk verlaat agter vreemde sedes, gewoontes en godsdienste aan nie. Laat elkeen let op die bome en van hulle leer en moed ontvang. Die God wat sorg vir die bome, sorg meer nog vir die wat na Sy beeld geskape en na Sy Naam genoem is, Sy gemeente. Die bome ontvang hulle kragte van God in die jaargetye en uit die grond; laat dit 'n prediking vir ons wees soveelmaal as ons hier kom Nagmaal vier of hier verby gaan, dat ons alleen waardig en getrou aan ons roeping kan en sal wees, as ons die nodige kragte van God ontvang, maar dan ook die

nodige gewilligheid moet aankweek om te ontvang uit die wel-aangename tyd en dag van saligheid, wanneer die Evangelie ons gebring word.

Die bome het elkeen 'n nommer gehad en die gate was reeds deur die Boukommissie gemaak. Persone of groepe kon saamspan en 'n boom plant, en 2/6 aan die boukommissie uitbetaal. Jammer dat ons nie volgens ons versoek al die name gekry het van die wat bome geplant het nie.

Om 3.30 het die plegtige inwyding van die nuwe kerk plaasgevind. Die gemeente het saamgekom by die hoofingang. Nadat Ps. 100:1 gesing is het die voorsitter van die boukommissie, oudl. P. L. J. van Vuuren die sleutel aan die konsulent ds. P. J. J. Venter oorhandig, wat die kerk ontsluit het in die Naam van die Drie Enige God, vir die gemeente van die Nuwe Testament om in te gaan. Onder die sing van Ps. 100:2, het oudl. P. L. J. van Vuuren ingegaan met die oop Bybel, gevolg deur di. Venter, Bierman en die een helfte van die gemeente; daarna het hulle gesing Ps. 100:3 en het die ander helfte ingekom, gelei deur di. J. P. van der Berg en Storm. Toe almal in was is Ps. 100:4 gesing. Die konsulent het die kansel beklim en die aanwesiges welkom geheet, die boukommissie bedank en nadat hy 'n besondere woord gerig het aan die adres van die boumeester en mnr. Van Belkum, seun van wyle ds. Jac. van Belkum, het hy laat sing van Ps. 98:3. Ds. P. W. A. Bierman het die skrifgedeelte gelees, Gen. 28:10—22. Hy het laat sing Ps. 116:10, 11, waarna ds. J. D. Storm voorgegaan het in gebed. Onder die sing van Ps. 84:1 het ds. J. P. van der Berg die kansel beklim en die wydingswoord gespreek na aanleiding van die droom van Jakob oor die leer wat op die aarde opgerig is en tot bo in die hemel gereik het.

Dit was 'n treffende woord en het die gemeente haar eie geskiedenis, liefde en leed, maar boweal haar uiteindelike seëninge laat sien. Na dankgebed en die sing van Ges. 77:1 is die eerste diens in die nuwe kerk van Venterskroon afgesluit.

Op Vrydag, 18de Augustus, het die eerste kerkraadsvergadering in die nuwe kerk plaasgevind. Die n.m. het die gemeente saam met belangstellende besoekers basaar en vleisbraai van stapel laat loop en die opbrings was 'n aangename verrassing en beloning, n.l. £152. In die afgelope jaar, waarin die eerste boufondslyste uitgegee is, het die gemeente £360 ingesamel, dus £2 per lidmaat. Dis die uitslag en beloning vir



blymoedige samewerking, bereidwilligheid en offervaardigheid. Die hele gemeente het gewerk. Die een het nie op die ander gesien nie, maar daar was 'n heilige ywer en elkeen het gedoen wat hy of sy kon. Dis trouens ook een van die geheime van die bestaan van Venterskroon en dra 'n aanmoedigende belofte van die toekoms.

Die aand om 7-uur het oudl. J. J. Kruger met plaaslike kragte 'n welgeslaagde en hooggewaardeerde toneel aangebied van die verlore seun. Die kerkraad en gemeente het hom gelukgewens en aangemoedig om ook elders die opvoering te gee en so die godsdienstige toneel en voordragkuns te help bevorder. Die funksie het langs die nuwe kerk plaasgevind met agtergrond 'n nuwe kerkmuur en as verhoog gelykgemaakte afval van die „ou" mure.

Saterdag, 19 Augustus 1939 om 10 v.m. is in die nuwe kerk die 50-jarige feesdiens gehou en het die konsulent, wat alleen tussen die gemeente gestaan het net soos wyle ds. M. J. Goddefroy 50 jaar gelede, as spreker en bedienaar van die Woord opgetree. Die skrifgedeelte was 2 Kron. 5:2—14 en gesing is Ps. 118:14, Ges. 2:5, Ges. 3:2 en Ps. 89:1 en 11. Die tema was na aanleiding van 2 Kron. 5:4. „ . . . Bring al die heilige voorwerpe, wat in die tent was . . ." Dit is gelyk aan „ou" gereedskap, wat beproef en daarom geheilig en onmisbaar geword het. Vir Israel was die tempelbou van godsdienstige, maar ook van geskiedkundige betekenis. Godsdienstig was dit die samevatting of beliggaming van al die beloftes van die Verbondsgod, wat Sy volk geroep, toeberei, bewaar, beskerm en op wondervolle paaie gelei het. Geskiedkundig was dit die eindpunt, die voltooiing van 'n wordingsproses, en van 'n vaste gestaltenis wat die volk bereik en verkry het. Die tempel was die verbindingskakel tussen godsdiens en geskiedenis en so tussen God en Sy volk en tussen die volk onderling in al sy vertakkings.

Vir die N. Herv. Gemeente van Venterskroon is die 50-jarige fees 'n mylpaal en 'n saambindende krag. Die gemeente is gebore gedurende en uit veelbewoë dae van ons vaderlandse geskiedenis, wat ook ons kerkgeskiedenis is.

Daar het nie alleen op staatkundige gebied maar ook kerklik vreemde elemente hulle verskyning gemaak op die heilige erf van die vaders. Die getroues kon hiermee g'n vrede vind nie en met die doel om 'n suiwere pand te bly bewaar het die wyk van Potchefstroom, met name Venterskroon, besluit om met die troffel en die swaard 'n bolwerk om

hulle op te werp. Hulle het selfstandig gestaan en 'n selfstandige, maar ook eg N. Herv. Gemeente gestig. Ds. Goddefroy was die Leeu van die kerk. Sy stem het weerklink nie alleen tussen die berge van Venterskroon nie, maar in heel ons kerklik geteisterde Vaderland. Vir Venterskroon was dit 'n versterking en wekroep tot volharding en oorwinning, waarvan die 50-jarige bestaan getuig. Sy forse stem, imponerende persoonlikheid, redenaarstalent en uithou- en deursitvermoë het al hulle beslag gevind in hierdie gemeente, die kleinste en vir sommige in eie kring onwelkome ouderdomskind van die kerk.

Maar wat is die geheim van dit alles wat die gemeente, bewaar, behou, gesterk en koers laat hou het? *Die ou gereedskap,* wat hulle saamgebring het uit die Tent, die omswerwing, die bewoë tyd van wording. Sal ons sommige van die heilige voorwerpe, ou gereedskap, opnoem? Dan kom eerste aan die beurt, *die ou Bybel,* die geskrewe Woord, en daarmee saam *die evangelie,* die gepredikte Woord. Voorts die *lydsaamheid en geloof van die heiliges,* op grond van daardie Woord. En hoe kan ons weglaat *die gedagtenis aan die voorgangers, die ou vertroue, offervaardigheid en liefde?*

In menige huis van die gemeente is nog 'n ou Bybel wat die stille getuie is van die weg van 50 jaar; hulle dra merke, leesmerke en weenmerke; in hulle is haarlokkies, stukkies „sis," linte en uitknipsels; almal op 'n bepaalde plekkie, wat in gedagtenis bewaar word; onder daardie gemerkte plekkies is hoofstukke, wat gelees en herlees is in donkere dae; plekke wat gelees is in blye dae; plekke wat vertel van 'n diep ingrypende predikasie van een of ander eerbiedwaardige „leeraar" en as ons so deur die ou Bybel blaai, verrys voor ons sielsoog die forse gestalte van ds. Goddefroy, wat sy geloofs- en werkkrag in sy prediking geopenbaar het . . . hoor ons weer die vaderlike stemme van di. Van Belkum, Ennis en Du Toit; Brandt, Poën, die eienaardige Kuhn en die deftige Lagerwey; almal heengegaan. In menige huis is nog kollektelyste, wat spreek van offers, wat in daardie dae gebring is; „ou gereedskap": maar nog nie verroes of deur die mot verteer nie; op hierdie gedenkwaardige dag besluit ons opnuut om ons in die toekoms van die ou gereedskap te bedien; ons wil hulle saamneem . . . nog meer liefhê . . . nog beter leer gebruik en God nog inniger daarvoor dank. Mag vrede in u poorte woon, liefde in u harte, krag op u weë en . . . onvervalste evangelie altyd in hierdie Godgewyde bedehuis gepredik word. Maar ons wil as goeie gereedskap



wees in die Hande van die God, wat ons as medearbeiders roep tot die werk van Sy Koninkryk en net so gewillig dien as ons vaders van wie ons die 50-jarige erfenis ontvang en oorgeneem het.

Die eerste voorbereidingsdiens in die nuwe kerk is deur ds. D. F. Erasmus, van Ventersdorp gelei, toe daar 9 jongmense belydenis gedoen het, die eerste Nagmaal op 20 Augustus deur ons konsulent en die nabetragtingsdiens deur ds. J. G. M. Dreyer, van Potchefstroom, toe daar onder die dopelinge o.a. 'n tweeling was. Vir die sluitingsdiens, was die gemeente nog byna voltallig. By die 20 waens het pas Maandagmore na 'n vierdaagse fees huiswaarts vertrek. Met blykbare weemoed is ons van die gewyde plek weg en dra met ons saam heilige indrukke, onvergeetlike dae, maar 'n vaste voorneme. Ons weet baie, wat nou feesgevier het, sal soos dierbares, wat ons nou gedenk het, by 'n volgende feesviering nie meer daar wees nie. Dis of hierdie fees ons vaster gebind en onmisbaarder vir mekaar gemaak het. Ons is in niks teleurgestel nie, behalwe dat die fees so gou verby was. Teenoor die skynbare gebrek aan belangstelling van die kerk in die algemeen is ons rykelik verras deur die seëninge wat in eie kring onverwags ons deel geword het.

Na afloop van die feesdiens het skriba-diaken W. H. Barnard die volgende belangrike stukkies geskiedenis aan die gemeente voorgedra:

*Predikante wat voor die gemeente opgetree het:* M. J. Goddefroy, Lagerwey, Jac. van Belkum, C. W. du Toit, P. W. Ennis, K. T. van den Heever, S. Vermooten, J. J. Kuhn, P. W. Poën, S. P. Engelbrecht, H. P. Wolmarans, L. E. Brandt, A. R. Smit, J. J. Prinsloo (Rustenburg), T. F. J. Dreyer, J. G. M. Dreyer, J. P. van der Berg, D. F. Erasmus, P. W. A. Bierman en P. J. J. Venter, die teenswoordige konsulent, wat predikant van die gemeente was in kombinasie met Klerksdorp 1930—1936.

*Gedoop, aangeneem en aangesluit:* Omdat die kerklike boeke in die Driejarige Oorlog verbrand is, kan ons alleen vanaf 1903 die getal gedooptes opgee 563, aangeneem 523 en oorgekom 128.

Skribas van die gemeente was I. D. Barnard, P. Luyt, G. H. Grobler, H. M. J. van Vuuren en teenswoordig W. H. Barnard. Agerend het 'n sekere mnr. Ten Cate die notule gehou en wel kort na die Oorlog 1903.

*Orreliste*: Christiaan van Wyk, wat met sy vrouestem ook voorgesing het, mevv. Erasmus, Cronjé, Barnard, Sannie Grobler ep op die oomblik mev. ds. Venter.

*Voorlesers*: P. H. Steyn, en op die oomblik oudl. P. L. J. van Vuuren en sy assistent oudl. G. C. J. van Vuuren.

In opdrag van die kerkraad van die Ned. Herv. gemeente Venterskroon, opgestel vir die Almanak deur:

Ds. P. J. J. VENTER, Konsulent-Voorsitter.
Diaken W. H. BARNARD, skriba.

Klerksdorp,
Eigenaarsfontein, Sept. 1939.

---

Wie, o God van macht en sterkte,
Moet niet opgetogen staan
Over 't geen uw trouw bewerkte,
Over uwe liefdedaân?
Hoe ontsluit uw hand de deuren!
Troost bereidt Gij hun, die treuren,
Nu w'alom in 't heidenland
't Kruis des Heeren zien geplant.

Welk een zegen zal ontspruiten
Door de werken uwer hand!
Waar G'uw bronnen wilt ontsluiten,
Groent alras het dorre land.
Alle volken zullen komen
En uw poorten binnenstroomen,
Knielen voor uw aangezicht,
Juichen in uw eeuwig licht.





*Kinders in die Krugersdorpse Weeshuis.*

# DIE TEENSWOORDIGE KULTUURKRISIS

ELKEEN sal moet toestem dat ons teenswoordig 'n ernstige kultuurkrisis belewe. Almal hoop en verwag dat uit die bestaande veranderingsproses 'n nuwe beskawing te voorskyn sal kom wat die lewe in die toekoms sal beheers. Nou rys die vraag of hulle, wat nuwe grondgedagtes aanprys en die bestaande sentrale grondslae op godsdienstige en staatkundige gebied veroordeel, heeltemal ongelyk het. En die antwoord hierop is: nee! Al is die kritiek op die bestaande nie vry te pleit van oordrywing nie, nogtans is die veroordeling in baie opsigte juis. Neem ons allereers die rasionalistiese lewensbeskouing dan moet ons erken dat hierdie beskouing te ver deurgevoer word en dat dit die menslike hart glad nie kan bevredig nie. Alles moet benader word met die menslike verstand terwyl die gevoels- en geloofsfaktore meer en meer uitgeskakel word. Deur uitbreiding en verdieping van wetenskap en kuns, deur groot uitvindings en ontdekkings, deur inisiatief en redenering, deur skeppingsdrang en skeppingskrag, het die mens as 't ware homself op die troon geplaas. Ons bestemming vir die ewigheid word op die agtergrond geskuif, dis net die tydelike en veranderlike dinge wat tel.

Maar ook is die veroordeling van oormatige individualisme goed te verstaan. Ons behoef maar net te dink aan die verskillende groepe van Gereformeerdes. Inpleks van om as een man vir die gesamentlike belydenis op te kom en deur noue aaneensluiting die geloof om te sit in praktiese dade, heers orals op kerklike gebied verbittering en teenwerking as 'n oortuiende bewys van gebrek aan eenheidsbesef. Die huweliksband, wat volgens christelike opvatting gelê word deur die Here, en wat as sulks moet geld as 'n onbreekbare verbintenis vir die hele lewe, word by die minste moeilikheid losgemaak om te voldoen aan die individuele begeerte na uitlewing. Die groot wêreldoorlog het behoeftes geskep en verskerp in alle stande van die maatskappy waarvoor geen afdoende bevrediging meer te vind is nie en waardeur 'n algemene ontevredenheid en begeerlikheid opgewek word wat die gees veels te veel rig op stoflike belangejag wat tog nooit die regte voldoening en lewensvreug kan skenk nie. Die uitbreiding van die onderwys in alle rigtinge het by 'n groot deel van ons teenswoordige jeug 'n valse besef



van eiewaarde gekweek, waardeur ons jong mense gaan spot met die heilsame tug en ryp insig van ouers en onderwysers voordat die breidel van eie insig en ondervinding daarvoor in die plek kan kom as 'n rem op die roekelose volg van eie lus en wil. Die oorskatting van die intellektuele element in die lewe het die hart koud en die hoof heet gemaak. Deur die radio en film maak ons kinders kennis met die volle lewe in al sy vertakkings waaraan geredelik die egte genot en onskuld van die jeug opgeoffer word.

Ook op politieke gebied sien 'n mens dieselfde gebrek aan eenheidsgevoel vorentoe kom in die eindelose versplintering van partyformasie. Die reg het maar al te dikwels deur formalistiese-positivistiese abstraksie en deur sy dor-skematiese inhoud die verband met die volksiel verloor. Die kuns onder die vals leuse van: „die kuns om die kuns" en met sy naturalistiese rigtinge, steek die draak met elke sedelike en sosiale deug en het daardeur inplaas van 'n koesterende en verheffende seën maar al te dikwels 'n vervuilende vloek vir die volkslewe geword. Nee, dis nie oordrewe nie wanneer ons toegeroep word dat daar baie is wat om hersiening en vernuwing vra. Daar is regtig behoefte aan meer besef van eenheid, meer orde en tug en groter waardering vir die intuïtiewe element in die lewe.

Waar ons nou gekom het met die kultuurkrisis daar het ons gekom onder die leiding van die soewereine individuele mens en sy soewereine rede. Die s.g. nuwe kultuurvoorstanders wil ons nou plaas onder die beskerming van die soewereine volks- en staatsgemeenskap met sy soewereine instinkte. Maar hulle vergeet dat die mensegemeenskap presies net so verdorwe van natuur is as die enkele mense waaruit dit saamgestel is, en die menslike instink is deur die sonde nog dieper verkanker as sy denkende verstand.

Dog laat ons nou wat meer in besonderhede tree. En allereers stel ons die vraag: hoe staan die nuwe kultuur- en staatsrigtings teenoor die allerbelangrikste faktor en die allerhoogste goed in die lewe, naamlik die godsdiens? Vir die kommunisme is op hierdie vraag gemaklik 'n antwoord te gee. Dit wens 'n algehele uitdelging van alle godsdiens sowel uit die persoonlike as uit die gemeenskapslewe. Dit word gedoen deur die geestelike wapen van hoon en spot en deur die stoflike wapen van rue geweld. Die fascistiese en nasionaal-sosialistiese rigtings wens egter die godsdiens nie heeltemal uit te sluit nie, maar dan moet dit 'n godsdiensvorm wees wat pas by die

nuwe staatsbegrip. Van meer belang is egter hoe genoemde strominge hulle stel teenoor die christendom. En nou is die vraag spoedig beantwoord. Die mees konsekwente geeste is van oordeel dat die christendom glad nie pas by die totaliteitsbeginsel nie, omdat dit leer dat aan Christus alle mag gegee is in hemel en op aarde. Nou word die eis gestel om terug te keer na 'n heidense godsdiensvorm wat deur sy inhoud en morele strekking verenigbaar is met die nuwe lewensbeskouing. Prof. Karl Barth: „De Kerk en het Derde Rijk," sien van uit die christelike geloof se standpunt die nasionaal-sosialisme as die grootste gevaar van ons tyd. Vir hom is dit as politieke eksperiment en as religieuse heilinstelling beslis anti-christelik. Hy noem dit selfs 'n nuwe Islam, waarvan die Mythos optree as 'n nuwe Allah, terwyl die „Leier" bestempel word as sy profeet. Volgens hom beteken dit die dood van alle christendom, alle reg, alle vryheid. Daarom moet die Kerk biddend hom klaarmaak en hom uitspreek „vóór gewapend verzet tegen het voortschrijden van de opheffing van elk recht staatsbestel." Voorwaar 'n seldsaam kragtige profetiese woord. Daar is egter verskil van opvatting. Volgens party voorstanders van die nuwe rigting behoort die godsdiensvorm van oud-Romeinse of oud-Germaanse aard te wees, terwyl ander die christendom sodanig wens te beperk in sy vryheid van beweging dat dit òf onskadelik word vir die nuwe kultuur, òf wel heeltemal daaraan diensbaar gemaak word. Ook in die laaste geval bly daar dus van die christelike godsdiens maar min oor.

En hoe staan nou die nuwe rigting teen die verstandelike lewe? Voordat ons hierop antwoord gee, gaan ons eers terug na die ou beproefde opvatting. Wie nie 'n verstokte rasionalis was, het steeds erken dat die diepste grond van ons menslike bestaan, die wortel self van die lewe, nie in die verstand lê nie. Die groot magte wat die lewe beheers, soos godsdiens, moraal, reg, wetenskap en kuns, bloei op uit die hart, nie uit die hoof nie. Maar alleen as 'n mens onmiddellik, as 'n selfstandige faktor, daarmee verenig die denkende verstand, om die regte weg te wys en die juiste maat te vind, kom 'n mens tot die gehele waarheid. Pas ons dit nou toe op die godsdiens, dan gaan voorop die elementêre, suiwere intuïtiewe belydenis dat die gees van God met ons gees getuig dat ons Sy kinders is. Maar as daar nie meer is as dit nie dan staan die deur oop vir alle buitensporighede van die religieuse gevoel, vir valse leer en verkeerde voorstellings. Die verstand alleen kan aan die hand van die Heilige Skrif deur verstandelike ontwikkeling hier



die juiste maat en ware rigting bepaal. „Die vrees van die Here," — dis die intuïtiewe element, — „is die beginsel van wysheid," maar ook nie meer as die beginsel nie. En so is dit op elke gebied van die lewe. Alle lewensuitings steun in hoogste en laaste instansie op intuïtiewe faktore, maar hulle kom alleen tot ontwikkeling en bloei as die verstandelike element daarmee selfstandig saamwerk.

Met hierdie ou en beproefde waarheid wil die nuwe kultuurrigting tans radikaal breek. Dis nou die aangebore instinkte van ras en bloed wat alles moet beheers. Die geloof het net 'n suiwere formeel-instinktiewe faktor geword sonder enige spoor van redelikheid. Op die verstandelik uitgewerkte waarheid van die inhoud van geloof kom dit nie langer aan nie. Dis net die onberedeneerde wilsdrif wat die mens en die volk groot maak.

Daarby het die jongste stroming van die nuwe staatsorde as die mees skitterende pêrel in sy kroon die „heroïsme" gestel wat die politieke magte aanprys as die hoogste doel in die lewe. En hierdie soort heldedom kan alleen bereik word deur aan sy s.g. nasionalistiese veginstink die vrye teuel te gee. Dog dit is 'n valse heldedom want 'n mens kan nie strewe na heroïsme nie. Die naam: held, is die prys wat die lewendes gee aan die gevallene, wat self van g'n heldedom geweet het nie.

Volgens die kommunisme vind 'n mens die suiwere volksinstinkte alleen by die proletariërs wat moord en dreiging blaas teen almal wat hulle nie met die rooi gardes kan verenig nie. Die fascistiese ideaal is die man, blakende van strydlus, wat glad g'n vrees vir die gevaar ken nie. Ook die heldedom van die nasionaal-sosialisme vind sy uiting in uitwendige kragsbetoon. Die geloofsheroïsme van die martelaar is volgens hierdie opvatting niks anders as lafheid en vlug vir die stryd nie. Die egoistiese instink moet nou vervang word deur die sosiale instink van die kuddedier, want daardeur word die mees ideale gemeenskapslewe verkry in die betekenis van selfwegsyfering en blinde gehoorsaamheid. Vir die man word as hoogste ideaal die slagveld gestel en vir die vrou word die kraambed aangeprys waardeur die heiligheid van die moederskap verlaag word tot 'n biologiese funksie in diens van die staat.

Die wil en die belang van die nasionale volkstaat, soos deur die diktator en sy volgstoet opgevat en vertolk, is die enigste maatstaf vir reg en moraal. Regsekerheid is alleen 'n volksbelang as dit onderwerp word aan die staatsbelang, soos die Leier dit sien, en die regters moet daarmee rekening hou. Dis die staats-

belang waarom alles draai. Die jong mense is hiervoor die beste materiaal om mee te werk omdat by hulle die instinkte nog die suiwerste werk en die minste deur verstandelike reëling bederf is. Hulle vorm die gedresseerde skares wat bedwelm geword het deur hoogmoed en magsaanbidding.

Met die wetenskap is dit maar dieselfde. Onder leiding van die Berlynse hoogleraar Werner Jaeger het daar 'n nuwe rigting opgekom, wat as die s.g. nuwe humanisme die klassieke ideaal wil red. Nie meer die antieke kultuurmens is die norm nie, maar die ou kultuur in sy geheel wat net heil sien in 'n alles-beheersende volkstaat. 'n Opsetlik daarvoor pasklaar gemaakte geskiedenis-beskouing word nou van hoër hand by die onderwys van die jeug voorgeskryf tot steun van die nasionale instinkte. Slegs as dienaar mag die christelike geloof nog sy intrek neem in die woning van die heidense kultuur.

Is dit reg? Kan die christelike leer kragtens sy basis en onveranderlike waardes vir die tydelike en die ewige lewe nie optree as heer en meester nie? Trag die s.g. totaliteitsvereerders nie die duiwel uit te dryf deur Beëlzebul nie? In tye van kultuurinsinking moet die regeneratiewe kragte nie geput word uit die oud-heidense beskawing nie, maar uit Gods Woord. In die kultuurkritiek mag geen ander maatstaf aangelê word nie as die Woord van God wat stand hou tot in ewigheid. En dit sal ons leer hoe ons denke en strewe moet wees en wat die essensiële is van die wesenlike humanisme, van die egte menslike.

Dan alleen sal aan ons duidelik word dat die mensekind in 'n onvoorwaardelike verpligting staan teenoor God, ons oorsprong en ons einddoel. Teenoor Hom vergaan die egoïsme, hou ons op ons self toe te behoor, en staan ons geheel en al ter beskikking van God en van almal wat Hy ons aangewys het om daar ons toewyding aan te gee. Die ewige belang, die Godsbelang, is alleen ruim genoeg om alle belange te omvat sonder om 'n enkele belang te beknel. Alleen die egoïstiese of selfsugtige belange, sowel van 'n enkeling as van 'n gehele volk, vind hier g'n plek nie omdat dit in stryd is met die onvoorwaardelike oorgawe wat ons aan God skuldig is. Die menslike belang behoort bepaal te word deur die verhouding van die mens tot God. Dan alleen vind ons 'n middelpunt vir alle belange, 'n toppunt vir die piramide van al die menslike betrekkinge waar die gehele maatskaplike lewe van moet uitgaan. So is dan in God en in Gods gemeenskap die enigste ware beginsel te vind van geheel die maatskaplike lewe.



En hoe meer in 'n kultuur die besondere gevoelens van verskuldig wees aan 'n ander hulle rangskik en voeg onder die beginsel van menslike afhanklikheid van die Oppermag van God, soveel suiwerder en vrugbaarder sal sig die begrip realiseer, wat vir alle kultuur onmisbaar is: dié van diens. En dit is dan 'n diens wat van God afgaan tot dié van die kleinste basie hier op aarde toe. Ja, dis 'n dienende liefde soos ons Groot Meester dit vir ons steeds gewys het. Die ontworteling van hierdie diensbegrip in die volksgees is die mees verwoestende aksie gewees van die oppervlakkige rasionalisme van die 18de eeu.

Van hierdie diensbegrip, wat die Heilige Skrif so duidelik omskryf, kom ons dan vanself tot die harmoniese ewewig van geestelike en stoflike waardes. Die ganse Skepping en al die Raadsbesluite van die Heilige God getuig van hierdie ideaal. Laat daar dan op aarde harmonie wees van die staatslewe af tot die gesinslewe toe. Dat daar dus ewewig mag wees tussen gemeenskap en individu, tussen volkswette en persoonlike inisiatief, tussen algemene en besondere welsyn, tussen produksie en verbruik, tussen verstand en hart en veral tussen christelikheid en nasionalisme. Die ideaal is en bly 'n wesenlike christelike staat.

A. WYPKEMA.

---

Het leven is: een krijgsbanier,
Door goed' en kwade dagen
Gescheurd, gevlekt, ontvallen schier,
Kloekmoedig voorwaarts dragen!

Het leven is: geen vreed' alhier,
Geen wapenstilstand vragen.
Het leven is: de kruisbanier
Tot in Gods handen dragen.

GUIDO GEZELLE.

## 'N WAARDIGE EGPAAR

Jacobus Johannes Hendrik Engelbrecht, geb. 1832 en sy vrou, Johanna Francina, geb. Minnaar, gebore 1843. 'n Waardige kerkraadslid, vroeër van Trichardsfontein. Met die kerkvereniging het hy trou op sy pos gebly en die regte en belange van sy Gemeente gehandhaaf.

Later het hulle in die distrik Waterberg gewoon. Hierdie portret is geneem in 1922 met die inwyding van die kerk op Nylstroom toe albei nog geleef het.

S. P. E.



## VIR DIE KINDERS.

Met verlange sien ons uit na die dag wanneer ons die Gesange in Afrikaans sal kan sing. Die werksaamhede van die Kommissie vir die Gesangberyming het weer ons belangstelling vir ons mooi Gesange verlewendig. Ons hoop dat die Afrikanervolk ons Gesange altyd in ere sal hou, en nooit sal toelaat dat hulle verdring sal word deur liedere wat nie kan aanspraak maak op dieselfde deeglikheid, innige vroomheid, hoogstaande letterkundige waarde en diepte van gevoel nie. Dit sal seker ons waardering van ons Gesange verhoog as ons weet hoe hulle ontstaan het. Dit is natuurlik onmoontlik om in hierdie stukkie 'n volledige beskrywing te gee van die ontstaan van al ons Gesange. Ons wil hier maar net een en ander meedeel in verband met die ontstaan van 'n paar Gesange. Ons wil dié probeer kies wat die kinders sal interesseer. Ons doen dit aan die hand van „Ons Kerkboek" van dr. H. H. Barger.

Soos te verwagte is, is baie van ons Gesange geskryf deur predikante. Gesang 7: „Op bergen en in dalen," is deur ds. Van den Berg, predikant van Arnhem geskryf. Hierdie Gesang was in ons land altyd een van die geliefkoosde Gesange. Hoeveel maal het hierdie Gesang nie ons voorouers bemoedig en gesterk nie, waar hulle so dikwels moes swerf oor berge en deur dale. Aan ds. Rutgers, van Haarlem, het ons Gesang 96 te danke, terwyl Gesang 180: „'k Wil U o God mijn dank betalen," van ds. H. A. Bruining, predikant van Veere, is. Nie al ons Gesange is egter van predikante nie. Baie van die Gesange het ons te danke aan geneeshere, aptekers, boekhouers, handelaars, ens. Gesang 77, „Waak, Christen! Waak, blijf in 't geloof," is geskryf deur 'n fabrikant. Besonder interessant is die geskiedenis verbonde aan 'n paar van die Gesange.

Pieter Leonard de Kastele het geleef in die onrustige tyd van die Bataafse Republiek. Eers was hy 'n sterk aanhanger van Willem V, maar later is hy beskuldig dat hy medepligtig was aan die moordaanslag op die prinses van Oranje. Hy het toe omgeswaai en het 'n vurige patriot geword. Later het hy as staatsraad onder die bestuur van Lodewyk gedien. Hierdie politieke rondspringery het sy vriendskapsband met Hieronymus

van Alphen verbreek. Van een van hulle is Gesang 22. Die tweede vers is veral veelseggend.

Ieder woelt hier om verandering,
en betreurt ze dag aan dag.

Aandoenlik is die geskiedenis verbonde aan Gesang 17. „Wie maar den Goeden God laat zorgen." George Neumark het in 1653 in Hamburg gewoon. Hy het in die regte gestudeer, maar dit het hom so teen die bors gestuit dat hy dit opgegee het. Hy het 'n kamer gehuur waar hy in die grootste armoede geleef het. Die huismense waar hy die kamer gehuur het, het niks van hom geweet nie, behalwe net dat hy besonder mooi viool kon speel. So mooi het hy gespeel, dat mense dikwels voor sy kamer saamgedrom het om hom te hoor speel. Sy armoede was egter so groot dat hy een na die ander sy paar besittings moes gaan verpand by die pandjieswinkel, om sodoende geld te kry om sy kamerhuur te betaal, en kos te koop. Die huisvrou het sy armoede opgemerk, en hom eendag gevolg en gesien dat hy sy besittings verpand. In haar armoede het sy hom af en toe van kos voorsien. Sy kon egter nie veel doen nie, en die honger het hom eindelik gedryf om sy geliefde viool te gaan verpand. Laat die nag kom hy by die pandjies Jood, Nathan Hirsch, aan, en voor hy sy viool afgee, speel hy eers 'n afskeidslied. Toe hy buite kom ontmoet hy 'n man wat na sy musiek staan en luister het, en diep onder die indruk daarvan gekom het. Die man word sy vriend, en help hom aan 'n betrekking as sekretaris van die Deense gesant. Dit was vir hom 'n uitkoms. Met die eerste geld wat hy verdien het, het hy sy viool gaan los. Toe hy tuis kom het hy dadelik begin speel en sing. Die lied wat hy daar uit die dankbaarheid van sy hart gesing het, was Gesang 17, Wie maar den Goeden God laat zorgen . . . .

Ook die oorsprong van Gesang 83 is interessant. C. F. D. Schubart (oorlede 10 Okt. 1791), was 'n man met 'n swak karakter. Hy kon sy hartstogte nie bedwing nie. Uiteindelik het hy in die tronk beland, waar hy 'n vonnis van 10 jaar moes uitdien. In die gevangenis het die berou oor sy sonde hom oorweldig. Gesang 83 was die gevolg. Hoeveel maal het ons nie al gesing:



Heer waar dan heen,
Tot U alleen,

en ook

Ja, Amen ja,
Op Golgotha,
Stierf Hij voor onze zonden,
En door Zijn bloed,
Wordt ons gemoed,
Gereinigd van de zonden.

Van dr. Jan Scharp, predikant te Rotterdam, is Gesange 78, 39, 52, 61, 123, 155. Hy was 'n vurige voorstander van die herstel van die stadhouderlike bewind van Oranje. Hy het verkies om liewer afgeset te word as om te belowe dat hy nie meer daarvoor sou ywer nie. Sy oortuiging kom dan ook mooi uit in Gesang 78, wat as opskrif het: „De ware Christen de beste Burger."

In die hele Gesangbundel vind ons net een Gesang van Roomse oorsprong, nl. Gesang 3. Dit is die bekende *Te Deum Laudamus*. Die Roomse kerk het hierdie pragtige lied wel in ere gehou, maar ook dikwels misbruik. In Weenen is dit deur die Roomse gesing toe die tyding ontvang is dat die protestantse koning Gustaaf Adolph gesneuwel het. Ook na die bloedbruilof in Parys, waar duisende onskuldige protestante wreed vermoor is, het die Pous beveel dat hierdie lied plegtig as dank aan God gesing moes word. Vir die Hervormers was hierdie lied ook kosbaar. Die eerste martelare vir die Hervorming in Nederland, Hendrik Voes, en Johannes van Essen, het met hierdie lied op hul lippe in die vlamme weggesink. Toe Jan de Bakker na die strafplaas weggelei is, het hy nog die gevangenes wat in die kerker gesit het, hierdie lied hoor sing. Daarmee het hulle hom nog versterk. Ons kan ons voorstel wat 'n indruk die 2e vers moes gemaak het.

U looft de Apostelschaar in heerlikheid, o Heer!
Profeten, Martelaars vermelden daar Uw eer.
Door heel Uw Kerk, wordt steeds daarboven,
hier beneden,
In strijd en zegepraal, Uw grote naam beleden,
Zij looft o Vader! U oneindig in vermogen,
Onpeilbaar in verstand, onmeetbaar in meedoogen.

Ons verheug ons dat ons hierdie heerlike loflied in ons bundel het. Dit bring die heldere volle lig van die Nuwe Testament in die kerkgesang. Luister maar.

U Vader! U zij lof op een verhoogden toon,
Lof Uwen Eigenen, Uw Eengeboren Zoon!
Lof Uwen Geest, die ons ten Trooster is gegeven,
Ten Leidsman op den weg naar het eeuwig zalig leven!
U looft Uw Kerk alom, waar Gij die ook vergaarde,
U loov' wat loven kan, in hemel en op aarde.

M. R. OOSTHUIZEN.

---

Als ik Hem maar kenne,
Hem de mijne weet,
Als mijn hart zich Hem gewenne,
Nimmermeer zijn trouw vergeet,
Vrees ik niet voor lijden,
Voel slechts deemoed, liefde en verblijden.

Alles laat ik varen
Waar Hij mij behoort.
Als een pelgrim door gevaren
Trek ik met mijn Heiland voort.
Nu gaan al mijn wenschen
Boven 't licht en bont gewoel der menschen.

Waar ik Hem mag leven
Is mijn vaderland.
Elke gave, mij gegeven,
Valt als erfdeel in mijn hand.
Broeders, lang verloren,
Vind ik in zijn jongeren herboren.



# Die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika.

---

Die Algemene Kerkvergadering van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika kom gewoonlik al om die derde jaar bymekaar (Art. 14 van die Kerkwet), en bestaan uit al die diensdoende predikante, en hoogstens twee ouderlinge en een diaken uit elke gemeente, asook die Professore in die Teologie vanweë die Ned. Hervormde Kerk, en die emeriti-predikante, beide met adviserende stem (Art. 11). Die laaste Algemene Kerkvergadering is in Mei 1937 gehou.

---

Die Algemene Kerkvergadering het die volgende benoemings gedoen:

*Die Kommissie van die Alg. Kerkvergadering*:
Voorsitter: ds. J. J. Prinsloo (Rustenburg).
Vise-Voorsitter: ds. A. J. G. Oosthuizen, sek. ds. S. Vermooten.
Skriba: ds. T. F. J. Dreyer, sek. ds. A. J. Barger;
Vise-Skriba: ds. J. G. M. Dreyer, sek. ds. D. F. Erasmus;
Ouderlinge: N. Prak, sek. P. D. Jacobs; J. A. Wondergem, sek. —; B. Fouché, sek. T. Pistorius, sek. J. D. Reyneke; J. H. Vorster; T. F. Dreyer, sek. C. P. Engelbrecht.

---

*Die Finansiële Kommissie*: dr. B. de Loor, di. A. J. G. Oosthuizen, W. J. Kemp, dr. C. H. Rautenbach, ds. A. Ras.

---

*Die Kuratorium*: di. T. F. J. Dreyer, J. J. Prinsloo (Rustenburg), J. G. M. Dreyer, A. J. Barger, A. J. G. Oosthuizen, dr. B. de Loor, J. P. Prinsloo.

---

*Die Kommissie vir die Jeug*:
Di. A. J. Barger (oproeper), P. W. Venter, J. D. Storm, L. M. le Roux; Ouderlinge S. J. Botha en B. Fouche.

---

*Die Weeshuiskommissie*:
Di. A. J. G. Oosthuizen, P. S. Grobler, J. J. Prinsloo Gsn., J. J. Prinsloo Jsn., P. J. Smit, oud. G. N. Pieterse en mev G. Ockeloen, mev. J. Ruyssenaers, en mev. M. Oosthuizen.

---

*Die Kommissie vir Die Hervormer en die Almanak*:
Di. Joh. Dreyer, T. F. J. Dreyer, prof. dr. S. P. Engelbrecht, prof. dr. B. Gemser, mnr. J. van Melle.

*Die Regskommissie*:
Prof. dr. J. H. Greyvenstein, ds. J. J. Prinsloo (Rustenburg), en prof. dr. D. Pont.

---

*Die Kommissie vir die Erediens*:
*Die Kommissie vir Arme-Blankes en Diakonale Versorging*:
Ds. S. Vermooten, dr. C. H. Rautenbach, di. D. S. Erasmus, A. Ras en G. P. J. Grobler.

---

*Argivaris*:
Prof. dr. S. P. Engelbrecht, 164 Lisdoganlaan, Pretoria.

---

*Gesangberymingskommissie*:
Prof. dr. B. Gemser (voorsitter), di. J. G. M. Dreyer, T. F. J. Dreyer, dr. H. C. M. Fourie, dr. A. Coetzee, dr. T. Buning en H. C. de Kock.

---

*Kommissie vir die vertaling van die Formuliere en Liturgiese Geskrifte*:
Ds. E. S. Mulder (oproeper), prof. dr. S. P. Engelbrecht, prof. dr. B. Gemser, di. J. G. M. Dreyer, D. F. Erasmus, M. M. Grobler, dr. A. van Selms.

---

*Kommissie vir die Ned. Hervormde Kerksaal*:
Di. F. J. Z. Booysen (oproeper), S. P. J. J. van Rensburg, W. J. Kemp, S. P. Viljoen, J. C. du Plessis.

---

*Kommissie tot bestryding van sektariese Geestesstrominge*:
Dr. H. P. Wolmarans (oproeper): di. J. G. M. Dreyer, P. S. Grobler, W. F. Huyzers, J. J. Engelbrecht en W. M. Wolmarans.

---

*Die Kommissie vir Opvoeding en Onderwys*:
Prof. dr. S. P. Engelbrecht, prof. dr. H. P. Wolmarans, di. J. J. Prinsloo Jsn., A. Oosthuizen, dr. C. Rautenbach.

---

*Die Kommissie vir die van-huis-tot-huis-kollekte*:
Di. J. J. Prinsloo (oproeper), J. J. Prinsloo Gsn., P. S. Grobler, J. C. du Plessis, P. J. Smit, W. F. Huysers; Ouderlinge: G. N. Pieterse, J. F. Bolton en A. W. Heyneke.

---

*Die Kommissie vir hulpaksie vir Protestantse Kerke en Evangeliese instellings in Europa*:
Prof. dr. B. Gemser, di. W. F. Huyzers, S. P. Viljoen; Ouderlinge: P. D. Jacobs en Van Rooyen.

---

*Boekverspreidingskommissie*:
Di. G. C. Coetzee (oproeper) W. J. Kemp, J. C. du Plessis, L. M. le Roux, ouderling T. C. Erasmus.



*Administrateur*:
Mnr. J. H. H. Janson, Posbus 19, Dullstroom, Kantoor: Oranje Nassaustraat, Dullstroom.

---

*Kerklike Publikasies*:
Die Almanak, verskyn jaarliks. Prys 1/-.
Die Hervormer, 2/6 per jaar.
Ons Jeugblad.

---

## KAAPSE PREDIKANTE VOOR 1814.

1665 Johan van Arckel, Kaapstad 1665, oorlede 12 Jan. 1666.
1666 Johannes de Vooght, Kaapstad 1666, na Batavia 1666.
1666 Petrus Wagtendorp, Kaapstad 1666, oorlede 15 Feb. 1667.
1667 Adrianus de Vooght, Kaapstad 1667, na Batavia 1674, oorlede 1674.
1674 Rudolphus Meerlandt, Kaapstad 1674, na Batavia 1676, oorlede 1699.
1676 Petrus Hulsenaar, Kaapstad 1676, oorlede 16 Des. 1677.
1678 Johannes Overnei, Kaapstad 1678, oorlede 4 Mei 1687.
1687 Johannes van Andel, Kaapstad 1687, na Batavia 1689, oorlede 1690.
1688 Piere Simond, Drakenstein 1688, na Holland 1702.
1689 Leonardus Terwoldt, Kaapstad 1689, na Batavia 1693.
1694 Hercules van Loon, Kaapstad 1694, na Batavia 1695, Stellenbosch 1700, oorlede 26 Junie 1704.
1695 Petrus Kalden, Kaapstad 1695, na Holland 1708, Ceylon 1722—1737.
1702 Henricus Beck, Drakenstein 1702, Stellenbosch 1707, Kaapstad 1726, emeritus 1731, oorlede 1757.
1707 Engelbertus Franciscus le Boucq, Drakenstein 1707, na Batavia 1708, oorlede 1748.
1708 Johannes Godefridus d'Ailly, Kaapstad 1708, oorlede 1726.
1714 Petrus van Aken, Drakenstein 1714, oorlede 1724.
1723 Lambertus Slicher, Kaapstad 1723, Drakenstein 1725, oorlede 1730.
1729 Franciscus le Sueur, Kaapstad 1729, emeritus 1746, oorlede 1757.
1731 Johannes Wilhelmus Hersogenraad, Drakenstein 1731, oorlede 27 April 1736.
1732 Henricus Cock, Kaapstad 1732, na Holland 1742, oorlede 1777.
1732 Salomon van Echten, Stellenbosch 1732, Drakenstein 1738, na Holland 1753, oorlede 1771.
1738 Wilhelm van Gendt, Stellenbosch 1738, oorlede 14 Oktober 1744.
1743 Arnoldus Mauritius Meyring, Tulbagh 1743, oorlede 1757.
